

DIE OPSTEL, EVALUERING EN VOORLOPIGE TOEPASSING

VAN 'N WAARDEVRAELYS VIR MATRIEKLERLINGE

deur

MIGNON CORINNE DE KOCK (geb. Raath),
B.A. (U.S.), B.Ed. (U.N.), HONNS-B.A.
(UNISA)

V E R H A N D E L I N G

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

SIELKUNDE

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Leier: Prof. L.A. Gouws

Potchefstroom

Januarie 1971

DEEL III

BIBLIOGRAFIE EN AANHANGSELS

BIBLIOGRAFIE (i)-(xxx)

BYLAE I

Voortoetse (i)-(xxxiv)
Sleutel tot Waardes verteenwoordig
in die items van die Voortoetse (xxxv)-(xxxvi)
Sleutel tot Waardekombinasies van
die Voortoetse (xxxvii)-(xxxviii)

BYLAE II

Eksperimentele Toets:

Instruksies (i)-(iii)
Vrae (i)-(xxii)
Antwoordblad (i)-(ii)
Sleutel tot Waardes wat deur elke item
verteenwoordig word (i)
Waardekombinasies soos dit voorkom in
die 195 items (i)

BYLAE III

Gemiddelde punte per item (i)-(ii)

BYLAE IV

Korrelasies tussen al die items en al die
waardes (i)-(xii)

BYLAE V

'n Grafiese vergelyking van die Waarde-
verspreidings van die Eksperimentele
en Finale Toetse (i)-(iii)

BYLAE VI

'n Grafiese vergelyking van die Waarde-
verspreidings van een groep (N=80)
wat hertoets is (i)-(iii)

BYLAE VII

Hertoets- en oorspronklike toetspunte van
Groep I (albei gesuiwer) en die korrela-
sies tussen die twee stelle punte (i)-(ii)

BYLAE VIII

Handleiding vir die interpretasie van toet-
stellings vir die Waardevraelys vir
Matriekleerlinge (i)-(iii)

(Finale Toets-) Waardeprofile vir die seuns- en dogtersgroepe	(i)-(ii)
--	----------

BYLAE IX

Die Finale Toets	(i)-(xxvii)
Sleutel tot die Finale Toets	(i)-(iii)

DEEL I

DIE PROBLEEM EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

HOOFSTUK I - INLEIDING EN BEGRIPSOMSKRYWING

A. Inleiding:

Die studie van waardes vorm 'n baie belangrike deel van die sosiale wetenskappe in die algemeen en van die Sielkunde in die besonder. Sonder kennis van 'n persoon se waardes kan ons nooit beweer dat ons daardie persoon ken nie; al het ons ook watter deeglike studie van al die ander aspekte van sy persoonlikheid gemaak. In G.W. Allport se taal word waardes dan ook gedefinieer as "deeply propiate dispositions," (1, p.454) en is hulle 'n aanduiding van die toekoms wat 'n persoon vir homself (en ander) probeer skep; van die wat hy as reg, goed en verkieslik beskou; van sy ego-ideaal. Volgens Royce (28, p.103) is waardes die brug tussen die betekenis wat 'n individu aan dinge heg en sy persoonlikheid; is sy waardestelsel dus die sleutel tot sy self-konsep of die betekenis wat hy aan die lewe heg. Elke mens het dan ook, volgens bogenoemde sowel as ander teoretici, 'n waardehiërargie wat hy as 'n gids of raamwerk volg vir die ordening van sy gedrag. Die waardes waaraan hy die meeste betekenis heg, sal dus aan die toppunt van sy hiërargie staan en hom die sterkste beïnvloed.

Soos later aangetoon sal word, is daar reeds empiries bewys dat ons waardes tot 'n groot mate ons persepsie beïnvloed (sien o.a. Goodman en Bruner (69)). Dit is egter nie 'n nuwe idee nie, want die rasionaal agter projektiewe kliniese toetstegnieke soos die Rorschach, T.A.T., ens. is juis dat ons persepsie en

VOORWOORD

Die skryfster wil hiermee van die geleentheid gebruik maak om die volgende persone en instansies te bedank wie se hulp en raad die aanpak en voltooiing van hierdie verhandeling moontlik gemaak het.

Prof. L.A. Gouws (my leier) en Prof. T.A. van Dyk van die Departement Sielkunde, P.U. vir C.H.O., vir hul waardevolle leiding en aanmoediging.

Dr A.J. van Rooy en sy medewerkers van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir waardevolle raad, hulp en kritiek.

Mnr. N.G. de Kock (my eggenoot) vir sy aanmoediging, wenke en professionele hulp (as rekenaarwetenskaplike) met die verwerking van die toetsresultate.

Die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming verleen tot, en die betrokke skoolhoofde, voorligtings-onderwysers en leerlinge vir hul samewerking verleen tydens die toepassing van die toetse.

Mev. H.E.S. Boshoff (my tante) vir finansiële hulp verleen terwyl ek voltyds besig was met hierdie navorsingswerk.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir geldelike bystand ten opsigte van koste vir hierdie navorsing. (Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is egter vanselfsprekend slegs dié van die skryfster en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.)

Mej. N.A. Davies wat onder moeilike omstandighede en met groot persoonlike opoffering verantwoordelikheid aanvaar het vir die tik en duplisering van die grootste gedeelte van hierdie verhandeling.

Mej. J. van Niekerk, mev. S. Wilcocks en mev. M. Roos wat die res van die tikwerk behartig het.

Alle skrywers/skryfsters van die artikels e.a. geraadpleegde bronne agter in die literatuurlys vermeld, asook alle vriende met wie ek vrugbare gesprekke kon voer en wenke kon kry oor die onderwerp.

Alle ander persone of instansies wat direk of indirek gehelp het met die afrol, bind en verdere

afronding van die verhandeling; asook diegene wat
ander noodsaaklike take verrig het ten einde dit
vir my moontlik te maak om voldoende tyd en aandag
aan hierdie navorsingswerk te bestee.

- Mignon C. de Kock

Januarie 1971

INHOUDSOPGAW

DEEL I

DIE PROBLEEM EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

HOOFSTUK I : INLEIDING EN BEGRIPSOMSKRYWING

A.	Inleiding	1
B.	Definisie van die begrip „waarde“ e.a. ver- wante begrippe	4
(i)	G.W. Allport e.a.	4
(ii)	Cantril e.a.	5
(iii)	Grace & Grace & Borsodi	6
(iv)	Woodruff	6
(v)	Joshi & Joshi e.a.	8
(vi)	Rosenberg	8
(vii)	Barton	9
(viii)	P. Jacob e.a.	9
(ix)	Welkowitz & Cohen	10
(x)	Morris	10
(xi)	Bills, Vance & McLean	11
(xii)	C. Cluckhohn e.a.	12
(xiii)	Joubert	14
(xiv)	McNemar	14
(xv)	Linton, Pumphrey, Goldstein, Lee & Piaget	14
(xvi)	J. Tisdale	15
(xvii)	Samevatting	17
C.	Die ontstaan en ontwikkeling van waardes	18
(i)	Waardes en verskille in agtergrond ...	19
(ii)	Waardes en ouderdomsverskille	21
(iii)	Waardes en geslagsverskille	23
(iv)	Waardes en verskille in liggaamsbou ..	23
(v)	Waardes en kulturele (algemene volks- groeps-) verskille	24
(vi)	Waardes en standverskille	29
(vii)	Waardes en godsdienstige verskille ...	29
(viii)	Waardes en persoonlikheidsverskille ..	30
(ix)	Waardes en rassevooroordeel	32
(x)	Waardes en empatie	32
(xi)	Waardes en intellektuele openheid	33
(xii)	Waardes en geestesafwykinge	33
(xiii)	Waardes en morele ontwikkeling	34
(xiv)	Konstantheid van waardes	36
(xv)	Bewustheid van waardes	36
(xvi)	Samevatting	37

HOOFSTUK II : DIE TEORETIESE AGTERGROND VAN WAARDETOETSE

'n Bespreking van die belangrikste Waarde- (en verwante) tipologieë.

(i)	Inleiding	38
(ii)	Tipologieë wat berus op verskille in ligaamsbou en temperament (Hippokrates, Kretschmer, Sheldon)	38
(iii)	Jung se psigiese funksie-tipologie	39
(iv)	Royce se psigo-epistemologiese tipo- logie	40
(v)	Horney en Fromm se sosiaal-sielkundige tipologieë	41
(vi)	Edwards se motiveringstipologie	42
(vii)	Super se algemene sielkundige en waarde- faktore	43
(viii)	Thurstone (en Strong) se algemene be- langstellingsfaktore	44
(ix)	Guilford et al se basiese belangstel- lingsdimensies	44
(x)	Kuder se algemene belangstellingsrig- tings en werksituasie-voorkeure	45
(xi)	Creegan se twee waardetipes	46
(xii)	Stern, Stein en Bloom se tipologie	47
(xiii)	Die McCords se „gewetens“-tipologie ...	49
(xiv)	Gorlow en Noll se empiries-verkreë waardetipologie	51
(xv)	Egbert se waardetipologie	54
(xvi)	Wickert se algemene begeertes en doel- stellings	55
(xvii)	Rosenberg se (beroeps-) waardetipologie	55
(xviii)	Morris se dertien lewensweë (asook die vyf algemene waardefaktore en die pri- mêre persoonlikheidskategorieë hieruit afgelei)	57
(xix)	Variasies op die Morris-tipologie	61
(xx)	Spranger se waardetipologie	63
(xxi)	Variasies op die Spranger-tipologie ...	68

HOOFSTUK III : DIE METING VAN WAARDES

A.	Nut en doel	74
(i)	Inleiding	74
(ii)	Persepsie	74
(iii)	Woordassosiasie	75
(iv)	Keuse van leesstof	75
(v)	Kleredrag	75
(vi)	Konsepsie van die ideale persoon	75
(vii)	Keuse van 'n leier	76
(viii)	Tevredenheid	76
(ix)	Stem	77
(x)	Handskrif	77
(xi)	Estetiese smaak	77

(xii)	Terapeutiese sukses	77
(xiii)	Akademiese prestasie	78
(xiv)	Keuse van vriende en huweliksmaats ..	78
(xv)	Vak- en Beroepskeuse	80
(xvi)	Samevatting	91
B.	Voordele en Nadele van Waardetoetse	91
(i)	Nadele	91
(ii)	Voordele	94
C.	Faktore om in gedagte te hou by die opstel van Waardevraelyste	95
(i)	Algemene reëls vir die opstel en afneem van waardevraelyste	95
(ii)	Itemontleding	101
(iii)	Responsanalise	102
(iv)	Berekening van die diskriminasie-indeks	103
(v)	Betroubaarheid van Waardevraelyste of -toetse	106
(vi)	Geldigheid van Waardevraelyste of -toetse	108
D.	'n Bespreking van die belangrikste Waardetoetse	110
(i)	Die Allport-Vernon-Lindzey "Study of Values"	110
(ii)	Betroubaarheid van die A.V.L.	111
(iii)	Geldigheid van die A.V.L.	113
(iv)	Kritiek op die A.V.L.	116
(v)	Variasies van die A.V.L.	116
(vi)	Morris se "Ways to Live"	127
(vii)	Betroubaarheid van die Morris-toets .	127
(viii)	Geldigheid van die Morris-toets	128
(ix)	Kritiek op die Morris-toets	128
(x)	Variasies van die Morris-toets	129
(xi)	Wickert se toets	130
(xii)	Egbert se "Study of Choices"	131
(xiii)	Woodruff se "Study of Choices"	131
(xiv)	Bills, Vance en McLean se "Index of Adjustment and Values"	132
(xv)	Royce, Smith et al se "Psycho-Epistemological Profile"	133
(xvi)	Gorlow en Noll se toets	133
(xvii)	Die McCords se "Morele Beslissings-toets"	134
(xviii)	Stern, Stein en Bloom se "Activities Index" en "Inventory of Beliefs"	135
(xix)	Joshi & Joshi se "helde-voorkeur" toets	135
(xx)	Kuder se "Preference Record (Personal)	136
(xxi)	Thorndike se toets	136
(xxii)	Carter se toets	137

HOOFSTUK IV : MOTIVERING EN DOEL VAN DIE HUIDIGE ONDER-
SOEK EN 'N EIE TEORIE RAKENDE WAARDE-
TIPOLOGIE

A. Motivering en doel van die ondersoek	138
B. 'n Eie teorie rakende Waardetipologie	140

DEEL II

METODE VAN ONDERSOEK EN RESULTATE

HOOFSTUK V : DIE VOORTOETSE

A. Opstel van die Voortoetse	145
B. Toepassing van die toetse	149
C. Ontleding van die toetse	150
D. Resultate van die Voortoetse	153

HOOFSTUK VI : DIE EKSPERIMENTELE TOETS

A. Itemseleksie	164
B. Metode van bepunting	166
C. Toepassing van die Eksperimentele toets	169
D. Statistiese berekeninge	171
E. Resultate	175

HOOFSTUK VII : DIE FINALE TOETS

A. Itemkeuring en -seleksie	182
B. Nuwe Toetsitems	186
C. Finale Toetsitems	189
D. Wysigings in bewoording van items	193
E. Berekeninge uitgevoer met die finale toets, en die resultate daarvan	196
(i) Geldigheid	196
(ii) Waarde-gemiddeldes en -verspreiding.	199
(iii) Betroubaarheid	202

HOOFSTUK VIII : SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN SLOT

A. Samevatting	205
B. Aanbevelings en slot	209

kognitiewe funksionering tot 'n groot mate beïnvloed word deur ons motiverende behoeftes. Royce et al se „Psigo-epistemologiese toets“ ⁽¹³⁸⁾ berus dan ook op hierdie aanname.

Belangrike besluite soos die keuse van 'n huweliksmaat, die keuse van 'n beroep, ens., berus eweneens op die betrokke individu se waardestelsel, en die tevredenheid wat so iemand dan later ondervind in sy beroep en in sy huwelik hang dus grootliks af van die mate waarin sy keuse ooreenstem met sy waardestelsel (soos ons later uit empiriese bewyse sal sien).

Ook 'n persoon se volwassenheid en geestesgesondheid hang hiervan af; want iemand wat onvolwasse is, het gewoonlik geen duidelike waardepatroon nie, en iemand wat neuroties is, is iemand wat 'n waardepatroon aanvaar het wat teenstrydig is met sy aard en gevolglik sy potentiaal vir persoonlike groei in die wiele ry. Nie alleen teoretici en navorsers soos Royce is hierdie mening toegedaan nie, maar ook groot klinici soos Viktor Frankl en sy medewerkers ⁽⁹⁴⁾ wat hul hele terapie berus op dié beginsel en derhalwe hul pasiënte probeer help om hul verloënde waardestelsel te herontdek en weer daarvolgens te leef.

Waardes is nie iets waarmee 'n mens gebore word nie; jy leer dit aan met verloop van jare, bv., deur middel van die sosialisasieproses. Jou genetiese potensialiteite mag jou beperk in jou keuse, en so ook tot 'n groot mate die omgewingsfaktore wat op jou inwerk. Maar in laaste instansie is dit jyself wat, in interaksie met genoemde faktore, jou waardes kies en jou lewe daarvolgens instel. Hierdie proses is tot 'n groot mate onbewus, hoewel talle individue in mindere of meerdere mate bewus is daarvan. Die doel van terapie volgens sekere kliniese skole is dan ook om individue by wie die proses so onbewus was dat hulle in hul bewuste strewingslewe daarmee rekening verloor het, meer bewus daarvan te maak. Dit is verder ook

die doel van voorligting, naamlik om die individu te help om homself beter te begryp sodat hy meer realistiese keuses kan maak - veral wanneer hy groot besluite moet neem soos die keuse van 'n beroep of huweliksmaat. In eersgenoemde (terapie) is die doel dus terapeuties of regstellend, en in laasgenoemde (voorligting) voorkomend. Om hierdie rede het ons dus meer metodes nodig om individue bewus te maak van hul waardes, en kan objektiewe waardetoetse wat die relatiewe sterkte van 'n individu se verskillende waardes meet en sy waardepatroon vergelyk met dié van ander individue en groepe dus onder andere van groot nut wees in die voorligtingsprogram.

Ten opsigte van 'n mens se waardepatroon sê MacCurdy (110, p.1) dan ook dat die belangrikste verskille tussen individue hoofsaaklik te wyte is aan variasies in die klem wat ons lê op sekere belangstellings eie aan ons almal. Die meeste van ons het byvoorbeeld professionele, politieke, religieuse, huishoudelike, ontspannings-, estetiese en intellektuele belangstellings, ens., maar nie twee van ons sal hulle in dieselfde orde van belangrikheid stel nie. As ons nou die waardeskaal van 'n individu of groep akkuraat kon uitwerk, sou gedrag voorspelbaar wees, maar omdat min sielkundige gegewens omgesit kan word in presiese numeriese terme, en omdat dit wat ons meet ongelukkig net absoluut geldig is vir daardie spesifieke moment (want waardes, of die relatiewe belangrikheid daarvan, verander gedurig), is hierdie taak egter nie so maklik nie. Nogtans is dit ons plig om ten minste 'n poging aan te wend, want al kan geen waardetoets ooit voorgee om 'n absolute en konstante beeld van 'n persoon se waardestelsel te gee nie, kan dit ons minstens 'n aanduiging daarvan gee. Per slot van sake werk die Sielkunde oor die algemeen maar slegs met skattings en

benaderings, en ten spyte van hierdie nadeel het dit nogtans daarin geslaag om ons kennis van die menslike persoonlikheid aansienlik uit te brei.

Die huidige studie is dan ook onderneem met hierdie doel in gedagte. Die eerste deel daarvan sal gewy word aan begripsomskrywing, dit wil sê 'n bespreking van verskeie definisies en menings van die begrip „waarde.” Daar sal gepoog word om te onderskei tussen die term „waarde” en ander verwante begrippe, soos byvoorbeeld „belangstelling,” „houding,” ens.. Daarna sal die vernaamste waardetipologieë in die Sielkunde bespreek en geëvalueer en 'n alternatiewe tipologie wat op empiriese en rasonale gronde berus, daargestel word. Die nut en doel van waardemeting en die beginsels wat in gedagte gehou moet word by die meting van waardes sal daarna bespreek word, tesame met 'n bespreking en evaluering van verskeie bestaande waardevraelyste en verwante toetse. Hierop sal uiteindelik dan die motivering, doel en beskrywing van die huidige ondersoek volg, sowel as die resultate daarvan en die gevolgtrekkings wat daaruit afgelei kan word.

B. Definisie van die begrip „waarde” en ander verwante begrippe:

Die aantal teoretici in die Sielkunde en aanverwante dissiplines wat die begrip „waarde” gebruik en probeer definieer het, is te talryk en hul definisies te uiteenlopend om almal op te noem, maar daar sal gepoog word om ten minste die definisies van die belangrikste teoretici hier te noem en uit die punte wat hulle in gemeen het, 'n gangbare definisie te probeer opstel.

(i) G.W. Allport, e.a.: Allport verduidelik die begrip „waarde” deur dit 'n „proprieale” persoonlikheidstrekk te noem; iets wat 'n persoon se handelinge ten grondslag lê: "A value is a belief upon which a man acts by

preference. It is thus a cognitive, a motor, and, above all, a deeply propiæte disposition. (1, p.454),

(ii) Allport en Cantril: Allport en Cantril sê verder dat waardes (soos gemeet deur die "Study of Values") veralgemeende dinamiese persoonlikheidsdisposies is wat dié tipe response wat 'n individu maak op die verskeie situasies wat hy daagliks beleef, bepaal. Volgens hulle moet die waardes geïnterpreteer word as "self-consistent, pervasive, enduring, and above all, generalized traits of personality." (59, p.272) Volgens hulle demonstreer verskeie eksperimente dan ook 'n duidelike verhouding tussen waardes en gedrag: "They show that a person's activity is not determined exclusively by the stimulus of the moment, nor by a specific attitude peculiar to each situation which he encounters. The experiments prove, on the contrary, that general evaluative attitudes enter into various common activities of everyday-life, and in so doing help to account for the consistencies of personality." (59, p.272) En, volgens Cantril en Rand (36, pp. 15-16) (aangehaal deur Levy) dien resultate van grafo-logiese en ander studies as bykomende bewys dat die waardes wat deur die "Study of Values" gemeet word, 'n algemene persoonlikheidsoriëntasie reflekteer wat uitdrukking vind in alle persoonlikheidsfunksionering en in elke gedragsuitdrukking.

(iii) Cantril en andere: Volgens Cantril (58) is waardes dus algemene houdings wat spesifieke handelinge of houdinge ten grondslag lê. Cantril haal, ter verdere verduideliking, Bogardus aan wat sê dat 'n houding sowel kognitiewe, affektiewe as volisionele elemente insluit; asook F.H.Allport en Katz wat, op grond van 'n studie van die houdings van 4 248 studente bevind het dat mense se spesifieke houdings 'n konsekwente patroon volg wat dui op 'n onderliggende algemene beginselpatroon of meer algemene waardes. (Hulle het bv. bevind dat studente wat hoë waarde heg aan akademiese prestasie

min waarde heg aan sosiale lewe, uitblikking in sport, ens. - in so 'n mate dat die proefpersone in twee groepe ingedeel kon word, naamlik „institutionalists" en „individualists.") Ook Thurstone ⁽¹⁴⁸⁾ se ontdekking van breë, algemene belangstellingsfaktore (wat later bespreek word) sluit hierby aan.

(iv) Grace & Grace en Borsodi: Volgens G.L. en H.A. Grace ⁽⁹⁰⁾ is waardes ook predisposisies tot spesifieke handelwyses. R. Borsodi (53, pp. 433-439) stem min of meer hiermee saam as hy sê dat elke menslike handeling die refleksie is van 'n individuele waarde, en elke menslike instelling die uitgroei van 'n sosiale waarde. Volgens hom kan die mens dus nie ontkom aan die invloed wat op hom uitgeoefen word deur sy waardes nie; maar moet homself gedurig afvra of sy waardes geldig of ongeldig is (hulle is geldig indien hulle die lewe en/of vooruitgang van die individu en die groep bevorder, of eersgenoemde bevorder en laasgenoemde beslis nie benadeel nie.) Waardes word aangeleer ná geboorte en moet nie verwar word met oorgeërfde refleks-sensasies en handelinge (soos die pyn- en plesier-refleks) nie, want waardes (soos goed, kwaad, skoonheid, lelikheid, ens.) kan dikwels hiermee bots. Net soos waardes aangeleer word, kan dit ook afgeleer word en gevolglik verander deur middel van 'n proses van dekondisionering en herkondisionering van die onderbewuste (wat gewoonlik plaasvind deur middel van prosesse soos breinspoeling, subtiële advertensies, psigoterapie, ens.) Waardes moet ook nie verwar word met intellektuele oordele nie, want hulle (waardes) is emosioneel van aard: "they are generated by feelings, not cognitions." (53, p. 439)

(v) Woodruff: Woodruff se definisie van waardes is ook nie ver hiervan verwyderd nie. Hy sê ^(169, p. 645) "A value is a generalized condition of living (later noem hy dit ook "any object, condition or activity" ^(168, p.97)), which the individual feels has an important effect on his well-being." 'n Individue sal gevolglik probeer om sy

hoër positiewe waardes (want elke individu se waardes is op 'n kontinuum gerangskik wat strek vanaf sy hoogste positiewe waardes tot by sy mees negatiewe waardes) sover as moontlik te probeer bevorder. Dit kom daarop neer dat die waardes aan die toppunt van sy waardehiërargie voorkeur het bo die laeres sodra daar 'n konflik bestaan tussen sy waardes. 'n Persoon se waardes bepaal dan ook sy houdings teenoor spesifieke objekte; indien die objek waarop dit gerig is die sterk positiewe waardes van die persoon volgens sy eie opinie bevorder, sal sy houding teenoor die objek gunstig wees; en indien dit syns insiens sy sterk positiewe waardes bedreig, sal sy houding ongunstig wees. Die sterkte van 'n persoon se houding sal dus ook afhang van die belangrikheid (vir hom) van die waardes wat dit raak. Teenoor objekte wat syns insiens geen invloed uitoefen op sy sterkste waardes nie, sal hy dan ook neutraal staan. Houdings kan dus slegs verander indien óf die individu se waardes verander, óf sy konsepsie van die invloed van die betrokke objek op sy waardes verander. Laasgenoemde kom meer dikwels voor as eersgenoemde (wat betreklik stabiel is), en dit dui dan ook die belangrike rol van opvoeding (en voorligting), asook op die noodsaaklikheid om kennis te neem van die waardepatrone van persone wat ons probeer beïnvloed. Houdings is dus sekondêr tot, meer stabiele persoonlikheidskenmerke, naamlik waardes; en 'n persoon se waardepatroon is die kriterium waardeur hy die moontlike effek van enige situasie wat hom raak, beoordeel, sowel as waardeur hy besluit hoe om op te tree in die situasie (165). Waardes is dan ook die direkte resultaat van die individu se ervarings dwarsdeur sy lewe, (167, p.7) en sy veralgemenings vanuit hierdie ervarings. Met ander woorde, waardes is baie meer algemeen as spesifieke houdings wat slegs te doen het met die persoon se gevoelens teenoor spesifieke dinge in spesifieke situasies. 'n Persoon se houding is 'n fase van gedrag wat tevoorskyn tree op die presiese moment wanneer die persoon bewus

word van die betekenis van 'n situasie, en dit toon dan ook hoe hy verwag dinge hom sal raak in daardie situasie in terme van sy basiese waardes. (So byvoorbeeld sal 'n skare handtekeningsoekers iemand wie se basiese waardes prestige en roem is, gunstig stem, terwyl hulle by iemand wat stilte en gerief hoog ag 'n ongunstige houding sal uitlok.) Die skeidslyn tussen waardes en houdings berus op die middele-doel-verhouding in elke situasie, en is dus nie konstant nie; waardes het te doen met doeleindes, terwyl houdings met middele te doen het. So kan rykdom byvoorbeeld 'n doel op sigself wees, of 'n middel tot 'n ander, hoër doel.

Omdat die veralgemeningsproses ('n persoon veralgemeen gedurig vanuit sy ervarings) dikwels onbewustelik plaasvind, is 'n persoon (volgens Woodruff ⁽³⁴⁾) dikwels slegs vaagweg bewus van sy waardes en het hulle dus 'n subtiële (in plaas van 'n rasioneel-beredeneerde) invloed op sy gedrag. 'n Persoon se skatting van sy eie waardes sal gevolglik dikwels verskil van sy werklike waardepatroon, en dit is dus die doel van terapie (of ten minste sommige vorms daarvan) om 'n persoon meer bewus te maak van sy waardepatroon sodat hy sy lewensomstandighede en -keuses beter daarby kan aanpas, of onrealistiese waardes kan regstel.

(vi) Joshi & Joshi, e.a.: Hierdie meer algemene en „objektiewe” aard van waardes (in teenstelling met dié van houdings) blyk ook uit die definisie van Joshi en Joshi (100, p.142) wat soos volg lui: „Waardes is nie dit wat begeer en verkies word nie, maar dit wat begeerlik en verkieslik is.” Dat dit meer insluit as slegs onmiddellike bevrediging van impulse blyk verder uit Randall en Buchler (aangehaal deur Joshi en Joshi) se definisie van „dit wat begeerlik is,” naamlik: „dit wat begeerlik is, is dit wat ons begeer indien ons bewus was van die gevolge van ons keuse.” (100, p.142)

(vii) Rosenberg: Hierdie algemene en normatiewe

karakter van waardes word verder beaam deur Rosenberg (27) as hy sê: Sodra 'n individu 'n keuse maak uit 'n gegewe aantal alternatiewe, is dit waarskynlik dat een of ander waarde agter sy besluit lê. So byvoorbeeld is 'n beroepskeuse self nie 'n waarde nie, maar word gemaak op grond van 'n waarde: "When an individual chooses an occupation, he thinks there is something 'good' about it, and this conception of the 'good' is part of an internalized mental structure which establishes priorities regarding what he wants out of life." Juis daarom is dit so noodsaaklik by beroepsvoorligting om vas te stel wat 'n persoon se waardestruktuur is, voordat hy met die keuse van 'n beroep gehelp word. (27, p.6)

(viii) Barton: Barton (48) se definisie van die begrip „waarde,” waartoe hy hom na 'n bespreking en samevatting van verskeie ander definisies, lui soos volg: „Waardes kan gedefinieer word as algemene en stabiele disposies van individue, (eksplisiet) geformuleer deur hulle, of (implisiet) afgelei deur die navorser, wat voorkeur of (normatief) 'n sin vir obligasie behels. (48, p.69) Waardes verteenwoordig 'n relatiewe klein aantal basiese neigings of beginsels; die meer spesifieke neigings of beginsels kan genoem word houdings en is baie meer veranderlik as waardes. Elke mens sal in 'n gegewe situasie anders optree as sy medemens, op grond van sy verskillende waardestelsel en "factual beliefs about the situation," en beide hierdie "factual beliefs" en die waardes van 'n persoon word beïnvloed deur die persoon se vermoë tot kritiese denke, sy emosionele sensitiwiteit, en sy filosofiese oortuigings.

(ix) P. Jacob, e.a.: Ander teoretici wat deur Barton aangehaal word en by wie se sienings hy dan ook aansluit, is onder andere dié van P. Jacob wat sê: "A value is a standard for decision-making, held by an individual, and normally to be identified when it is articulated in (a) an expressed verbal statement, or (b) overt conduct (48, p. 69), en dié van C. Kluckhohn en F. Strodtbeck:

"Value orientations are complex but definitely patterned (rank-ordered) principles, resulting from the transactional interplay of three analytically distinguishable elements of the evaluative process - the cognitive, the affective, and the directive elements - which give order and direction to the everflowing stream of human acts and thoughts as these relate to the solution of common human problems." (48, p.71)

(x) Welkowitz & Cohen: Welkowitz & Cohen (160) sluit by die vorige teoretici aan deur waardes te definieer as 'n abstraksie van 'n individu se ervaring, en, as sulks, 'n kognitiewe patroon waarvan die funksie is om gedrag te lei en te rig. „Waarde” verskil van „houding” in terme van inhoud, deurdat eersgenoemde meer op dominante of afwykende eienskappe van 'n kultuur of sub-kultuur fokus, terwyl laasgenoemde meer gebrienteerd is tot spesifieke opinies van 'n individu. Tog is die twee baie na aan mekaar en word dikwels afwisselend gebruik. Op 'n kontinuum gestel, sal waardes breër in omvang wees as houdings, en dus nader aan etiese beginsels ("mores"). Waardes word dikwels genoem „waarde-oriëntasies” of „waardestelsels,” maar houdings word nie in hierdie byvoeglike sin gebruik nie. Waarde is 'n konsep wat afgelei kan word van uitgesproke voorkeure of keuses.

(xi) Morris: Volgens Morris is „waarde” een van die „Groot Woorde” (soos „wetenskap, godsdiens, moraliteit, filosofie, kuns,” ens.) waarvan die betekenis veelvuldig en kompleks is. Hy onderskei tussen drie wyses waarop dit geïnterpreteer kan word, naamlik:

1. Om te verwys na die neiging van lewende wesens om een soort objek bo 'n ander te verkies (hierdie voorkeur-gedrag word deur Dewey genoem „selektief-verwerpende gedrag,” en dit stem min of meer ooreen met Murray en Morgan se „positiewe en negatiewe konatiewe neigings”), en sulke waardes kan genoem word operatiewe waardes.

2. In teenstelling met 1. word die term „waarde" soms beperk tot daardie gevalle van voorkeurgedrag beheer deur die gedagte aan die moontlike gevolge van die keuse; hierdie is dus "conceived values." Hoewel dikwels verskillend van mekaar, is daar tog gewoonlik 'n mate van interaksie tussen 1. en 2.; daarom word daar gesê dat waardes gedrag minstens in 'n mate bepaal. Hiermee stem Dewey, Perry en Kluckhohn (volgens Morris) ook saam en laasgenoemde sê dan ook (aangehaal deur Morris): "A value is a conception, explicit or implicit, distinctive of an individual or characteristic of a group, of the desirable which influences the selection from available modes, means and ends of action." (24, p.11)
3. Waarde kan ook staan vir dit wat verkieslik of begeerlik is, ongeag of dit in werklikheid verkies of begeer word. Aangesien die klem hier lê op die eienskappe van die objek self, kan sulke waardes genoem word objek-waardes. Morris se eie waardetoets, die "Ways of Life," verskaf hoofsaaklik informasie aangaande 2. (die sogenaamde "conceived values"), en is dus "a study of conceptions of the good life."

(xii) Bills, Vance & McLean: Bills, Vance en McLean se siening van waarde sluit aan by hul siening van die selfkonsep. Volgens hulle bestaan laasgenoemde uit persoonlikheidstrekke en waardes wat die individu aanvaar het as definisies van homself. Waardes word afgelei van persoonlikheidstrekke en is trekke wat die individu as begeerlik en gewensd beskou. So word alle persoonlikheidstrekke dan ondersoek in die lig van ons lewensfilosofie en word waardes óf aanvaar óf verwerp volgens hul ooreenstemming met ons waardestelsel of lewensfilosofie. Só gesien, is die konsepte „lewensfilosofie," „waardestelsel" en „ego-ideaal" dus eintlik sinoniem. Die hoofdoel van die lewe is om konsekwentheid binne die

waardestelsel te verkry, en dit is hierdie strewe wat gedrag motiveer. 'n Houding is 'n evaluasie. Elke individu het houdings teenoor persoonlikheidstrekke, belangstellings en die self. ('n Houding teenoor 'n persoonlikheidstrek is 'n gevoel of evaluasie wat bepaal of die trek 'n waarde verteenwoordig of nie. 'n Houding teenoor die self is 'n gevoel of evaluasie wat bepaal of 'n trek wat die persoon besit 'n waarde verteenwoordig of nie. 'n Houding teenoor 'n belangstelling is 'n gevoel wat bepaal of hierdie belangstelling help om 'n waarde of waardes te aktualiseer of nie.) 'n Belangstelling is dus 'n middel of weg waardeur ons waardes kan verkry of realiseer. Persoonlike wanaanpassing ontstaan wanneer 'n persoon se selfkonsep (siening van wat hy is), en sy ego-ideaal (siening van wat hy graag wil wees, dit wil sê van sy ideale self) te ver van mekaar verwyderd is. Sosiale wanaanpassing, daarenteen, ontstaan as gevolg van 'n konflik tussen individuele en sosiale waardes.

(xiii) C. Kluckhohn, e.a.: Clyde Kluckhohn (van wie reeds aanhalings verskyn het, en wat meer volledig aangehaal word deur Joubert (18, pp.179-187)) se definisie en verduideliking van waarde lui soos volg: 'n Waarde is 'n konsepsie, eksplisiet of implisiet, kenmerkend van 'n individu of 'n groep, van die gewensde, wat 'n persoon se gedragseuse beïnvloed. Die „gewensde" in hierdie sin is dit wat gevoel word behoort verkies of gewens te word. Terwyl begeertes en belangstellings dikwels kortstondig van aard is, is 'n waarde as konsepsie van die wenslike gewoonlik veel meer permanent in die individu se persoonlikheid. As konsepsies is waardes geïnternaliseerd in die persoonlikheid en bepaal die individu se handelinge; dis egter nie dieselfde as motivering nie, maar kanaliseer slegs laasgenoemde. Hy sê dan ook: „'n Waarde kan gedefinieer word in psigologiese terme as daardie aspek van motivering wat bepaal word deur wette of standaarde, en nie deur die onmiddellike situasie nie."

Hy onderskei verder ook tussen persoonlike, groep-, kultuur-, en universele waardes. Hy stem saam met Allport se definisie van houding as "a mental and neural state of readiness, organized through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's response to all objects and situations with which it is related," en onderskei dan tussen waardes en houdings soos volg: 'n houding het uitsluitlik betrekking op die individu, en daar is geen noodwendige element van die wenslike in 'n houding nie. Behoeftes is ook veel meer individueel sielkundig van aard as waardes; waarde behels kennis, affeksie en konasie, (inderdaad goedkeuring), terwyl 'n behoefte minder ingewikkeld saamgestel is. Die verhouding tussen waardes en behoeftes is kompleks: waardes kan ook ontstaan uit behoeftes, maar kan ook behoeftes skep; 'n waarde kan in verskillende behoeftes voorsien, ander inhibeer of blokkeer indien dit in konflik daarmee is, ens.. (Soos Kluckhohn dan ook later sê: (104, p.474) "To speak of values is one way of saying that human behaviour is neither random nor solely 'instinctual'").

Hy onderskei verder ook tussen waardes en doelstellings na aanleiding van die Cornell-groep se uitspraak dat waardes nie die konkrete doeleindes van gedrag is nie, maar eerder aspekte van daardie doeleindes. Waardes dien as die kriteria vir die keuse van doelstellings, en as die implikasies wat hierdie doelstellings in die situasie het. Ideale kom dikwels grootliks ooreen met waardes, maar eersgenoemde behels nie inherent die kenmerk van keuse of seleksie nie en het ook gewoonlik die konnotasie van „onbereikbaarheid" teenoor waardes se „wenslikheid" en „moontlikheid." Gelowe ("beliefs") word van waardes onderskei op grond van die gevoel en kompromittering betrokke: "If you are committed to act on a belief, then there is a value element involved... Belief refers primarily to the categories 'true' and 'false', 'correct' and 'incorrect;' value refers primarily to 'good' and 'bad', 'right' and 'wrong.'" (18, p.187)

(xiv) Joubert: Joubert sluit self aan by hierdie siening van Kluckhohn e.a., deur te sê: (18, p.216)
„'n Waarde is 'n konsepsie van die wenslike wat gelyktydig in kultuur as kriterium vir die seleksie van oriëntasies bestaan, geïnstitusioneel is in die samelewing en sy deelsisteme, en geïnternaliseer is in die persoonlikheid van die lede van hierdie maatskaplike sisteme en daardeur hierdie persone oriënteer en kompromitteer ten opsigte van wenslike handeling." "

(xv) McNemar: McNemar (115) sluit waarskynlik by die algemene onderskeiding tussen waarde en houding aan, naamlik dat eersgenoemde meer algemeen is as laasgenoemde, en definieer 'n houding verder as „'n gereedheid of neiging om op 'n sekere manier te handel of reageer." (115, p.289). Houding is, volgens hom, 'n abstraksie, die bestaan waarvan afgelei kan word of van nie-verbale, openlike gedrag, of van verbale of simboliese gedrag. 'n Opinie word gewoonlik beskou as die verbale ekspresie van 'n houding; die twee terme word egter dikwels feitlik as sinonieme gebruik, sodat daar dus ook van 'n onuitgesproke opinie gepraat kan word.

(xvi) Linton, Pumphrey, Goldstein, Lee en Piaget: Volgens Linton (aangehaal deur Dukes (69, p.33)) verskil waardes van houdings deurdat waardes die karakter van stimuli het en houdings dié van response. Sy siening sluit dus ook aan by die taamlik algemene opinie dat waardes houdings en handeling ten grondslag lê. Ook Muriel Pumphrey (aangehaal deur W.E. Gordon (85, p.34)) sluit by die siening aan as sy sê: Waardes impliseer 'n voorkeur vir sekere middele, doeleindes en lewenswaardes wat gewoonlik vergesel word deur sterk gevoel. Hoewel gedrag nie altyd in ooreenstemming is met die waardes van die betrokke individu nie, veroorsaak die waardes van 'n persoon dat hy poog om konsekwent sekere tipes gedrag te kies. Die emosionele betekenis van

waardes is so sterk dat individue dikwels persoonlike opofferinge ter wille van hul waardes sal maak, en groepe deur middel van beloning en straf hul hoogste waardes sal probeer bevorder. Volgens Goldstein ⁽¹⁵⁾ is waardes dan ook iets wat nie alleen essensieel is vir die mens se voortbestaan nie, maar ook vir sy bestaan; vir die realisering van die individu se intrinsieke aard, vir die harmonieuse vervulling van al sy vermoëns. En Dorothy Lee ⁽²¹⁾ sê: "We experience value when our activity is permeated with satisfaction, when we find meaning in our life, when we feel good, when we act not out of calculating choice and not for extraneous purpose, but rather because this is the only way that we, as ourselves, deeply want to act." Ook Piaget ⁽¹²³⁾ se siening sluit gedeeltelik hierby aan: hy sê dat 'n mens se wil gegrond is in jou permanente waardestelsel; dat dit waardes is wat aan ons die wilskrag skenk om ons onmiddellike begeertes te oorkom; dat diegene wat nie sterk wil het nie, ook nie permanente en sterk waardes het nie. Hy sê: ^(123, p.144) "Will is then comparable in this respect to affective operations of co-ordination and conservation of values." En verder: "To decentrate in the domain of will is not to invoke memories through the intelligence, but to revive permanent values, that is to say, to reanimate permanent values, to feel them, which means that it is an affective operation and not an intellectual one."

(xvii) J. Tisdale: John Tisdale ⁽¹⁵³⁾ het vir sy proefskrif die verskillende betekenisse van die begrip „waarde" probeer nagaan en analiseer. Hy deel almal dan ook in die volgende vyf groepe in, naamlik:

1. Waardes gedefinieer as behoeftes of behoeftebevredigings. Teoretici wat, volgens hom, dié definisie voorstaan, is Maslow, Goldstein, Murphy en Fromm, en navorsers onder andere Maslow en White. Volgens hom het hulle egter probleme met die presiese formulering van basiese terme en oorbeklemtoon hulle die objektiewe basis van behoeftes.

2. Hoewel die biologiese basis van waardes erken word, is dit beter om hul motiverende aard te beklemtoon deur hulle te definieer as predisposies wat lei tot gedrag. Teoretici wat hierdie siening voorstaan, is, s.i. Allport, Lurie, Glaser en Maller, Shorr, Bruner en Postman, ens., en die meeste navorsing is gestimuleer deur die „Allport-Vernon-Lindzey Study of Values." Ten spyte van sekere aspekte van Spranger se teoretiese posisie wat tot vraag gestel is, word hierdie kategorie gekenmerk deur 'n hoë vlak van konseptuele konsekwentheid en empiriese verifikasie.
3. Waardes kom slegs te voorskyn wanneer probleemsituasies gedragskeuses vereis. Teoretici wat hierdie definisie voorstaan, is, volgens hom, Dewey, Morris en Woodruff; en navorsers is Morris, Woodruff, Wickert, Grace en Grace. Volgens hom veronderstel hierdie groep implisiet die hoogs kontekstuele aard van waardes, maar is sommige lede nie altyd uiterlik konsekwent in hul gebruik van terme soos byvoorbeeld „keuse" nie; en die navorsing hou nie altyd noue verband met die teorie nie.
4. Die organisme en sy gedrag word feitlik geïgnoreer deur waardes gelyk te stel aan intellektuele konsepte of gelowe. Volgens hom bestaan daar min teoretiese formulering van hierdie siening, maar navorsers is onder andere Hartmann, Harding, Kalhorn en Corey. Die teoretiese armoede kan moontlik te wyte wees aan die feit dat konsepte te min motiverende waarde het; die navorsingsrykdom aan die feit dat konsepte en gelowe betreklik maklik gemeet kan word.
5. Waardes word gesien as verskillende soorte situasionele verhoudings. Teoretici is, volgens Tisdale, Köhler, Lewin, Asch en Murray; maar navorsers is skaars. Hoewel sommige aspekte van die teoretiese funderings dan ook tot vraag gestel kan word, is die

grootste swakheid van hierdie kategorie gebrek aan navorsing (dit mag egter moontlik te wyte wees aan die definisies wat nie behoorlik differensieer tussen waardes en ander tipes situasionele verhoudings nie, of wat die meting van potensiaal in plaas van waarneembare dinge vereis).

Volgens Tisdale is hierdie groeperings veral nuttig deurdat dit sewe beskrywende dimensies openbaar in terme waarvan sielkundige waardeteorie in vervolg beter beskryf en geanaliseer kan word. Hierdie sewe dimensies is die volgende: "Organic connection," "environmental determinants," "hierarchical arrangement," "motivating power," "stability," "experienced uniqueness," en "extra-psychological grounding." Volgens hom is die kommunikasie tussen teoretici en navorsers oor die algemeen swak, selfs al verrig dieselfde individue albei take. Hoewel daar nie ooreenstemming is tussen al dié groepe sielkundiges nie, probeer hy nogtans om self 'n samevattende definisie van waardes te gee wat as volg lui: "Values are inferred motivational constructs associated with perceived differences in goal-directed behavior and indicated by the selection of action alternatives within social situations." En hy eindig deur te sê: "This definition certainly is as significant for what it does not say as for what it does." (153, p.1245)

(xvii) Samevatting: Hoewel dit op die oog af lyk asof die menings en definisies van die teoretici hier aangehaal wyd uiteenlopend is, en Tisdale dan ook tot die gevolgtrekking kom dat daar geen algemene definisie is van die begrip „waarde" wat deur alle of selfs maar die meerderheid sielkundiges onderskryf word nie, is dit egter ook moontlik om die ander sy van die saak, naamlik die ooreenkomste in al hierdie verskillende sienings, raak te sien. Selfs Tisdale se vyf verskillende kategorieë is in werklikheid nie so verskillend as wat hy dink nie, aangesien verskeie van hulle punte in gemeen

het - byvoorbeeld veral kategorieë 2 en 3.

Samevattend kan ons dus sê dat die meeste teoretici dit eens is dat waardes, houdings, opinies en belangstellings, ens., verwant is aan mekaar, maar dat waardes meer algemeen en meer permanent is as houdings, opinies en belangstellings; dat waardes, in teenstelling met die res, 'n normatiewe karakter het en inderwaarheid houdings, opinies en belangstellings ten grondslag lê.

Dat 'n persoon se waardes op 'n hiërargiese kontinuum gerangskik is en dat dié wat hoog daarop lê hom dus die sterkste sal beïnvloed en ook voorkeur sal geniet bo die laeres, is ook heeltemal aanneemlik. Per slot van sake kan die individu gedurig in situasies te staan waar hy moet kies tussen twee of meer gedragsalternatiewe; en is sy keuses ten minste tot 'n mate konsekwent en in onderlinge verband met mekaar.

Hoewel 'n persoon se waardes nie altyd in ooreenstemming is met sy houdings, opinies en belangstellings nie (weens gebrek aan selfinsig en onvolwassenheid) is dit tog die dieper-liggende, meer permanente waardes wat rigting gee aan gedrag, en wat handelswyses, belangstellings, houdings en opinies help bepaal en verander, met die doel om die individu se selfbeeld en sy reële self nader te bring aan sy ego-ideaal.

C. Die ontstaan en ontwikkeling van waardes: ⁺

Volgens Ludwig von Bertalanffy ⁽³³⁾ is menslike waardes in essensie simboliese wêreldes wat in die geskiedenis ontwikkel het; hulle mag utilitêr of biologies adaptief wees, of geeneen van die twee nie. Hulle berus deels op kategorieë wat algemeen menslik is en deels op kategorieë wat histories ontwikkel het in 'n spesifieke beskawing.

⁺(Hierdie aspek van waardes is reeds gedeeltelik in Afdeling A bespreek, maar word nou hier in meer besonderhede behandel.)

(i) Waardes en verskille in agtergrond: Dat 'n persoon se agtergrond sy persoonlike waardes beïnvloed, word nie alleen deur sosiale sielkundiges soos Fromm, Horney, e.a., geglo nie, maar is ook deur verskeie navorsers bewys. So het byvoorbeeld Reinhardt et al (aangehaal deur Cantril en Allport (59, pp.270-271) met 150 toetslinge (Sosiologie-studente) probeer vasstel watter agtergrondsfaktore 'n persoon se waardes (soos gemeet deur A.V.L.) beïnvloed. Faktore soos beroep, politiek, godsdiens, estetiese aktiwiteite van die ouers, ekonomiese status van die familie, gesondheid, huislike geluk, ens., is ondersoek (deur middel van 'n spesiale vraelys). Hoewel min korrelasies (tussen waardes en die faktore) beduidend positief was, was die belangrikste resultate nogtans die volgende:

(a) 'n Korrelasie van .25 tussen kollegepunte en teoretiese waarde is gevind;

(b) 'n Korrelasie van .50 tussen estetiese agtergrondsinvloed en die estetiese waarde is gevind;

(c) 31% van die Katolieke, 22% van die Protestante, 9% van die Jode, en slegs 6% van diegene met geen godsdienstige agtergrond nie, het bogemiddelde punte vir die religieuse waarde gekry;

(d) Diegene wat bogemiddelde punte vir die religieuse waarde gekry het en gereeld Sondagskool bygewoon het, het gemiddeld 13% hoër gevaar op die religieuse waarde as die ander bogemiddeldes wat nie Sondagskool bygewoon het nie;

(e) 52% van diegene wie se ouers albei godsdienstig was, het bogemiddelde punte vir die religieuse waarde gekry - hoër as enige ander groep.

Dit wil dus voorkom (uit hierdie resultate) asof dit veral die religieuse en estetiese waardes is wat deur agtergrondsinvloede (altans, dié wat gemeet is) bepaal word. Hoewel baie ander korrelasies verwag is, is dit nie

gestaaf deur hierdie studie nie. Cantril en Allport verklaar dit op die volgende twee moontlike maniere:

1. óf persoonlike waardes is dalk tóg nie primêr produkte van die omgewing nie; individuele verskille in oorerwing en temperament kan dalk 'n meer beslissende rol speel (Spranger self beskou sy tipes dan ook as „entelechies" of „destinies," eerder as produkte van spesifieke omgewingsinvloede ⁽³⁰⁾); óf
2. die toets self (waarmee vormingsinvloede deur die navorsers probeer vasstel is) kan dalk nie daarin slaag om die vormende omgewingsinvloede subtiel genoeg vas te pen nie. Gesprekke, vriende, onderwysers, reise, lankvergete insidente, ens., dra almal by tot die vorming van die persoonlikheid, en sulke invloede - juis omdat hulle grotendeels vergete en/of onbewus is - sal geen vraelys ooit behoorlik kan vaspen nie.

Ander ondersoeke in dié verband is byvoorbeeld dié van Leonard ⁽¹⁰⁷⁾ wat 180 senior hoërskoolleerlinge getoets het met onder andere die Levy-revisie van die A.V.L. "Study of Values" en sy eie "Personality Sketch," en onder andere bevind het dat moeders 'n belangriker rol speel in die ontwikkeling van hul dogters se waardes as vaders, en dat die invloed sterker word namate die dogters adolessensie bereik. Volgens Fisher ⁽⁷⁹⁾ wat min of meer dieselfde resultate gekry het, beïnvloed moeders ook die waardes van hul seuns meer as vaders; en is dogters se waardepatroon oor die algemeen nader aan dié van die ouergroep as geheel as dié van seuns.

Volgens Leonard se bevindinge speel godsdiens, of liever kerkverband, weinig rol in waardeverkryging. Ouers speel ook 'n groter rol as ander bekende volwassenes. Verskille in die waardes van seuns en dogters (geslagsverskille) begin veral blyk tydens die eerste jaar van hoërskool en begin daarna geleidelik duideliker

word. Intelligensie speel ook 'n rol deurdat adolessente met bogemiddelde intelligensie meer klem lê op teoretiese en estetiese waardes. Volgens McCue, Rothenberg, et al, (44) het intelligensie, bokant 'n minimale vlak, egter weinig te doen met waardekeuse en berus laasgenoemde hoofsaaklik op individuele behoeftes.

Volgens Dukes (69) word kinders gebore in 'n gemeenskap waar norms en waardes reeds opgestel is en vind daar dan by hulle 'n proses plaas van internalisering van die waardes - presies hoe die proses plaasvind, is egter nog nie so goed bekend nie. Ook is daar nog nie eenstemmigheid oor wanneer waardes en waardestelsels vir die eerste keer duidelik sigbaar word in kinders nie. Volgens Werner (aangehaal deur Dukes (69)) is 'n jong kind se waardestelsel dan ook nog baie buigsaam en aanpasbaar, en hang saam met sy ouderdom sowel as sy omstandighede. Piaget (123) sluit ook by hierdie siening aan. Volgens Dukes speel die ouers en gesin seker die belangrikste rol in die internalisering van waardes, maar onderwysers en ander belangrike volwassenes, en veral vriende en ander belangrike groepe speel ook 'n vername rol. Volgens Lewin en Grable, asook Newcomb (aangehaal deur Dukes (69)) is die meeste van 'n individu se waardes dan ook waardes wat hy van sy groep oorgeneem het. Selfs die spesifieke universiteit of kollege wat hy later bywoon, sal sy waardes in 'n mate beïnvloed; al is hy dan op die leeftyd waar sy waardes betreklik konstant bly. Verder moet onthou word dat sommige individue se waardes te alle tye meer buigsaam is as dié van ander.

(ii) Waardes en ouderdomsverskille: Dat ouderdom waardes beïnvloed, is al deur verskeie navorsers bewys. So byvoorbeeld het Strong, e.a., belangstellingsnavorsers vroeg reeds gesê dat daar verskille in die algemene belangstellingspatrone van ouer en jonger persone is; so byvoorbeeld is ouer mense meer sosiaal georiënteerd as jongeres en is veral ouer mans se waarde- en belangstellingspatroon nader aan dié van vroue in die algemeen -

dit wil sê sosiaal, esteties en religieus. Nogtans beweer hy (Strong ⁽¹⁴⁴⁾) dat daar oor die algemeen gesê kan word dat die dinge waaraan 'n persoon op 25-jarige ouderdom die meeste waarde heg, dieselfde sal bly wanneer hy ouer word - net meer so; en dieselfde geld dié dinge waarin hy die minste belangstel. (Meer langtermyn studies sal egter nog in dié verband gedoen moet word om moontlike kontaminasie deur ander kulturele faktore uit te skakel.)

Fisher ⁽⁷⁹⁾ het die A.V.L. - waardepatrone van 'n groep studente vergelyk met dié van hul ouers en bevind dat ouers se waardes oor die algemeen beter georganiseerd en minder neutraal is as dié van die jonger groep (moontlik as gevolg van beter persoonlikheids-organisasie met verloop van jare), dat hul ekonomiese en estetiese waardes hoër is as dié van hul studente-kindere, asook hul politiese waardes effens laer en hul sosiale waardes effens hoër. Gowan en Dible ⁽⁸⁹⁾ het verder bevind dat ouer onderwyseres-kandidate (bo 30 jaar) hoër presteer as jong kandidate (onder 20 jaar) op die teoretiese, en laer op die ekonomiese waarde van die A.V.L.. (In dié geval kon akademiese en beroepsbelangstellings egter ook die resultate beïnvloed het.)

Kelly ⁽⁷⁴⁾ het weer bevind dat ouer mense meer religieus en minder esteties (mans ook minder teoreties) georiënteerd is as jongeres. Rothney ^(39, p.130) se bevinding was dat hoërskoolseuns heelwat meer polities asook effens meer religieus georiënteerd is as volwassenes en universiteitstudente; asook minder esteties en effens minder teoreties. En Harris (aangehaal deur Pretorius ⁽³⁸⁾) se bevinding dat jonger studente meer religieus en oueres effens meer teoreties is, sluit hierby aan, asook dié van Schaefer (aangehaal deur Pretorius ⁽³⁸⁾) wat sterker teoretiese en estetiese neigings by universiteitseniore gevind het as by juniore.

Hoewel die meeste van bogenoemde studies gebruik

gemaak het van die A.V.L. om waardes te meet, het daar ook bewyse uit ander oorde gekom dat ouderdom waardes beïnvloed. So byvoorbeeld het Morris ⁽²⁴⁾ met sy eie toets ("Ways of Life") bevind dat ouer persone minder waarde heg as jongeres aan „genot en vooruitgang in aksie," en meer aan „sosiale beheersdheid en self-kontrolle," „onttrekking en selfgenoegsaamheid" en „reseptiwiteit en simpatieke besorgdheid." Sy resultate, sowel as dié van die meeste ander navorsers (hoewel hulle mekaar soms op kleinere punte weerspreek - waarskynlik as gevolg van onverteenvoordigende monstergroepe) is oor die algemeen heeltemal in ooreenstemming met ons kennis van die volwassewordings- en verouderingsproses en logiese afleidings wat ons daaruit kan maak.

(iii) Waardes en Geslagsverskille: Dat daar geslagsverskille in waardekeuse is, kan ons ook eintlik verwag; in hoeverre hierdie verskille te wyte is aan dieperliggende biologiese verskille tussen die twee geslagte of aan kulturele invloede, is egter nog geensins vasgestel nie. So byvoorbeeld het Allport en Cantril ^(2, p.59) reeds tydens standaardisasie van die A.V.L. bevind dat die teoretiese, ekonomiese en politiese waardes 'n hoër plek inneem in die waardehiërargie van mans; en die estetiese, religieuse en sosiale waardes 'n hoër plek bekleed in die waardehiërargie van vroue. Soortgelyke resultate is later gerapporteer deur Pintner ^(59, p.124), Hartmann ⁽⁵⁹⁾ en verskeie ander navorsers. Ook Morris ⁽²⁴⁾ het bevind dat vroue meer waarde heg aan „reseptiwiteit en simpatieke besorgdheid" en minder aan „onttrekking en selfgenoegsaamheid" as mans; 'n resultaat wat veral ooreenstem met bevindinge dat mans meer teoreties en vroue meer sosiaal geïntereerd is.

(iv) Waardes en verskille in liggaamsbou: So lank gelede as Hippokrates is daar al aangeneem dat verskille in liggaamsbou, temperamentele en ander sielkundige verskille ten grondslag lê, en persone soos Jaensch,

Kretschmer, Sheldon, e.a., het hierdie teorie dan ook verder verkondig en deels ook bewys. 'n Meer spesifieke vergelyking tussen liggaamsbou en waardes is egter eers aangepak deur navorsers soos Coffin ⁽⁶²⁾ en Smith ⁽³⁶⁾, en eersgenoemde se bevindinge sluit grotendeels aan by dié van Sheldon. So byvoorbeeld het Coffin bevind dat endomorwe relatief hoër vaar op die sosiale; ektomorwe op die teoretiese; en mesomorwe op die politiese waardes van die A.V.L. (ektomorwe het ook nog betreklik hoog gevaar op die estetiese waarde). Negatiewe korrelasies is gevind tussen endomorfie en die teoretiese en tot 'n mate ook die religieuse waarde; tussen mesomorfie en die estetiese en tot 'n mate ook die religieuse waarde; en tussen ektomorfie en die ekonomiese, politiese en sosiale waardes. Ook die Morris-toets is gebruik (deur Morris et al) ⁽²⁴⁾ om vas te stel of daar enige verband is tussen liggaamsbou en waardekeuse, en daar is bevind dat endomorwe meer afhanklik is en waarde heg aan „reseptiwiteit en simpatieke besorgdheid,” asook aan „persoonlike bevrediging en sensuele genot;” dat mesomorwe meer dominant is en waarde heg aan „genot en vooruitgang in aksie;” en dat ektomorwe meer teruggetrokke is en waarde heg aan „onttrekking en selfgenoegsaamheid.” Die toetslinge wat moeilik in 'n besliste somatotipe ingedeel kon word, was ook nie onder diegene wat die hoogste presteer het in enige van die Lewenswet wat 'n waardefaktor duidelik verteenwoordig nie - met ander woorde hulle het gematigde, gemiddelde waardes gehad. Uit bogenoemde resultate wat besonder baie ooreenstem, wil dit dus blyk asof liggaamsbou wel tot 'n mate 'n persoon se waardekeuse beïnvloed.

(v) Waardes en kulturele (algemene volksgroeps) verskille: In hoeverre verskille in kulturele norme individuele waardekeuses beïnvloed, is ook deur verskeie navorsers nagegaan. So byvoorbeeld het Spoerl ⁽⁴⁰⁾ vasgestel dat die waardes van die na-oorlogse Amerikaanse

student van dié van die vooroorlogse student (Allport se eerste toetsgroepe) verskil deurdat eersgenoemde heelwat minder esteties en 'n bietjie meer polities en religieus gebrienteerd is. Joodse studente het hoër presteer op die estetiese waarde, maar laer op die religieuse waarde as Protestante en Katolieke, hoër op die teoretiese waarde as Protestante, en hoër op die sosiale waarde as Katolieke.

Singh, Huang en Thompson (137) haal die studie van onder andere Northrop aan wat bevind het dat Westeringe meer teoreties en Oosterlinge meer esteties gebrienteerd is. Hulleself (Singh, Huang en Thompson) het drie klein groepe (elk N.37) van Amerikaanse, Indiese en Sjinese studente getoets met die A.V.L., die Morris "Ways of Life" en Sanford en Older se "A-E-skaal," en die volgende betekenisvolle verskille gevind:

- (a) Die Amerikaners was baie meer self-gesentreerd in vergelyking met die ander twee groepe wat meer groep-gesentreerd was;
- (b) Die Amerikaners was 'n bietjie meer teoreties en die Sjinese esteties gebrienteerd;
- (c) Die Indiërs was meer polities en ekonomies gebrienteerd as beide ander groepe;
- (d) Die Indiërs en Sjinese was meer outoritêr as die Amerikaners;
- (e) Die Amerikaners was meer religieus as die ander groepe;
- (f) Die Amerikaners het 'n buigsame en veelsydige lewe verkies en die Indiërs en Sjinese lewensgenieting deur middel van groepdeelname en besorgdheid oor ander.

'n Ander soortgelyke studie was dié van Pugh (197) (wat ook verskeie ander navorsers aanhaal wat min of meer dieselfde resultate gekry het) wat bevind het dat

Negers meer religieus en minder esteties gebrienteerd is as blanke Amerikaners.

Ander studies in dié verband wat nie van die A.V.L. gebruik gemaak het nie, was onder andere dié van Mann ⁽¹¹¹⁾ hier in S.A. (Durban) wat blanke met nie-blanke studente vergelyk en bevind het dat laasgenoemde, in teenstelling met eersgenoemde, gemeenskapsdiens bo eie belange stel, openbare welsyn bo persoonlike godsdienstige beginsels, en volle demokrasie onder alle omstandighede verkies. Ook Hsu (aangehaal deur Singh, Huang en Thompson ⁽¹³⁷⁾) het bevind dat onderlinge afhanklikheid 'n uitstaande kenmerk van die Sjinese is, terwyl die Amerikaners streef na onafhanklikheid van ander. Sjinese is ook meer gewillig tot submissie aan gesag en begaan oor die hier en nou.

Beg ⁽⁵⁰⁾ het verder bevind dat Indiërs selfbeheersing, onttrekking, en 'n introversiewe oriëntasie hoog waardeer, terwyl Amerikaners ekstroversie, vryheid, verandering, vooruitgang, handeling en genot hoog ag. McGranahan (aangehaal deur Dukes ⁽⁶⁹⁾) het ook bevind dat na-oorlogse jeugdiges in Amerika en Duitsland van mekaar verskil deurdat eersgenoemde individuele handeling, vryheid van ekspressie en soortgelyke dinge hoog ag, terwyl laasgenoemde mag, gehoorsaamheid aan die staat, e.d.m., weer hoog waardeer.

Ook Morris ⁽²⁴⁾ het, na aanleiding van hul punte op sy toets, vyf kulturele groepe met mekaar vergelyk ten opsigte van hul dominante en laagste waardes. Hierdie vyf groepe was die V.S.A., Kanada, Indië, Japan, China en Noorweë. Hy het ooreenkomste sowel as verskille by hulle gevind; almal het byvoorbeeld betreklik hoog presteer op Faktore A. en B. („Sosiale beheersdheid en selfkontrole" en „Genot en vooruitgang in aksie"), en laag op Faktor C. („Onttrekking en selfgenoegsaamheid"). Die V.S.A. en China het die hoogste punte behaal op Faktor B., en die res op Faktor A.

Wat die groep se onderskeie voorkeure vir die

verskillende 13 Weë betref, die volgende: Die Amerikaners heg die grootste waarde aan Weg 7 ('n mengsel van verskillende weë); wat dus dui op hul begeerte tot buigsaamheid en veelsydigheid. Hulle is minder beheersd ("restrained") as die Indiërs en minder begaan oor gemeenskapsake as al die Oosterlinge. Die Indiërs is meer tradisie-geïntereerd (Weg 1), sosiaal en self-beheersd. Dat hulle ook aan Faktor B. (aktiewe handeling) 'n hoë plek toeken, dui op hul besef van die noodsaaklikheid van rekonstruksie van hul land en gemeenskap na die algemene armoede en ellende; gevolglik poog hulle om 'n gerigtheid na binne en handeling na buite te integreer. Die algemene gerigtheid van die Japanners is op ander persone en die gemeenskap en, net soos die Indiërs, respekteer hulle ook innerlike gerigtheid, maar toon 'n groter ontvanklikheid vir die natuur. Die Sjinese is tot 'n ekstreme graad aktief en sosiaal geïntereerd en dus die antitese van die self- en natuurgeïntereerd. Die Noorweërs is die naaste aan die Japanners en beklee 'n middelposisie tussen kulturele ekstreme; hulle gee, soos die Japanners en in teenstelling met die Amerikaners, 'n hoë plek aan Weg 3 ("simpatieke besorgdheid oor ander"); en, soos die Amerikaners en in teenstelling met die Japanners, 'n hoë plek aan Weg 7 ("veelsydigheid en buigsaamheid"); hulle is egter meer self- en sosiaal-beheersd as die Amerikaners en verwerp reseptiwiteit en innerlike gerigtheid ook minder.

Beq ⁽⁵⁰⁾ (reeds aangehaal) wat Indiese en Amerikaanse studente tien jaar later hertoets het, se bevindinge was min of meer dieselfde as dié van Morris. Misumi en Ando ⁽¹¹⁶⁾ het Japanese studente ook vyftien jaar later hertoets; dié keer het hulle egter groot verskille gevind in die studente se waardering van Weë 3 en 7 (die ander Weë het relatief konstant gebly). Hulle skryf dit toe aan die politieke, ekonomiese en kulturele veranderinge wat sedert die oorlog by Japan ingetree het. Dit beteken dat die neiging almeer onder Japanese studente

voorkom om te beweeg in die rigting van Faktor E (Persoonlike genot en plesier) en weg van Faktor C (Onttrekking en selfgenoegsaamheid). Veral die feit dat Weg 7 die grootste persentasie eerste keuses gekry het (in teenstelling met Weg 6 wat vroeër die populêrste was) dui daarop dat die Japanse patroon al nader kom aan die Amerikaanse (wat hoë waarde heg aan Faktor E) asook tot 'n mate aan die Sjinese (wat hoë waarde heg aan Faktor C); laasgenoemde moontlik as gevolg van inherente tradisionele oriëntasie, en eersgenoemde as gevolg van Amerikaanse na-oorlogse invloede. In 'n verdere vergelykende studie van die waardes van dié vyf groepe (tesame met twee ander) wat voorgeen getoets is deur Morris, en ook deur Ando en Misumi, het Ando ⁽⁴⁵⁾ bevind dat die sewe waarde-oriëntasies saamgegroepeer kan word in vier groepe:

1. Indië en die Pilippyne (baie sosio- in plaas van self-gebrienteerd);
2. Norweë en Japan (gedeeltelik ooreenstemmend met 1. en 4.);
3. China (antitese van 4.); en
4. Die V.S.A. (meer individualisties of self-gebrienteerd, buigsaam, en gerig op persoonlike plesier.)

Volgens Ando is groep 1. waarskynlik verteenwoordigend van die tipiese Afro-Asiatiese waardestruktuur.

Aangesien sommige van die groepe in bogenoemde studies gebruik baie klein was, moet ons daarteen waak om nie té veel uit hierdie resultate te veralgemeen nie en ook kulturele ooreenkomste in gedagte te hou. Wat egter wel duidelik blyk uit al hierdie studies is dat daar blykbaar wel kulturele faktore bestaan wat waarde-keuse mag beïnvloed (uiteenlopende studies met min of meer dieselfde resultate is 'n bewys hiervan), en dat hierdie kulturele verskille betreklik konstant is tensy toestande in 'n spesifieke land (soos Japan) baie verander.

(vi) Waardes en standverskille: Wat standverskille betref, het Morris ⁽²⁴⁾ bevind dat dit wel 'n rol kan speel - veral in 'n land soos Indië waar hierdie verskille baie groot is (of was). So byvoorbeeld heg Brahmane (soos tradisioneel van hulle verwag kan word) opvallend minder waarde aan Faktor B en meer aan Weg 7 as nie-Brahmane, en verkies hulle dan ook literêre, opvoedkundige en wetenskaplike professies; terwyl die Kshatriyas - die destydse soldateklas - meer waarde heg aan Faktor B en dan ook politieke, militêre of besigheidsprofessies verkies.

In 'n poging om vas te stel in hoeverre die waardepatroon van Negers verskil van dié van blanke Amerikaners het Morris ⁽²⁴⁾ verder bevind dat Negers hoër punte behaal op Faktor A en B en laer op Faktor E, en veral besonder baie waarde heg aan Weë 1. en 6. (wat s.i. dui op hul sterk identifikasie met die Amerikaanse tradisie en op hul sterk wil om hul plek in die stelsel te verbeter), asook aan Weg 10. (wat s.i. dui op hul gevoel van onsekerheid in die oorgangsproses tot volle burgerskap). Volgens Morris ⁽²⁴⁾ het ekonomiese status van ouers op sigself blykbaar min invloed op waardekeuse; wanneer gekombineer met grootte van die gemeenskap het dit egter wel. Faktore B en C is meer populêr by die laer ekonomiese groepe (hoeveel, hang af van die grootte van die groep); en die hoër ekonomiese groepe - veral dié wat in groot stede bly - is meer self- as gemeenskap-gebrienteerd. Wanneer slegs populasie in aanmerking geneem word, het hy bevind dat grootstadgroepe minder konserwatief, asook minder aktief en reseptief is as kleiner gemeenskappe. Al hierdie verskille is weliswaar baie klein, maar nogtans merkbaar.

(vii) Waardes en godsdienstige verskille: In aansluiting by die werk van reeds genoemde navorsers het ander ook gepoog om vas te stel of 'n persoon se godsdiens sy waardes beïnvloed (of andersom). So byvoorbeeld

het Woodruff (165) die waardes van twaalf verskillende studentegroepe (ingedeel volgens godsdienstige en sosiale groepfaktore) ondersoek deur middel van sy "A Study of Choices," en beduidende verskille tussen hulle gekry; veral ten opsigte van die waarde wat hul heg aan en hul siening van godsdiens: By die groepe waar godsdiens hoog gewaardeer word, word laasgenoemde beskou as 'n "Way of Life," terwyl dit by die groepe wat dit laag waardeer, slegs beskou word as 'n stelsel van rites en gelowe. Dié wat godsdiens hoog waardeer, waardeer opwinding laag ($r = -.45$). Ander betekenisvolle korrelasies wat hy gekry het, was die volgende:

godsdiens en rykdom : $r = -.24$;
 godsdiens en "society": $r = -.55$;
 godsdiens en politieke mag: $r = -.14$;
 godsdiens en gerief: $r = -.61$;
 godsdiens en sosiale diens: $r = +.07$;
 godsdiens en huislike lewe: $r = +.18$;
 godsdiens en vriendskap: $r = -.47$;
 godsdiens en sekuriteit: $r = -.59$;
 godsdiens en persoonlike verbetering: $r = -.15$;
 godsdiens en intellektuele aktiwiteit: $r = +.13$.

Daar moet egter, by interpretasie van die resultate, onthou word dat sy proefgroep studente was, en dat hy ook bevind het dat godsdiensstige groep-agtergrond glad nie die enigste belangrike vormingsinvloed op waardes het nie. Ander, reedsgemelde, navorsers soos Leonard (107) het dan ook bevind dat daar glad nie 'n beduidende verband bestaan tussen godsdiens en waardes nie, terwyl Spoerl (140) en ook Reinhardt (38) daarenteen bevind het dat daar wel 'n positiewe verband bestaan tussen algemene godsdiensrigtings (soos Protestantisme, Katolisisme en Jodedom), en 'n persoon se waardes. Daar bestaan dus nog geensins sekerheid oor hierdie kwessie nie.

(viii) Waardes en persoonlikheidsverskille: In hoeverre

verskille in waardekeuse afhang van suiwer individuele persoonlikheidsverskille is ook deur verskeie navorsers ondersoek. Enige korrelasies wat verkry is tussen so- danige persoonlikheidsfaktore en waardekeuse moet egter baie versigtig geïnterpreteer word, aangesien 'n persoon se waardekeuse dalk gedeeltelik primêr mag wees en ander persoonlikheidseienskappe gevolglik 'n uitvloeisel daarvan; aangesien ander faktore soos omgewingsinvloede, liggaamsbou, geslag, ens., albei mag beïnvloed.

In elk geval, met betrekking tot die verband tussen persoonlikheid, temperament en waardes, is onder andere die volgende resultate verkry:

In 'n vergelyking van 'n groep toetslinge se punte op die Morris "Ways to Live," die "Thurstone Temperament Schedule" en die Cattell persoonlikheidstoets het Morris ⁽²⁴⁾ die volgende korrelasies gekry: Die Morris Faktor B (Genot en vooruitgang in aksie) korreleer positief met die Thurstone-kategorieë „aktief,” „impulsief,” „dominant” en „gesellig”; en Faktor C (Onttrekking en selfgenoegsaamheid) positief met „nadenkend” asook negatief met „aktief,” „impulsief,” „dominant” en „gesellig”; verder korreleer Faktor D (Reseptiwiteit en simpatieke besorgdheid oor ander) ook negatief met „aktief” en „dominant.”

Rosenberg ⁽²⁷⁾ het Horney se drie persoonlikheidstipes (dié wat na mense beweeg; dié wat weg van mense beweeg, en dié wat teen mense beweeg) probeer korreleer met waardemeting en die volgende bevindinge verkry: Hoë beroepswaardes van die onttrekkende tipe is onder andere vryheid van supervisie en die geleentheid om kreatief en oorspronklik te wees; hoë waardes van die aggressiewe tipe is baie geld, sosiale status en prestige; en hoë waardes van die toegewende tipe is geleentheid om met mense te werk en hulle tot hulp te wees.

In 'n vergelyking van 'n toetsgroep se punte op die A.V.L. en die Cleeton-aanpassingskaal het Arsenian (47) 'n positiewe korrelasie gevind tussen teoretiese waarde en sosiale en emosionele aanpassing; en 'n negatiewe korrelasie tussen politiese waarde en emosionele en sosiale aanpassing. Dit beaam die stelling van Adorno in "The Authoritarian Personality," asook Arsenian se eie hipotese dat slegs diegene wat vry is van emosionele en sosiale konflikte en wanaanpassing werklik empiries, krities en rasioneel kan dink en optree.

In 'n vergelyking van die A.V.L. en Rorschach - resultate van 'n klein toetsgroepie het McCue et al (114) bevind dat sy twee groepe (een hoog op die politiese, en die ander op die teoretiese en estetiese waardes) se Rorschach-response tot 'n groot mate reg voorspel kon word op grond van A.V.L.-resultate (en dus waarskynlik ook andersom); dat die politiese tipe „ander-gerig" en dus afhanklik van ander, meer gespanne, prakties, arm aan idees en beperk in sy uitkyk (dus minder verbeeldingryk en meer realiteitsgebonde) is; dat die teoreties-estetiese tipe, daarenteen, minder afhanklik van ander, meer innerlikgerig, meer onafhanklik, produktief, kreatief, seker van homself, en in staat is om sy innerlike vermoëns te benut.

(ix) Waardes en rassevooroordeel: Evans (74) het verder 'n negatiewe korrelasie gekry tussen estetiese en sosiale waardes en anti-semitisme; asook 'n positiewe korrelasie tussen politiese en ekonomiese waardes en anti-semitisme; wat dus daarop dui dat daar 'n verband bestaan tussen 'n persoon se waardes en sy rassevooroordeel (of gebrek daaraan).

(x) Waardes en empatie: Resultate wat aansluit by bogenoemde is verkry deur Hawkes en Egbert (96) wat 'n studentegroep se resultate op die "Egbert Study of Choices" en die "Dymonds Rating Test of Empatic ability" met

mekaar gekorreleer het. Studente met hoë empatiese vermoë, asook dié met wie maklik empatiese kontak gemaak kan word, se hoogste waardes lê in die areas waar groeppinteraksie en sosiale omgang die belangrikste faktore is. Waar die hoogste waardes nie so afhanklik is van groeplewe nie en bevredig kan word deur individuele handeling, neig die empatiese vermoë om laer te wees; en waar die waardepatroon min hoogtepunte het - dit wil sê baie gemiddeld is - is empatiepunte ook laer. Empatie is positief verwant aan waardefaktore soos gesinslewe, sosiale diens, ens., en negatief aan waardes soos gerief, mag, beheer, en sosiale lewe.

(xi) Waardes en intellektuele openheid: In aansluiting by die bevindinge van Arsenian en andere het ook Schmeidler ⁽¹³³⁾ probeer vasstel of diegene wat neig tot intellektuele openheid van gemoed hoër punte behaal op die teoretiese waarde. Hy het dit probeer vasstel onder andere deur die Ekstra Sensoriese Persepsie (E.S.P.) punte van diegene wat hoog presteer op die teoretiese waarde te vergelyk met dié wat laag daarop presteer. Sy hipotese dat diegene wat hoog presteer op die teoretiese waarde (en wat dus 'n ope gemoed sal hê teenoor die moontlikheid dat hulle ESP punte dalk hoog kan wees as gevolg van 'n latente ESP-vermoë) ook hoër ESP-punte sal hê as die res, is dan ook bevestig.

(xii) Waardes en geestesafwykings: Oor die vraag of geestesafwykings ook waardes kan beïnvloed, is daar ook navorsing gedoen. So byvoorbeeld het Morris ⁽²⁴⁾, in ooreenstemming met Kretschmer en Sheldon se bevindinge en sy eie opinie dat geestesafwyking slegs 'n oordrywing van een van die basiese persoonlikheidskomponente of lewenshoudings behels, 'n positiewe verband gerapporteer tussen afhanklikheid, endomorfie en siklotimie (manies-depressiwiteit); tussen dominansie, mesomorfie en paranoia; en tussen onttrekking, ektomorfie en skisotimie (skisofrenie).

Of hierdie persoonlikheidsafwykings te wyte is aan waarde-keuse en ander persoonlikheidsfaktore, of andersom, is egter 'n ope vraag.

Hoewel baie navorsers dit nog nie eens oor die saak is nie en daar nog heelwat navorsing in dié verband gedoen word, dui al bogenoemde bevindinge egter duidelik daarop dat 'n persoon se waardestelsel wel deur kulturele, biologiese, en ander agtergrondsfaktore beïnvloed word; dieselfde faktore geld egter nie vir almal in dieselfde mate nie, en gevolglik kan daar nie algemene gevolgtrekkings gemaak word uit bogenoemde bevindinge nie. Hoe die proses van beïnvloeding plaasvind, is ook weer 'n ander probleem waaroor daar nie algemene eenstemmigheid bestaan nie.

(xiii) Waardes en morele ontwikkeling: Miskien kan die ontwikkeling van 'n individu se waardestelsel nie losgemaak word van sy morele ontwikkeling nie, en hieroor het Freud (aangehaal deur die McCords ⁽²²⁾) seker eerste die meeste te sê gehad: Volgens hom kan die superego (of gewete) in twee kategorieë ingedeel word, naamlik, (a) 'n (onbewuste) inhiberende deel ('n primitiewe, irrasionele, hoogs bestraffende deel van die persoonlikheid); en (b) 'n (relatief bewuste) ego-ideaal. Tydens die vroeë kinderjare (Oedipus-stadium) vind daar identifikasie met die ouers plaas; hulle waardes word net so oorgeneem, asof hulle hul woede - wat dan op die ego gerig word en help om laasgemaakte te verdedig teen instinktuele id-impulse. As die ego misluk, word hy dan „gestraf" deur die superego (gewoonlik deur middel van 'n skuld-gevoel). Die McCords ⁽²²⁾ lewer egter die volgende kritiek op hierdie siening: Freud misken die kompleksiteit van die gewete; volgens hom is alle morele angste te wyte aan 'n oorspronklike vrees vir die ouerlike vergelding - met ander woorde, hy erken slegs die outoritêre tipe gewete, "the harsh, authoritarian, intropunitive conscience of the typical neurotic patient." As gevolg van sy klem op vroeë kindertydervaringe kan die Freudiaan nie individuele verskille in reaksie

op feitlik identiese omgewingsinvloede verklaar nie, en ook nie afwykinge van die ouerlike model of skielike veranderinge in morele gedrag (byvoorbeeld as gevolg van „bekering“) nie. Bowendien is die allesoorheersende belangrikheid van vroeë kindertydervaringe vir alle individue ook nog nie (volgens die McCords) voldoende empiries bewys nie.

Die McCords self glo dat daar nie slegs twee vlakke van die gewete (naamlik die bewuste en onbewuste) is nie, maar vyf. Hulle is:

1. Die onbewuste inhiberende vlak (sekere begeertes is so absoluut onderdruk dat hulle in die praktyk nie meer bestaan nie - byvoorbeeld kannibalisme, bloedskande, openbare naaktheid, ens. - maar in gevalle waar daar geen sosialisasie plaasgevind het nie, byvoorbeeld in sommige outistiese kinders en by sekere primitiewe stamme, kom dit wel nog voor).
2. Die bewuste inhiberende vlak (begeertes word onderdruk deur middel van morele angs - byvoorbeeld vrees vir gevolge, verlies van status, goedkeuring van ander, integriteit, ens. - maar in die geval van psigepate het sosialisasie nie hier plaasgevind nie).
3. Die retrospektiewe inhiberende vlak ('n ontoelaatbare begeerte kom by iemand op, hy gee toe daaraan en voel dan agterna skuldig daarvoor - dikwels is dit 'n kompulsiewe bese sirkel soos in die geval van neurote, homoseksueles, alkoholiste, ens.).
4. Soms gee 'n persoon se gewete hom ideële voorskrifte wat hy dan verbaal bely en „nastreef,“ maar nie in die praktyk uitvoer nie.
5. Andersins gee 'n persoon se gewete hom aktiewe voorskrifte wat hy eenvoudig moet uitvoer - met ander woorde, so 'n persoon se gewete beheer sy lewe in die praktyk en sulke persone word dan dikwels morele helde soos heiliges, martelare, ens..

Daar bestaan ongelukkig geen eenvoudige verhouding tussen die verskillende vlakke nie en 5. kan dus gekombineerd voorkom met hoë of laer bewuste inhibisie, 4. gekombineerd met laer inhibisie, hoë retrospektiewe inhibisie, ens.; soms kan inhibisie hoog wees in een area van gedrag en laag in 'n ander, ens..

(xiv) Konstantheid van waardes: Volgens die siening van Lecky (aangehaal deur Bills ⁽⁵¹⁾) dien waardes wat deel uitmaak van 'n mens se persoonlikheid as verskansings ("barriers") om nuwe opponerende waardes uit te hou, ten einde vir die individu 'n konstante en konsekwente waardestelsel wat die kern van sy persoonlikheid uitmaak, te verseker. Nuwe waardes kan egter, indien hulle nie direk verwerp word nie, gemodifiseer word sodat hulle wel (in gewysigde vorm) by die ou waardes kan aanpas; of anders kan ou waardes só gemodifiseer word dat hulle wel die toelating van nuwe waardes moontlik maak (laasgenoemde is egter 'n meer radikale en dus seldsamer proses).

Volgens Bills ⁽⁵¹⁾ stem onder andere Snygggs en Combs, asook Rodgers, met hierdie siening van waarde-aanleer en -verandering saam. Hy (Bills) lei dan ook daaruit af dat waardes (hul inhoud sowel as hul buigsaamheid) die leerproses sal beïnvloed, en hyself het ook eksperimenteel getoon dat ooreenstemming van die waardes van studente en dosente eersgenoemde se klaspunte beïnvloed (selfs al berus laasgenoemde ook op objektiewe eksamens). Ander studies wat 'n verband gevind het tussen waardes en terapeutiese sukses, waardes en vriende-en beroepskeuse, waardes en leervermoë, ens. (word later aangehaal) sluit dan ook hierby aan.

(xv) Bewustheid van waardes: Die vraag ontstaan nou hoe bewus hierdie proses van waardeverkryging is, en dit bring ons by studies na die verband tussen objektief gemete en subjektief uitgesproke waardes. Nickels en Renzaglio ⁽¹¹⁸⁾ gee 'n kort opsomming van die werk wat in

dié verband gedoen is (te wete deur Pintner, Anderson, Stanley, Vernon en Allport, Fensterheim en Tresselt) en het self 'n studie uitgevoer waarvan die resultate min of meer met die ander ooreenstem, naamlik dat daar oor die algemeen wel 'n noemenswaardige verband bestaan tussen die twee. Individue verskil egter baie (soos Piaget en andere ook reeds aangetoon het) ten opsigte van hul vermoë om hul eie objektief gemete waardes subjektief te kan skat. Groepe by wie die ooreenkoms tussen die twee hoog is, is onder andere dié wie se punte vir die onderskeie waardes baie uiteenlopend is; mans met 'n lae religieuse telling, en mans en dames met dominerende waardes wat ooreenstem met dié van hul geslagsgroep. Volgens Anderson (44) is dit veral die jonger groep wat baie min selfinsig in hul waardes toon; en is dit veral die teoretiese waarde wat dikwels oor-, en die sosiale en politiese waardes wat onderskat word, terwyl die ekonomiese waarde taamlik korrek geskat word. Hierdie bevindinge sluit dan ook aan by die stelling van verskeie (reedsgenoemde) teoretici dat 'n persoon (en veral 'n onvolwassene en neuroot) nie noodwendig van sy dominante waardes bewus is nie, en dat dit gevolglik die taak van die terapeut en voorligter is om sulke persone te help om hul eie waardes te leer ken, indien noodsaaklik te wysig, en in harmonie daarmee te leef.

(xvi) Samevatting: Hoewel daar dus nog nie eenstemmigheid bestaan oor die presiese proses waarvolgens waardes verkry, konstant gehou word en ontwikkel nie, het sommige (reedsgenoemde) teoretici wel aanneemlike teorieë daarvoor voorgestel. Dat 'n persoon se waardestelsel meer konstant as veranderlik is, blyk verder onder andere uit die verband wat gevind is tussen waardes en gedrag (in dié mate dat ons kan sê dat waardes gedrag beïnvloed). Dat persone (in 'n mindere of meerdere mate) ook bewus is van hul waardes en dus in mindere of meerdere mate hul gedrag kan beplan op grond van kennis van hul waardestelsel, is ook aangetoon.

'n Bespreking van die belangrikste waarde- (en verwante) tipologieë :

(i) Inleiding: Dat mense van mekaar verskil ten opsigte van motivering en lewensuitkyk is algemene kennis, en nie slegs sielkundiges is daarvan bewus nie. Dobzhansky ⁽⁹⁾ haal die filosoof George Sarton aan wat sê dat sommige mense byvoorbeeld meer geneigd is tot abstrakte denke en gevolglik veral dink aan ontasbare dinge soos eenheid, God, oneindigheid, ens.; terwyl ander se denke meer konkreet is en handel oor dinge soos gesondheid en siekte, wins en verlies, ens.; hulle vind nuwe praktiese instrumente en geneesmiddels uit en is minder geïnteresseerd in die verkryging van nuwe kennis as in die praktiese toepassing van dit wat hulle reeds weet, hulle probeer dinge laat werk en betalend wees, probeer genees en onderrig. Terwyl eersgenoemde tipe bekend staan as dromers, staan laasgenoemde bekend as prakties en nuttig - en albei is nodig vir die mensdom. Ook volgens Dobzhansky weet ons nog nie tot watter mate die verskille tussen die twee tipes veroorsaak is deur variasies in die genes en/of omgewings van die twee nie. Albei tipes is egter, volgens hom ook, noodsaaklik as gevolg van die groot verskeidenheid funksies wat vervul moet word in die menslike kultuur.

(ii) Tipologieë wat berus op verskille in liggaamsbou en temperament: Gedurende die loop van die eeue is daar dan ook verskeie pogings aangewend om die mensdom op grond van temperament en/of persoonlikheidsfaktore in verskillende tipes in te deel, met die doel om die mens beter te kan voorspel. So byvoorbeeld het die Griekse geneesheer, Hippokrates, ⁽³¹⁾ die mensdom ingedeel in vier basiese tipes, naamlik:

1. die sanguiniese (opgewekte) tipe;
2. die melancholiese (swartgallige) tipe;

3. die flegmatiese (stadige en afsydige) tipe; en
4. die choleriese (opvlieënde) tipe.

Verskeie eeue later het Kretschmer ⁽³¹⁾ sy indeling gemaak van drie tipes, naamlik:

1. die asteniese tipe (wat stil, teruggetrokke, koud, beleefd en sensitief is);
2. die pikniese tipe (wat goedgeaard, lewensgenietend en sosiaal is); en
3. die atletiese tipe (wat fors, sterk, atleties en energiek is).

Sheldon ⁽³¹⁾ se tipes sluit aan by dié van Kretschmer, maar hy noem hulle net anders, naamlik:

1. viscerotonie (gekenmerk deur gemaklikheid, geselligheid, voorliefde vir gerief, gemak, lekker kos en ander se geselskap);
2. somatotonie (gekenmerk deur gespriedheid, krag, avontuurlikheid, aktiwiteit, luidrugtigheid); en
3. serebrotonie (gekenmerk deur inhibisie, teruggetrokkenheid, gespannendheid en 'n neiging om stil en on-sosiaal te wees).

Al drie hierdie teoretici het hul tipes in verband gebring met verskille in liggaamsbou en dit ook tot 'n mate empiries bewys.

(iii) Jung se psigiese funksietipologie: Jung ⁽¹⁷⁾ het, op sy beurt, die mensdom verdeel in twee persoonlikheidstipes, naamlik introverte (wat teruggetrokke en gehinbeerd is) en ekstroverte (wat na buite gerig en gesellig is), maar het ook verder gegaan, in aansluiting by sy siening van die psigiese bewussyn wat bestaan uit vier funksies, naamlik: denke, intuïsie, gevoel en sensasie. Volgens hom is so 'n psigiese funksie 'n wyse waarop psigiese data waargeneem, begryp en geassimileer word. So byvoorbeeld is denke die funksie wat die

wêreld probeer verstaan en die individu daarby laat aanpas deur middel van denke of kognisie – dit wil sê logiese afleidings. Gevoel is die funksie wat die wêreld probeer verstaan deur middel van 'n evaluasie wat berus op die gevoelens van aangenaam of onaangenaam, aanvaarding of verwerping. Sensasie neem dinge waar soos hulle is (sonder evaluasie of interpretasie), of soos hulle deur middel van die sintuie tot ons kom. Intuisie neem waar deur middel van 'n onbewuste innerlike persepsie van die inherente potensie van dinge. Alle mense besit al vier funksies, maar daar is altyd een van die vier wat domineer; al vier is dan ook gedurig in 'n hiërargie van belangrikheid gerangskik, en in almal van ons is daar een of meer funksie(s) wat altyd sterk en oorwegend is terwyl die ander 'n ondergeskikte rol speel. By die neurotikus of geestesieke is een of meer van sy dominante funksies se ontwikkeling gestrem, of hy het aangeleer om dié funksie wat hy hom die sterkste behoort te wees, te onderdruk en die ander te laat oorheers. Die betekenis van hierdie siening vir die waardeteorie is voor-die-hand-liggend, aangesien 'n persoon se waardestelsel waarskynlik nou aansluit by sy kenfunksie-hiërargie, en neurose sowel as ander vorms van geestesiekte op dieselfde wyse as hierbo (aan die hand van miskende dominante waardes) verklaar kan word.

(iv) Royce se psigo-epistemologiese tipologie: Aansluitend by die teorie van Jung is dié van Royce ⁽²⁸⁾ wat ook glo dat daar vier verskillende maniere is waarop 'n mens die realiteit kan leer ken en interpreteer. Hierdie vier basiese kenwyses berus ook op psigologiese prosesse en elk van die vier lei tot 'n ander motiveringstruktuur en wêreldbeskouing, of, in suiwer vorm, tot 'n ander „-isme." Die korrekte beeld van die realiteit sal 'n integrasie van al vier (moontlik nog meer) wees, en elke mens maak dan ook in mindere of meerdere mate van al vier gebruik; maar een van die vier oorheers altyd.

Hierdie vier kenwyses is die volgende:

1. rasionalisme (proses: denke; realiteitskontinuum; logika);
2. intuisionisme (proses: gevoel/intuïsie; realiteitskontinuum; insig);
3. empirisme (proses: sintuiglike waarneming; realiteitskontinuum; persepsie);
4. outoritarianisme (proses: geloof; realiteitskontinuum; ideologie).

So byvoorbeeld sal die teoretiese wetenskaplike waarskynlik die volgende hiërargie hê:

1. rasionalisme; (2) empirisme; (3) intuisionisme;
4. outoritarianisme, ens.

Almal maak egter van al vier gebruik, alle uitgangspunte berus byvoorbeeld op 'n dogmatiese (outoritêre) aanname dat daardie spesifieke een die beste is en na waarheid lei. So byvoorbeeld glo die empiris dat ons slegs kan seker wees van kennis wat ons bekom het deur middel van sintuiglike ervaring; die intuisionis dat die enigste ware kennis tot hom kom deur middel van onmiddellike apprehensie; die rasionalis dat kennis slegs moontlik is langs die weg van rasonele of logies konsekwente denke; die outoritarianis dat kennis slegs waarde het indien dit meegedeel word deur middel van 'n aanneemlike outoriteit. Vanselfsprekend sal die dominante waardes van elke persoon dan ook ooreenstem met sy dominante uitgangspunt of kenpatroon.

(v) Horney en Fromm se sosiaalsielkundige tipologie:
Volgens Horney ⁽²⁵⁾ kan die mensdom ingedeel word in drie groepe, te wete 1. diegene wat na mense toe beweeg (die sosiale, tegemoetkomende tipe); 2. diegene wat weg van ander mense beweeg (die teruggetrokke, geïnhibeerde, on-sosiale tipe); en 3. diegene wat teen ander mense beweeg (die dominerende, aggressiewe tipe).

'n Ander sosiaal-psigoloog, Erich Fromm, het die mens weer in vyf verskillende karaktertipes ingedeel:

Die vier sogenaamde nie-produktiewe oriëntasies, naamlik:

1. die reseptiewe oriëntasie-tipe (aanvaardend, lojaal, tegemoetkomend, masochisties);
2. die uitbuitende oriëntasie-tipe (grypend, dominant, outoriter, sadisties);
3. die opwarende oriëntasie-tipe (behoudend, handhawend, terugtrekkend, destruktief); en
4. die bemerkende oriëntasie (ruilend, onverskillig, gelykmakend); en

die enigste produktiewe oriëntasie-tipe

5. wat gekenmerk word deur arbeidsaamheid, liefde en redelikheid. Soos te verwagte, bepaal elke oorheersende oriëntasie (want een persoon mag 'n bietjie van al vyf besit, hoewel een altyd oorheers) die individuele lewensiening, strewe en gedrag - en gevolglik ook sy waardes.

(vi) Edwards se motiverings-tipologie: Edwards (12) het 'n persoonlikheidstoets, die "Edwards Personal Preference Schedule," opgestel waarin hy die sterkte van 15 dominante persoonlikheidstrekke of motiverings by elke proefpersoon toets. Hierdie 15 motiverings is gekies uit Murray se lys van empiries-gemanifesteerde behoeftes, en lui soos volg:

1. prestasie (achievement); 2. onderwerping (deference);
3. orde (order); 4. vertoon (exhibition); 5. outonomie;
6. affiliasie; 7. aanvaarding (introception); 8. hulp of steun (succorance); 9. dominansie; 10. vernedering (abasement);
11. versorging (nurturance); 12. verandering; 13. uithouvermoë; 14. heteroseksualiteit; 15. aggressie.

Hoewel dit 'n wye veld dek, kan daar egter teen hierdie lys ingebring word dat dit baie lank en gedeeltelik oorvleuelend is.

(vii) Super se algemene sielkundige en waarde faktore:
Op grond van die resultate van 'n faktorontleding (punte is toegeken aan 88 graad 9 skoolseuns vir

- (a) werkwaardes, soos gemeet deur die "Work Values Inventory" van Super;
- (b) intrinsieke-ekstrinsieke waardes, soos blyk uit onderhoude;
- (c) intellektuele, sosio-ekonomiese en kulturele status;
- (d) prestasies (akademies, buitemuurs, onafhanklikheid, ens.);
- (e) belangstelling, soos gemeet deur die "Strong Vocational Interest Blank";
- (f) aanpassing; en
- (g) beroepsrypheid)

het Super ⁽¹⁴⁵⁾ die volgende tien algemene sielkundige faktore verkry:

1. nie-materiële kulturele (intellektuele) belangstellings;
2. kulturele utilisering (gebruikmaking van omgewingsmoontlikhede vir persoonlike ontwikkeling);
3. manipulasie van mense vs. manipulasie van dinge of idees;
4. sosiale kontak vs. inhoud;
5. klem op die sigbare, onmiddellike, lonende, ekonomiese werksaspekte, vs. klem op die minder onmiddellike, indirekte byprodukte van werk;
6. gerigtheid op ander vs. gerigtheid op die self (passiewe reseptiwiteit vs. aktiewe kreatiwiteit);
7. plesier- vs. taak- georiënteerdheid;
8. isolasie vs. sosiale effektiwiteit;
9. gegewe vs. verdiende status;
10. denkende introversie vs. konformiteit.

Volgens Super kan veral faktore 4, 5, 6, en 7 as waardes beskou word; No. 1 is sowel waarde as belangstelling, en No. 3 slegs belangstelling; 8, 9 en 10 is persoonlikheids- en aanpassings-faktore, terwyl 2 'n prestasiefaktor is. Daar kan egter gepraat word van ses waarde-faktore indien die twee vir belangstelling bygevoeg word.

(viii) Thurstone en Strong se algemene belangstellings-faktore: Op grond van Strong se data oor die interkorrelasies van 18 beroepsbelangstellings het Thurstone ⁽¹⁴⁸⁾ deur middel van faktor-analise vier hoof-faktore gekry wat hierdie korrelasies ten grondslag lê en gevolglik as algemene belangstellings- (en dus tot 'n mate ook waarde-) rigtings beskou kan word:

1. belangstelling in die wetenskap;
2. belangstelling in (die gebruik van) taal;
3. belangstelling in mense;
4. belangstelling in besigheid.

Volgens Strong ⁽¹⁴⁴⁾ is daar ook 'n vyfde duidelike faktor (wat egter nie so maklik definieerbaar is nie) - veral indien nie slegs 18 nie, maar 24 beroepe se interkorrelasies in aanmerking geneem word. Belangstelling in 1. word waarskynlik, volgens hom, hoofsaaklik bepaal deur algemene intelligensie ($r = +.91$); belangstelling in 3. deur manlikheid-vroulikheid ($r = +.86$); en in 4. deur belangstellingsvolwassenheid ($r = +.83$).

(ix) Guilford et al se basiese belangstellings-dimensies: Guilford, Christenson et al ⁽⁹¹⁾ het ook probeer om deur middel van 'n komprehensiewe faktor-analise 'n kennis van basiese belangstellings-dimensies (dimensies wat „bronne van menslike bevrediging" verteenwoordig) te bekom. Vir die doel van hul studie is belangstelling gedefinieer as 'n „veralgemeende gedragstendens wat 'n individu moet hê om aangetreke te word tot 'n sekere klas van aktiwiteite of dryfvere" ('n definisie wat ná kom aan dié van waarde, gevolglik word hul

bevindinge hier ingesluit). Hulle het begin deur 33 hipoteses te neem aangaande die aard van die primêre belangstellings, asook 100 ondergeskikte hipoteses waarvoor vir elk 'n 10-itemtoets opgestel is. Dit is toegepas op twee groepe lugmagmanne; 'n groep van 600 gewone manskappe en 'n groep van meer as 700 offisiere. Na aparte faktoranalise van die gegewens verkry van die twee groepe is 24 sentrale faktore vir die gewone manskap-en 23 vir die offisiërsgroep verkry. Sewentien faktore was dieselfde by albei die groepe, en van hulle is daar, volgens die navorsers, sewe wat definitief beskou kan word as beroepsklasse of -stereotipes, naamlik:

1. meganiese belangstelling;
2. wetenskaplike belangstelling;
3. sosiale welsynsbelangstelling;
4. belangstelling in estetiese ekspressie;
5. klerklike belangstelling;
6. besigheidsbelangstelling;
7. belangstelling in buitelugwerk.

Die res kan beskou word as basiese belangstellingsfaktore waarvan sommige beroepsimplikasies van 'n baie breë aard het. Hulle is: (eers die gesamentlikes:) avontuur vs. sekuriteit; estetiese waardering; kulturele konformiteit; onafhanklike optrede vs. afhanklikheid; behoefte aan afleiding; outistiese denke; behoefte aan aandag; weerstand teen restriksie; fisiese dryfkrag; aggressie; (*dié by slegs die gewone manskap-groep:) denke; ekspressiwiteit vs. terughoudendheid; geselligheid ("sociability"); behoefte aan 'n simpatieke omgewing; noukeurigheid; sosiale inisiatief ; (*dié by slegs die offisiërs-groep:) kulturele belangstelling; geordendheid vs. ongeordendheid; belangstelling in liggaamlike fiksheid; ambisie; behoefte aan verskeidenheid.

(x) Kuder se algemene belangstellingsrigtings en werksituasie-voorkeure: Kuder ⁽²⁰⁾, wat ook verskeie

belangstellingstoetse opgestel het, onderskei weer tussen die volgende tien algemene belangstellingsrigtings, naamlik: 1. sosiale; 2. buitenshuise; 3. oorredende; 4. meganiese; 5. wetenskaplike; 6. klerklike; 7. rekenkundige; 8. artistiese; 9. literêre; en 10. musikale rigtings.

Volgens Guilford et al ⁽⁹¹⁾ is sommige van sy onderskeidings (byvoorbeeld dié tussen artistiese, literêre en musikale belangstellingsrigtings) egter té kunsmatig en ongegrond). In 'n ander toets, die Kuder Preference Record Personal ⁽²⁰⁾ maak Kuder minder fyn en meer algemene onderskeidings ten einde voorkeur vir sekere algemene werksituasies te toets:

1. 'n voorkeur vir bekende en stabiele situasies;
2. 'n voorkeur vir aktiwiteit in groepe;
3. 'n voorkeur om met idees te werk;
4. 'n voorkeur om konflik te vermy;
5. 'n voorkeur om ander te lei of te beïnvloed.

Aangesien dit moeilik is om te onderskei tussen sommige van Kuder se algemene belangstellingsrigtings sowel as sy werksituasie-voorkeure en waardes (soos hier bespreek), word eersgenoemde ook hier vermeld. Daar is dan ook 'n hele paar items in die Kuder-toetse wat na regte eerder in 'n Waardevraelys (as 'n Belangstellingstoets) tuishoort.

(xi) Creegan se twee waardetipes: Volgens Creegan ⁽⁷⁾ is daar veral twee waardetipes en hulle verskil van mekaar hoofsaaklik in die wyse waarop hulle hulself verdedig teen misleidende wense en verwagtinge. Hulle is:

1. die Puriteine, en 2. die Eksperimentaliste; hoewel 'n derde, die Libertyne, ook soms voorkom:

Die Puritein probeer sy ambisies tot 'n minimum beperk en sy gedragsroetines vereenvoudig en konsolideer. Puriteinse standarde verminder die kanse op onaangename verrassings deur "minimizing of risktaking in general."

Enigiemand wat in staat is tot self-frustrasie van enige

aard terwille van 'n ideaal het iets van die Puritein in hom. Op morele gebied is die Puritein wetties ("a legalist in the ancient Hebraic sense of the term"), of anders 'n plig-teoretikus soos Kant. Op estetiese gebied is hy 'n primitivis soos Emily Dickenson of 'n klassikus soos T.S. Eliot. Op kenteoretiese gebied is hy 'n aanvaarder van 'n leerstelling - sy dit die fundamentalistiese Christendom, Kommunisme, Logiese Positivisme, of 'n ander vorm van wetenskaplike, filosofiese of godsdienstig dogma. Ten einde aan verwarrende gedagtes te ontkom, toets en beoordeel die Puritein alle ander wetenskappe, leerstellings en leermeesters vanuit sy selfverkose teoretiese uitgangspunt; "there is thus strict monogamy here." Die Libertyn, daarenteen, kom in opstand teen Puriteinse standaarde ten gunste van onbegrensde sensuele genieting, of onbegrensde artistiese eksperimentering, of onbegrensde intellektuele spekulering. Dit bied egter geen oplossing vir die basiese probleem van misleidende wense nie, en is dus dikwels self-destruktief. Die enigste ander (en beste) oplossing is dié van die Eksperimentalis. Syne is die weg na die ontdekking van onbekende konstruktiewe moontlikhede. Eksperimentalisme kan egter slegs bly bestaan indien selfbeheer en sosiale reëling die verskeie eksperimentele aktiwiteite met mekaar versoen; "cultural survival depends upon a systematic continuous experimentalism, and those who identify the experimental way of life with moral anarchy are enemies of both survival and the quest for self-transcendence." (7, pp.956-7)

'n Eksperimentalis is iemand wat nie bang is om te waag wanneer die lewe en sy eie ontwikkeling dit vereis nie.

(xii) Stern, Stein en Bloom se tipologie: Stern, Stein en Bloom ⁽³²⁾ stel ook 'n tipologie voor wat hulle empiries uitgetoets het op kollegestudente. Volgens hulle is daar drie tipes, naamlik:

1. die Stereopate; 2. die Nie-Stereopate, en 3. die Rationeles. (Eersgenoemde kan ook beskryf word as

outeritêr, die tweede groep as humanitêr en laasgenoemde as teoreties.)

Die Stereopaat se lewe en sosiale verhoudings word gekenmerk deur onpersoonlikheid en wettisisme; aanvaarding van gesag as absoluut; inhibisie en ontkenning van impulse; strenge geordendheid en konformisme; inhibisie veral van vyandige gevoelens teenoor gesagsfigure (soms word ouerlike figure egter nie gehoorsaam nie, onder voorwendsel van „hoër” gesag soos byvoorbeeld Godsdiens, Staat, ens.); skuldgevoel, met periodieke uitbarstings wat egter nie lei tot katarsis nie; weinig introspeksie; paranoïese vrese; sadisme-masochisme; egosentriese en infantiele persepsies en geloof; tradisionalisme; onbuigsaamheid en geslotenheid („verkramptheid”). As student glo so 'n persoon dat hoër onderwys spesifiek bedoel is om 'n student op te lei om die spesifieke vermoëns wat hy sal nodig hê vir sy latere beroep te ontwikkel; hy glo nie aan ope besprekings nie maar verkies om hom streng by die inhoud van die leerplan te bepaal. Hy is 'n praktiese persoon en het gewoonlik streng ouers gehad.

Die Nie-Stereopaat, daarenteen, word gekenmerk deur sy intieme en geïndividualiseerde persoonlike verhoudings: verwerping van gesagsfigure; spontane en aanvaardende impulsiewe nonkonformiteit, en buigsaamheid van gedrag; 'n houding van openheid; permissiewe en soms oorbeskermende ouers (in laasgenoemde geval sal hy in opstand kom teen hulle); spesifieke angs waarop gehandel word; hoë waardering vir interpersoonlike verhoudings; intellektuele en estetiese belangstellings; selfekspresie en ervaringsgenieting. Hy is 'n kampvegter vir diegene teen wie daar gediskrimineer word asook vir minderbevoorregtes; sy eie afhanklikheidsbehoeftes word sô omgesit in versorgende neigings. Hy is introspektief en bewus van sy eie emosionele en fisiese toestand.

Die Rasionele se sosiale verhoudings is onpersoonlik en "distant"; hy stel meer belang in idees as in mense.

Sy ouers is gewoonlik vroeg oorlede, was afwesig tydens sy kinderjare, of anders net onbelangstellend en onverskillig; hy sien ouerfigure dus as feilbaar en voel dat sy lewe deur die noodlot beheer word. Hy glo dat opstand toelaatbaar, maar nutteloos en futiel is; hy beskou homself as swak en sy angs is diffuus; hy is geneig tot intellektualisering. Sy superego en ego is nie sterk geïntegreerd nie, en hy is dus geneig om sy emosies en impulse nie sterk te beheer nie; hy voel sy emosies egter ook nie baie sterk nie. Hy is passief, en sy vyandigheid word gewoonlik verbaal uitgedruk in sinisisme of kritiek. Hy is dikwels onprakties, en sy energie is gerig op intellektuele aktiwiteite.

(xiii) Die McCords se „gewetens-tipologie“: Die McCords (22) se „gewetens-tipologie“ berus op hul siening van die vier verskillende oorspronge of oriëntasies van morele angs, naamlik:

1. hedonistiese; 2. outoriteit-gebriënteerde; 3. andergerigte; en 4. integriteitsang. By enkele individue sal hierdie vier tipes morele angs ewe sterk verteenwoordig wees, maar by die meeste mense is een van die vier oorheersend. Hedonistiese angs impliseer vrees vir die onaangename gevolge van 'n daad, wat 'n persoon dan moontlik sal verhinder om die daad te pleeg; so iemand het weinig geïnternaliseerde morele standaarde en sy gedrag word bepaal deur vrees en plesier, eerder as deur geloof aan reg of verkeerd. Outoriteit-gebriënteerde angs volg konsekwent die wetlike reëls of wense van 'n godsdienstige, politieke, of ouerlike outoriteit; die basiese angs wat so iemand dryf, is vrees vir verlies van outoritêre goedkeuring en gevolglike status-verlies (dit is die Freudiaanse tipe gewete); so 'n persoon het sekere onbuigsame standaarde oorgeneem van een of meer gesagsfigure, en is bereid om plesier, goedkeuring van ander en selfs integriteit op te offer daarvoor (hy stem dus ooreen met Adorno se siening van die „outoritêre persoonlikheid“ en

Riesman se siening van die „tradisie-gerigte persoon.“) Die ander-gerigte gewete volg konsekwent die voorskrifte van 'n primêre groep uit vrees vir verlies van liefde; so iemand sal dus plesier, integriteit, selfs etiese standaarde opoffer ter wille van groepsgoedkeuring; is laag geïnhibeerd en stem ooreen met Riesman se siening van die „andergerigte persoon.“ By die integriteitsge-oriënteerde gewete is die basiese ang 'n vrees vir verlies van identiteit of integriteit: Iemand met hierdie tipe hoogs-geïnternaliseerde, intro-punitiewe gewete is gewillig om sowel ander se opinie as die reëls van outoriteite te ignoreer ter wille van sy integriteit; inhibisie kom dus hier heeltemal van 'n innerlike bron.

Die vorm van ang wat aanwesig is in 'n persoon se gewete bepaal egter glad nie die inhoud van die waardes wat hy bewustelik nastreef nie. Nogtans kan daar meer akkurate voorspellings van gedrag gemaak word vanuit kennis van die oriëntasie en bron van die gewete (en dus dieperliggende waardes), as vanuit kennis van die bewuste (dikwels oppervlakkige) waardes van 'n individu.

Ten einde die vier gewetensoriëntasies te onderskei, het die McCords 'n sogenaamde „morele beslissings-toets“ ontwerp, en op grond van die response van hul eerste toetsgroep (107 universiteitstudente en 41 lugmagmanne) was hul in staat om die volgende ses besliste gewetenstipes empiries te onderskei:

1. outoritêre konformiste; 2. integriteits-outoritêre konformiste; 3. ander-gerigte konformiste; 4. integriteitskonformiste; 5. hedonistiese konformiste; en 6. hedonistiese afwykendes.

Die ondersoekers verwag egter om ook die volgende tipes later in 'n groter proefgroep te vind:

7. psigopatiese hedoniste; 8. ander-gerigte konformiste; 9. outoritêre ander-gerigte konformiste; 10. kompulsiewe afwykendes; 11. supra-moralistiese moraliste; en

12. supra-moralistiese afwykendes.

Volgens die McCords sal elkeen van hierdie gewetens-tipes sekere waardes dan interpreteer op sy eie manier en vanuit sy eie standpunt. So sal integriteit byvoorbeeld deur die integriteitstipe beskou word as iets wat verband het met humanitarisme, die outoritêre tipe as iets wat verband het met outoriteit, ens.. In groepsbesprekings sal die ander-gerigte sy opinie die maklikste verander na dié van die groep, die outoritêre persoon na dié van gesag-hebbendes, die hedonis en ander-gerigte sal nie maklik teenstand uitspreek nie, en die integriteitstipe wel, ens.. Laasgenoemde tipe sal die maklikste geneig wees tot depressie (weens hul skuldgevoel omdat hul nie leef volgens hul ego-ideaal nie), maar ook ander-gerigtes wat ostrasisme en liefdesverlies vrees; outoritêre en hedonistiese tipes die minste. Integriteitskonformiste sal die maklikste beslissings kan vel - byvoorbeeld in tyd van oorlog; hedoniste sal die swakste vegters wees, outoritêre offisiere sal nie maklik kan funksioneer as hulle hul eie beslissings moet vel nie, en hedonistiese afwykendes sal die meeste dissiplinêre probleme veroorsaak.

Hoewel 'n groot deel van die McCords se teorie logies klink en dit gedeeltelik ook empiries bewys is, was die toetsgroep egter te klein om die geldigheid van al twaalf die tipes (en hul beskrywings) te bewys; ook is dit 'n ope vraag of die toetslinge al die vrae (byvoorbeeld oor hoe en waarom hul besluite neem, ens.) eerlik beantwoord het of selfs eerlik kon beantwoord, want by baie mense is dit dikwels 'n onbewuste, onberedeneerde proses.

(xiv) Gorlow en Noll se empiries-verkreë waarde-tipologie: Gorlow en Noll ⁽⁸⁷⁾ kritiseer ook die „konseptuele” waardetipologieë van sommige teoretici (soos Spranger), op grond van die feit dat dit nie berus op empiries-verkreë waardes nie. Hulle het dus self probeer

om 'n stel empiries-afgeleide waardes (wat terselfdertyd minder abstrak is as byvoorbeeld dié van Morris) te identifiseer, asook om verwantskappe vas te stel tussen waardes en ander veranderlikes soos ouderdom, geslag, huwelikstaat, politieke affiliasie, kerklidmaatskap, ens., wat konstruksiegeldigheid sou verleen aan die verkreë waardestelsels. Op grond van faktor-analise (uit die response van 75 eerstejaar-sielkundestudente wat items moes opstel oor die onderwerpe "sources of meaning in life" en "sources of pleasure in life," en "goals in life" is 75 nie-oorevleuende items gekies wat toe deur die proefgroep - 112 persone met verskillende agtergronde - beoordeel moes word) is agt faktore of waardepatrone gevind wat toe verder gekorreleer is met vraelysinformasie aangaande bogenoemde veranderlikes. Die faktore en bevindinge daaromtrent was die volgende:

Faktor 1: Affiliatiewe Romantici: dek 27% van die algemene variansie; N-lading: +43; Kenmerke: hoogste waardes is wedersydse liefde, sensitiwiteit teenoor ander, warme emosionele responsiwiteit; heg minwaarde aan beheer of oortreffing van ander; Korrelasies: neiging tot manlikheid en nie-eersgeborenhed.

Faktor 2: Waardeerders van Statussekuriteit: dek 25% van algemene variansie; N-lading: +39; Kenmerke: heg hoë waarde aan status, sekuriteit, rykdom, prestasie, seksuele vermoëns; heg minder waarde aan morele, etiese en religieuse items; Korrelasies: neiging om nie godsdienstig te wees of aan godsdienst deel te neem nie, om Joods te wees, om polities en andersins ongeaffilieerd en nie Protestants of Katoliek te wees nie.

Faktor 3: Intellektuele Humaniste: dek 13% van algemene variansie; N-lading -18; Kenmerke: soeke na waarheid is hoogste waarde, asook affiliasie met humanitêre pogings, bydrae tot gemeenskap, solidariteit met mensdom; hul heg minder waarde aan sukses, persoonlike plesier en oordeel van ander; Korrelasies: neiging tot sterk

politieke gevoel en lidmaatskap van aktiwistiese groepe, om getroud te wees, om nie 'n student te wees nie, en nie 'n Katoliek of lid van 'n godsdienstige groep te wees nie.

Faktor 4: Gesinswaardeerders: dek 9% van algemene variansie; N-lading: +12; Kenmerke: waardeer liefde, die huwelik en kinders hoog; heg minder waarde aan beheer, sukses en status; Korrelasies: meer waarskynlik vroue en getroud; nie religieus of Katoliek geaffilieer nie, of anders lede van klein religieuse groepies.

Faktor 5: Individualiste ("Rugged Individualists"); dek 5% van algemene variansie; N-lading: +5; Kenmerke: waardeer alleenheid ("solitude"), individualiteit en onafhanklikheid hoog; heg minder waarde aan humanitêre pogings, belangstelling in en lojaliteit aan (asook deel met) ander mense; Korrelasies: neig om nie sterk politieke gevoel te hê nie.

Faktor 6: Nie-eisende Passiewes: dek 7% van die algemene variansie; N-lading: +7; Kenmerke: heg hoë waarde aan algemene stabiliteit, ontspanning, en minder waarde aan strewing; Korrelasies: neig om ouer te wees.

Faktor 7: "Boy Scouts": dek 5% van algemene variansie; N-lading: +2; Kenmerke: heg hoë waarde aan nuttig wees, is optimisties en aktief; heg minder waarde aan politieke wysheid, seks en fisiese aantreklikheid; Korrelasies: neig om liberaal te wees, nie sterk politieke gevoel te hê nie en ook nie lidmaatskap van en simpatie met aktiwistiese groepe nie.

Faktor 8: "Don Juans": dek 9% van algemene variansie; N-lading: +12; Kenmerke: waardeer fisiese aantreklikheid, sensualiteit en seks hoog; heg lae waarde aan familie-sake soos huwelik, kinders en familie-affeksie; Korrelasies: neig om Katoliek te wees, ongetroud, die oudste kind, jonk, nie 'n lid te wees van aktiwistiese groepe nie, en ouers te hê uit lae inkomstegroepe.

Sommige van bogenoemde faktore stem gedeeltelik ooreen met

die tipes van ander teoretici - maar dié faktortipologie is oor die algemeen heelwat anders as die meeste ander; nogtans reken Gorlow en Noll dat hul tipologie meer empiries gegrond is as byvoorbeeld dié van Spranger en Morris (wat baie meer algemeen aanvaar en gebruik word); veral aangesien die verkreë korrelasies tussen waardes en ander veranderlikes die toets se konstruksie-geldigheid (volgens hulle) bewys. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hul toetsgroep betreklik klein was en Faktor 3 byvoorbeeld glad nie eens voorgekom het nie (slegs die teenoorgestelde daarvan het voorgekom).

(xv) Egbert se waardetipologie: Ook Egbert (96) het 'n waardetoets opgestel, genaamd "A Study of Choices, Form VII" wat individue se waardepatroon probeer meet. Die 15 waardes wat hy probeer meet (en wat sodoende die veld voldoende dek), is die volgende:

1. Estetiese waardering (waardering van skoonheid en kwaliteit van omgewing);
2. Gerief en ontspanning (hoofsaaklik fisiese gerief, maar in mindere mate ook geestelike gerief);
3. Opwinding (ongewone en "thrilling" ervarings);
4. Vryheid (gebrek aan fisiese, geestelike of morele beperkinge van enige uiterlike bron);
5. Vriendskap (persoonlike gehegtheid aan mense buite-kant die familiekring);
6. Gesinslewe (man, vrou en kinders en hul onderlinge verhoudings);
7. Intellektuele aktiwiteit (geestelike aktiwiteit as 'n doel op sigself);
8. Persoonlike verbetering (verbetering van voorkoms en sosiale grasia);
9. Mag en beheer (beheer oor kennis en volgelinge);
10. Erkenning (prestige);
11. Godsdien (formele godsdien, met besondere klem op geloof in God en 'n lewe na die dood);
12. Privaatheid (om alleen te wees en persoonlike

besittings te hê wat van ander persone weggehou kan word);

13. Sekuriteit (finansieel en fisies);
14. Sosiale lewe (meng met hoër sosiale klas en neem aktief deel aan klubs en naglewe);
15. Sosiale diens (doen dinge vir ander; kom die „Goue Reël" na).

Hierdie lys berus waarskynlik op 'n aantal bekende behoeftes en is redelik verteenwoordigend, hoewel 'n bietjie lank, gedeeltelik oorvleuelend en, in sekere sin, arbitrêr. Dit kan egter wel nuttig gebruik word - soos die navorser en sy medewerkers dan ook aangetoon het.

(xvi) Wickert se algemene begeertes of doelstellings: Wickert ⁽¹⁶³⁾ het ook 'n soortgelyke waardelys opgestel deur middel van sowel rasonale analise as empiriese prosedure en as volg te werk gegaan: 50 volledige en 23 onvolledige waardelyste, opgestel deur verskeie sielkundiges, is geraadpleeg, en die waardes wat die algemeenste sowel as die verteenwoordigendste was, is gekies om 'n kontinuum van 44 waardes (ook genoem „algemene begeertes" of „doelstellings") voor te stel. Hulle is later weer gereduseer tot nege. Hulle lui:

1. Persoonlike vryheid (van beperkinge); 2. Hulpvaardigheid;
3. Nuwe ervaring; 4. Mag en invloed; 5. Erkenning;
6. Respons; 7. Sekuriteit; 8. Submissie en
9. "Workmanship".

(xvii) Rosenberg se (beroeps) waardetipologie: Rosenberg ⁽²⁷⁾ (ook aangehaal deur Underhill ⁽¹⁵⁵⁾) het, in sy analise van die verband tussen waardes en beroepskeuse, van die volgende (beroeps-) waardetipologie gebruik gemaak:

1. Dié wat eerstens 'n geleentheid soek om hul spesiale vermoëns te gebruik;
2. Dié wat eerstens daarin belangstel om baie geld te

verdien;

3. Dié wat eerstens 'n geleentheid soek om skeppend en oorpronklik te wees;
4. Dié wat eerstens belangstel in sosiale status en prestige;
5. Dié wat eerstens met mense wil werk eerder as met dinge;
6. Dié wat eerstens belangstel in 'n stabiele en veilige toekoms;
7. Dié wat eerstens betreklik vry wil wees van ander se supervisie;
8. Dié wat eerstens daarin belangstel om leierskap te beoefen;
9. Dié wat eerstens belangstel in avontuur;
10. Dié wat eerstens na 'n geleentheid soek om ander tot hulp te wees.

Volgens hom kan die tien beroepswaarde-oriëntasies verder vereenvoudig word tot drie waardes-komplekse, naamlik:

- I. die mense-georiënteerde waardekompleks (waardes 5 en 10);
- II. die uiterlike beloning-georiënteerde waardekompleks (waardes 2 en 4); en
- III. die selfekspresie-georiënteerde waardekompleks (waardes 1 en 3).

Hierdie waardekomplekse is empiries aangetoon as sterk verwant aan die keuse van sekere beroepe; so byvoorbeeld is sosiale werk, medisyne en onderwys sterk verwant aan of hoog op I; ingenieurswese en die natuurwetenskappe weer baie laag op I; besigheidsberoepe en die regte hoog op II, terwyl onderwys en sosiale werk weer laag is op II; argitektuur, joernalistiek, drama, kuns en natuurwetenskappe hoog op III, en besigheidsberoepe weer laag op III, ens.. Ander navorsers soos Spaeth ⁽⁴⁰⁾, Davis ⁽⁸⁾, ens., (en die Cornell-groep in die algemeen), het dan ook Rosenberg se bevindinge empiries bevestig (deur middel van baie groot toetsgroepe);

sy lys waardes is net effens deur hulle gewysig, maar het in essensie dieselfde gebly.

Naas die tipologie van Spranger (wat later bespreek sal word) is dié van Morris ^(23, 24) een van dié wat tot op hede die meeste gebruik is in waardenavorsing.

(xviii) Morris se 13 lewenswêre asook die 5 algemene waarde-faktore en 3 primêre persoonlikheidskategorieë hieruit afgelei: Sy 13 waardetipes (ook genoem „lewenswêre”), opgestel op grond van 'n studie van die verskillende belangrikste en mees algemene tradisionele lewensfilosofieë en godsdiensoeskouings, tesame met addisionele voorstelle ingedien deur 'n genoegsame aantal studente, lui as volg:

1. die Apolloniese tipe (behou die beste wat die mens bereik het);
2. die Buddhistiese tipe (kultiveer onafhanklikheid van ander mense en dinge);
3. die Christelike tipe (toon simpatieke besorgdheid vir ander);
4. die Dionisiese tipe (ervaar beurtelings feestelikeheid, genot en eensaamheid);
5. die Mohammedaanse tipe (neem deel aan en geniet die lewe as lid van 'n groep - dit wil sê deur middel van groepsaktiwiteite);
6. die Promethiese tipe (bemeester veranderde omstandighede gedurig);
7. die Maitreyaanse tipe (integreer handeling, genot en kontemplasie);
8. die Eenvoudige genots-tipe (lewe met gesonde, sorgvrye genot);
9. die Stille, reseptiewe tipe (wag in stille reseptiwiteit);
10. die Stoïsynse tipe (beheer die self stoïsyns);
11. die Kontemplerende tipe (mediteer oor die innerlike lewe);
12. die Avontuurlike tipe (hou van fisiese avontuur en

- voer avontuurlike dae uit);
13. die Selfopofferende tipe (gehoorsaam die kosmiese doel).

In sy eerste boek, "Paths of Life" ⁽²³⁾ maak Morris van drie basiese persoonlikheidskomponente melding wat in verskillende kombinasies (want individue verskil ten opsigte van die relatiewe sterkte van die komponente) verskillende persoonlikheidstipes en ooreenstemmende waardepatrone (of lewenswê) tot gevolg het. Hulle is die Dionisiese, die Promethiese en die Buddhistiese persoonlikheidskomponente en hy definieer hulle as volg: (24, p.2) "The dionysian component is made up of the tendencies to release and indulge existing desires... the promethean component of personality is the sum of active tendencies to manipulate and remake the world... the buddhistic component comprises those tendencies in the self to regulate itself by holding in check its desires." In 'n latere boek, "The Open Self," (aangehaal in 24) voer hy drie ander terme, naamlik afhanklikheid (of submissie), dominansie en onttrekking in om die drie basiese komponente van menslike waardebepaling aan te dui. Hulle is verwant aan eersgenoemde drie kategorieë, maar is nie identies nie. Volgens hom is Dionisies die teenoorgestelde van onttrekking, Promethies die teenoorgestelde van afhanklikheid, en Buddhisties die teenoorgestelde van dominansie. Morris het gemeen dat hierdie drie basiese kategorieë (dominansie, afhanklikheid en onttrekking) 'n verband het met Sheldon se drie temperamentele kategorieë van viscerotonie, somatotonie en cerebrotonie, en dat hulle ook verband hou met die basiese kategorieë van Freud, Fromm, Horney, en die ou Hindu-psigoloë. In 'n poging om die situasie verder op te helder en te objektiver, is 14 studente (in 1953) en later nog 15 gevra om die dertien wê in terme van die naamlose maar gedefinieerde kategorieë te bepunt (op 'n 7-punte-skaal). Die kategorieë was as volg gedefinieer:

Kategorie I: Reseptief, responsief, ontspanne, emosioneel warm, laat dinge toe om te gebeur, klem op „wees” (“being”);

Kategorie II: Aktiewe beheer van omgewing, vermoë om te domineer en dinge te veroorsaak, klem op „doen.”

Kategorie III: Afgetrokke, beteueld, self-beheersd, self-bewus, kyk hoe dinge gebeur, klem op „waarneming.”

Die gemiddelde puntetoekenning van al 29 beoordelaars het onder andere getoon dat Weë Nos. 8, 9, 13, 3 en 4 as definitief behorende tot Kategorie I beskou kan word; dat Nos. 12, 6 en 5 as behorende tot Kategorie II; en Nos. 2, 11, 10 en 1 as behorende tot Kategorie III beskou kan word. (No. 7 is natuurlik in die middel as 'n kombinasie van die drie.) In aansluiting hierby het prof. L.V. Jones (aangehaal in 24) 'n faktoranalise onderneem van die skattings-response op die Morris-toets (“Ways of Life”) van 250 manlike studente tussen 21 en 22 jaar (ewekansig getrek uit die groot V.S.A. monster), en slegs faktorladings van +.25 of hoër en -.25 of laer is in aanmerking geneem by sy uiteindelijke interpretasie van die verwerkinge. Vyf faktore is so geïdentifiseer, naamlik:

Faktor A: Sosiale beheersdheid en selfkontrole: Weë 1 en 10 het hier hoë positiewe ladings en 3 'n positiewe sekondêre lading, terwyl 4 'n hoë negatiewe lading het.

Faktor B: Genot en vooruitgang in aksie: Weë 12, 5 en 6 het hier positiewe en Weg 2 negatiewe ladings.

Faktor C: Onttrekking en selfgenoegsaamheid: Weë 11 en 2 het hier hoë positiewe ladings, Weg 9 'n klein sekondêre positiewe lading; en Weg 5 'n negatiewe lading.

Faktor D: Reseptiwiteit en simpatieke besorgdheid: Weë 13 en 9 het hier hoë positiewe en Weg 3 sekondêre positiewe ladings.

Faktor E: Persoonlike bevrediging en sensuele genot: Weë 8 en 4 het hier positiewe en Weë 10 en 13 negatiewe ladings.

Morris verduidelik (beskryf) hierdie vyf faktore as volg verder:

Faktor A: Die klem is hier op verantwoordelike, pligsgetroue, intellektuele deelname aan menslike aktiwiteit. Die oriëntasie is primêr moreel. Daar is 'n bewustheid van die groter menslike en kosmiese omgewing waarin die individu lewe, en 'n aanvaarding van die beperkings wat verantwoordelikheid aan hierdie groter geheel vereis. Die aksent is op die waardering en behoud van dit wat die mens bereik het, eerder as op die invoer van verandering. Die antitese van hierdie faktor is onbeheersde en sosiaal onverantwoordelike genieting.

Faktor B: Die klem is hier op genot in energieke aksie ter wille van die oorkoming van struikelblokke, en op die invoer van verandering eerder as op die behoud van wat reeds bereik is. Hier is 'n vertrouwe in die mens se mag en vermoëns, eerder as versigtigheid en beheersdheid. Die oriëntasie is uitwaarts na die samelewing en die natuur. Die antitese van hierdie faktor is 'n lewe gerig op die ontwikkeling van die innerlike self.

Faktor C: Die klem hier is op 'n ryk innerlike lewe van verhoogde self-bewussyn; die self, eerder as die samelewing, is dus hier die fokus van aandag. Die klem is nie op genot en plesier nie, maar eerder op die vereenvoudiging en reiniging van die self, ten einde 'n hoër graad van selfinsig en -bewustheid te bereik. Beheer en kontrole oor persone en dinge word verwerp, maar nie 'n diepe simpatie vir alle lewende dinge nie. Die antitese van hierdie faktor is samesmelting van die self met die sosiale groep ter wille van groepsprestasie en -genot.

Faktor D: Die klem is hier op ontvanklikheid tot persone en tot die natuur. Die bron van inspirasie kom van buite die self en die persoon leef en ontwikkel in aanbiddende responsiwiteit tot hierdie bron. (Aangesien

daar slegs twee positiewe en geen negatiewe ladings nie op hierdie faktor is, is dit nie so goed gedefinieerd as ander nie; nogtans is dit duidelik 'n verskillende oriëntasie.)

Faktor E: Die klem is hier op sensuele genot - in die eenvoudige genietinge van die lewe, en/of in die plesier van die oomblik ("abandonment to the moment"). Die klem op sosiale beheersdheid en selfkontrole so kenmerkend van faktor A word dan ook hier verwerp. Die antitese van hierdie faktor is verantwoordelike onderwerping van die self aan die sosiale en kosmiese doel.

In 'n omvangryke toets wat uitgevoer is op studente in veral drie verskillende kulture is bevind dat al vyf faktore deeglik verteenwoordig was. Dit blyk dan ook dat hierdie faktor-analitiese bevindinge die drie primêre kategorieë van dominansie, afhanklikheid (submissie) en onttrekking bevestig het deurdat Faktore B, D en C onderskeidelik grootliks daarmee ooreenstem, en terselfdertyd is twee verdere faktore geïdentifiseer. (Die korrelasies van die faktorladings met die beoordelaarspunte was onderskeidelik .84, .58 en .74). Of anders gesien, word die kategorie Afhanklikheid deur Faktor E (Weë 8 en 4 positief, en Weë 10 en 13 negatief) verteenwoordig as oriëntasie tot die self, en deur Faktor D (Weë 13, 9 en 3 positief) as oriëntasie tot ander; die kategorie Dominansie deur Faktor B2 (Weë 12 en 6 positief en Weg 1 negatief) verteenwoordig as oriëntasie tot die self en deur Faktor BI (Weë 5, 3 en 6 positief en Weg 2 negatief) as oriëntasie tot die nie-self; en die Kategorie Onttrekking deur Faktor C (Weë 11, 2 en 9 positief en Weg 5 negatief) verteenwoordig as oriëntasie tot die self, en deur Faktor A (Weë 1, 10 en 3 positief en Weg 4 negatief) as oriëntasie tot die nie-self.

(xix) Variasies op die Morris-tipologie: Dempsey en Dukes ⁽⁶⁶⁾ het onlangs probeer om 'n verkorte, eenvoudige en minder dubbelsinnige vorm van die Morris-toets

te standaardiseer (want die vernaamste kritiek wat teen Morris se toets ingebring kan word, is sy ingewikkeldheid, abstraktheid, en dubbelsinnigheid (as gevolg van té komplekse Weë); en op grond van hul toetsresultate sy 13 lewensweë suiwerder en meer verteenwoordigend van hul verkorte inhoud as volg gedefinieer:

- Weg 1: Waardeer en behou die beste wat die mens bereik het;
- Weg 2: Kultiveer onafhanklikheid en self-kennis;
- Weg 3: Toon simpatieke besorgdheid vir ander;
- Weg 4: Ervaar feestelikheid en sensuele genot;
- Weg 5: Tree aktief op en geniet die lewe deur middel van groepdeelname;
- Weg 6: Oorkom bedreigende magte deur middel van konstante praktiese werk;
- Weg 7: Erken verskeidenheid en aanvaar iets van al die lewensweë;
- Weg 8: Geniet die eenvoudige, maklik bekombare plesiere van die lewe;
- Weg 9: Wag in stille ontvanklikheid vir vreugde en vrede;
- Weg 10: Beheer die self en hou vas aan hoë ideale;
- Weg 11: Mediteer oor die innerlike lewe;
- Weg 12: Maak gebruik van die liggaam se energie vir waagsame daade;
- Weg 13: Laat die groot kosmiese doel toe om jou te gebruik.

Osgood et al ⁽¹²⁰⁾ het die Morris-toets aan 'n groep studente (55 Stanford College-mans) gegee om dit nie net soos gewoonlik te beantwoord nie, maar elke Weg ook te beoordeel volgens Osgood se "Semantic Differential"-skaal. Faktor-analise van die konnotatiewe betekenisse van hierdie lewenswyses, soos gemeet deur die "Semantic Differential," het 'n betreklik duidelike vier faktor-stelsel na vore laat kom, naamlik „dinamika,” „beheer,” „sosialisasie” en „waagsaamheid.” Faktor-

analise van die Semantiese skaal-verhoudings het verder drie duidelike faktore na vore gebring wat vir 'n baie groot deel van die totale variansie kon verantwoord, naamlik „suksesvolheid,” „voorspelbaarheid,” en „vriendelikheid” (“kindness”). Die navorsers sê verder dat die voorkeure vir spesifieke lewenswêre voorspel kan word van die toetslinge se faktorpunte op die eerste konnotatiewe faktor C (suksesvolheid) met 'n korrelasie van .93 (vir gemiddelde voorkeure).

'n Ander studie is verder uitgevoer deur Gorlow en Barocas ⁽⁸³⁾ wat die reaksies van 50 universiteit-studente op die Morris-toets (wat deur die navorsers opgebreek is in korter sinne), en die Firo B-skaal ('n persoonlikheidstoets wat drie dimensies, naamlik Insluiting, Affeksie en Beheer, meet) vergelyk en gefaktoranaliseer het. Ses ongenaamde faktore is so verkry waarvan slegs twee ooreengestem het met Morris se vyf.

Hierdie twee laasgenoemde studies, hoewel interessant, het egter nie veel bygedra tot die wysiging van die Morris-toets of tot die Waardeteorie in die algemeen nie.

(xx) Spranger se Waardetipologie: Die waardetipologie wat tot dusver nog verreweg die meeste aandag geniet het in sielkundige navorsing is dié van Eduard Spranger ⁽³⁸⁾, die Duitse filosoof. Volgens hom (na aanleiding van Pretorius ⁽³⁸⁾) verskil die mens van die dier daarin dat hy kan onderskei tussen goed en kwaad; die mens is dus 'n sedelike en waardebepalende wese, en die betekenis van die mens lê in die waardesisteem wat hy vir homself opgebou het.

Die menslike persoonlikheid word gevorm deur die belewing en nastrewing van waardes; en hierdie waardes rig al sy gedragssuitinge, sy denke, sy gevoel en sy wil. As ons 'n persoon dus wil begryp, dan moet ons sy waardesisteem leer ken. As ons weet wat die mens waardeer,

dan kan ons by benadering bepaal hoe en wie hy is, wat sy gedragssuittinge moontlik sal wees, en in watter beroepsrigting hy moontlik sal belangstel. Die grondtendens van die menslike siel (wat 'n eenheid is) is dus om waardes te verwerklik en te objektiveer. So word etiese waardes byvoorbeeld verwerklik deur die digter in sy gedigte, die skilder in sy skilderye, ens.. En so is sedes en gebruike ook objektivering van die gees. Die subjektiewe (individuele) gees en die objektiewe gees (kultuur) is albei waardewêreldes; eersgenoemde bevat die waardes wat binne die individuele mens bestaan - dit wil sê die waardes word geopenbaar deur die individuele geesteshoudinge; laasgenoemde bevat die waardes wat buite en bo die individuele mens bestaan - dit wil sê dis die totale geesteslewe van die mensheid, die kultuur wat deur vorige geslagte opgebou is. Hierdie waardes kan wel nie onafhanklik van die individuele gees bestaan nie, maar is tog in 'n sekere sin geobjektiveer buite die gees, soos byvoorbeeld in wetenskaplike werk, kunsprodukte, ens.. Hierdie geobjektiveerde kultuurwaardes kan gereduseer word tot ses hoofvorme, naamlik Staat, Ekonomie, Gemeenskap, Wetenskap, Kuns en Godsdiens. Aangesien dit die individue is wat die kultuurwaardes skep, kan dieselfde ses waarderigtings binne die individuele gees onderskei word. Die objektiewe gees word egter nie by elke individu op presies dieselfde wyse weerspieël nie; en dit is waar verskille in aanleg, milieu en opvoeding geopenbaar word. Alhoewel al ses kultuurwaardes dus in elke individu werksaam is, oorheers een waardesoort gewoonlik en beïnvloed dit die individu se houding teenoor die ander waardegebiede. Al ses waardesoorte beïnvloed elke individu dus in variërende grade. Spranger se tipe-indeling bestaan dan uit 'n beskrywing van die ses persoonsvorme by wie elk een van die ses waardes oorheers en sy karakteristieke houding teenoor die res bepaal. Daar moet egter onthou word dat Spranger se tipologie een is van suiwer waardes; nie van aktuele persone nie.

Hy gebruik dan ook die term „ideële tipe,” hoewel dit nie beteken dat die tipes noodwendig goed is of ooit in suiwer vorm aangetref word nie; dis slegs bedoel as aanduiding van hoe ver 'n persoon gegaan het om sy lewe te orden om een bepaalde hoofwaarde.

Opsommenderwys kan die ses tipes as volg beskryf word (na aanleiding van Allport se opsomming (1, pp.297-399),

1. Die Teoretiese: Die dominante belangstelling en doelstelling van die teoretiese mens is die ontdekking van waarheid. In sy poging om kennis te verkry, soek hy na ooreenkomste en verskille, maak hy gebruik van waarneming en redenasie, en weerhou hy hom van oordele aangaande die skoonheid of nut van dinge. Aangesien sy belangstellings empiries, krities en rasioneel is, is hy noodwendig 'n intellektualis; dikwels 'n wetenskaplike of filosoof. Sy hoofdoel in die lewe is om sy kennis te orden en te sistematiseer.

2. Die Ekonomiese: Die ekonomiese mens is hoofsaaklik geïnteresseerd in die nuttige; in die bevrediging van liggaamlike behoeftes (selfbehoud), praktiese sake van die besigheidswêreld soos die produksie, bemaking en konsumpsie van goedere, en die akkumulasie van rykdom. Hierdie tipe is deur-en-deur prakties en stem ooreen met die algemene beeld van 'n sakeman en tegnikus. Sy houding teenoor ander dinge word beïnvloed deur die hoë waarde wat hy aan utiliteit heg; so beskou hy byvoorbeeld ontoegepaste kennis en onpraktiese opvoeding as onnodig, asook kuns (tensy laasgenoemde 'n kommersiële doel dien); en is sy hele lewe 'n strewe na meer en meer rykdom, groter sekuriteit en gerief.

3. Die Estetiese: Die hoogste waarde van die estetiese mens is vorm en harmonie, en hy beoordeel elke enkele ervaring vanuit die standpunt van grasie, simmetrie en paslikheid. Die lewe bestaan vir hom uit 'n oneindige aantal ervarings wat elkeen ter wille van sigself geniet behoort te word. Hy kan 'n kreatiewe kunstenaar wees,

maar hoef nie noodwendig nie; want enigeen wat hoofsaaklik belangstel in die artistiese episodes van die lewe is in werklikheid 'n estetikus. Vir hom is skoonheid belangriker as waarheid, en hy is sterk gekant teen die ekonomiese siening van die lewe wat die waarde van harmonie vernietig. Hoewel geïnteresseerd in mense, is hy nie geïnteresseerd in die welsyn van of beheer oor ander nie; hy is eerder die selfgenoegsame individualis.

4. Die Sosiale: Die hoogste waarde is hier liefde vir mense; die sosiale persoon beskou mense as 'n doel op sigself en nie as middele tot 'n doel soos die ekonomiese en politiese tipes hulle sien nie; hy is dus menslik, simpatiek, hulpvaardig en onselfsugtig. Vir hom is die estetiese, teoretiese en ekonomiese sienings koud en onmenslik, en bedreig mag die integriteit van die persoonlikheid.

5. Die Politiese: Hierdie tipe is hoofsaaklik geïnteresseerd in mag. Hulle is die leiers wat strewe na persoonlike mag, invloed, faam en prestige. Al die ander waardes is vir die politiese mens slegs middele wat hom in staat stel om sy hoofdoel, naamlik mag oor ander, te bereik.

6. Die Religieuse: Die hoogste waarde vir dié tipe is eenheid; hy is misties en strewe daarna om die kosmos as 'n geheel te begryp en ook homself as deeltjie daarvan. Sommige persone vind hierdie ervaring van eenheid en harmonie met die heelal in aktiewe deelname aan die lewe (byvoorbeeld Goethe), en ander weer in meditasie en onttrekking van die lewe (byvoorbeeld Buddha).

Hoewel hierdie waardetipologie van Spranger op bloot rasonale gronde berus, het Allport en sy medewerkers besluit dat hulle genoeg sin uitmaak om 'n toets op te stel (die welbekende "Allport-Vernon-Lindzey Study of Values") wat die relatiewe sterkte van elk van hierdie ses waardes by individue kan toets. Hierdie toets

is al op talle individue en groepe toegepas, en aangesien daar bevind is dat al ses waardes wel - ten spyte van groot individuele verskille - in min of meer gelyke mate by die bevolking as geheel voorkom, kan daar aangeneem word dat Spranger se tipologie tot 'n groot mate empiries bewys is. Dit beteken egter nie dat daar geen kritiek op die tipologie ingebring kan word nie. Allport self sê (1, pp.299,300) dat hierdie ses waarderigtings geensins al die moontlikhede van die menslike gees verteenwoordig nie. Reedsgemelde toetse wat meer as ses waardes meet en wat opgestel is na die A.V.L. toon duidelik die ontevredenheid op hierdie gronde van baie sielkundiges met dié tipologie. Ook neig hierdie tipologie, volgens Allport en ander kritici, om die menslike natuur te vlei, aangesien sielkundiges bewus is van die feit dat baie mense geen ander waardes het behalwe die sensuele, die hedonistiese, die onmiddellike bevrediging van tydelike behoeftes nie; andere is weer so apaties dat hulle selfs hiervoor ook nie omgee nie. Sommige van hierdie ses waardekatetegorieë is moontlik ook te breed gedefinieer, want iemand mag byvoorbeeld geïnteresseerd wees in filosofiese teorie, maar nie in fisika nie, ens., en tog word twee sulke wyd uiteenlopende persone beskou as dieselfde tipe mens. Aan die ander kant is die skema egter ook nie bedoel om die fyn skakeringe van elke individuele geval aan te dui nie - dan sou dit 'n té lomp kliniese instrument wees - en daar is dan ook talle reedsgemelde waardetipologieë (sowel as ander wat nog bespreek sal word) wat selfs nog minder onderskeidings het as dié ses. 'n Ander argument wat teen Sprangerse tipologie en Allport se toets ingebring kan word, is dat sy skema te akademies is - dat dit hoofsaaklik toepaslik is op mense met 'n betreklik hoë vlak van opvoeding, lewenservaring en selfinsig. Aan die ander kant moet daar egter onthou word dat hy in die eerste plek van volwassenes praat en dat die intellektueel-klinkende name wat aan die kategorieë geheg word geensins aan die geldigheid van

die inhoud daarvan hoef af te doen nie. Eintlik is dit dus eerder die toets (wat opgestel is deur Allport en nie deur Spranger nie) wat moontlik te ingewikkeld vir nie-akademiese toetslinge mag wees; en dis nie onmoontlik om die toets te verander en te vereenvoudig sodat dit meer algemeen gebruik kan word en nogtans dieselfde meet nie. (Dit is dan ook presies wat gedoen is deur verskeie ander navorsers soos Maller en Glaser, (84, 37) Lurie (109) en Levy (36).)

(xxi) Variasies op die Spranger-tipologie: Daar was ook (soos reeds gemeld) navorsers wat, deur middel van interkorrelasies van die verskillende waardetellings en faktoranalise, gepoog het om minder faktore te ontdek wat dié ses waardes ten grondslag lê. So byvoorbeeld het Duffy en Crissy (68) die volgende drie faktore ontdek:

- A. Filistyne (korreleer hoog positief met ekonomiese en politiese waardes, en taamlik negatief met religieuse en estetiese waardes);
- B. Belangstelling in mense (korreleer hoog positief met sosiale waarde en laag negatief met teoretiese waarde);
- C. Teoretiese (korreleer hoog positief met religieuse waarde, asook laag positief met estetiese en laag negatief met politiese waarde).

Geen religieuse faktor is deur hulle gevind nie; laasgenoemde bestaan hier hoofsaaklik uit anti-filistynse en anti-teoretiese waardes; moontlik omdat hierdie toetsgroep se religieuse punte laer as die algemene gemiddelde vir studente is. Die estetiese waarde bestaan ook hoofsaaklik uit anti-filistynse en (tot 'n minder mate) pro-teoretiese waardes.

Lurie (109) het sy eie toets opgestel wat ook berus op Spranger se waardetipes, en dit aan 'n toetsgroep van 203 eerste- en tweedejaarstudente van die Universiteit van Chicago gegee om af te lê. Ná verkryging van individuele puntetotale, korrelasie-koëffisiënte van

items en faktoranalise is vier hoof- en nog drie sekondêre faktore onderskei, naamlik:

Primêre faktore:

1. Die Sosiale tipe (altruïsme en belangstelling in mense is hier die hoogste waardes; negatiwiteit teenoor politieke figure is ook duidelik);
2. Die Filistynse tipe (hy het eerste die term gebruik) (nuttigheid en mag is hier die hoogste waardes; min waarde word geheg aan skoonheid en harmonie; dié tipe is utilitêr, aggressief en anti-kultureel ingestel);
3. Die Teoretiese tipe (is wetenskaplik, krities en waarheidsoekend ingestel);
4. Die Religieuse tipe (is meer dogmaties en prakties as misteries ingestel).

Sekondêre faktore:

5. Openheid van gemoed (teories en sosiaal positief, maar religieus negatief ingestel);
6. Praktiesheid (ekonomies hoog positief, polities en sosiaal positief, en esteties en religieus negatief ingestel);
7. Estetiesheid (esteties positief ingestel, maar estetiesheid is hier taamlik oppervlakkig en kultureel bepaald).

Lurie glo dan ook, op grond van sy bevindinge, dat sy vier empiries verkreeë waardetipes 'n "more plausible and self-consistent system of personality classification" (109, p.32) sal uitmaak as dié van byvoorbeeld Spranger wat verkry is deur middel van intuïtiewe analise. Allport ⁽⁴²⁾, Duffy ⁽⁶⁷⁾ en ander navorsers en teoretici is dit egter nie met hom eens nie.

Lurie se bevindinge vorm dan ook die basis van Van Dusen et al ⁽¹⁵⁷⁾ se "Standards Inventory"; 'n toets wat opgestel is om Lurie se vyf waardekatetegorieë (sy vier primêre plus een van die sekondêres, naamlik

die Estetiese) te toets. Hul empiriese resultate het hul egter die afleiding laat maak dat die twee trekke wat saam die Filistynse faktor vorm (dit wil sê die Politiese en Ekonomiese) liever weer geskei behoort te word, en dat dit eerder die twee skale, Religieus en Sosiaal, is wat, as gevolg van hoë interkorrelasies, moontlik saamgevoeg kan word omdat hulle klaarblyklik albei die algemene faktor van humanitarisme meet.

Brogden ⁽⁵⁵⁾ het ook 'n poging aangewend om sentrale waarde faktore af te lei uit die items van die A.V.L. (slegs 60 verteenwoordigende items is gekies en die interkorrelasies ontleed op grond van die response van 200 kollege-studente), en nie alleen elf sentrale faktore nie, maar ook 3 sekondêre faktore is deur hom verkry. Die 11 sentrale faktore was die volgende:

1. Algemene estetiese belangstelling (kom taamlik ooreen met die estetiese waarde van die A.V.L.);
2. Belangstelling in die Skone Kunste (kom minder algemeen voor as eersgenoemde en sluit minder konvensionele gedrag en beginsels in);
3. Geloof in „Kultuur“ (so iemand wil graag gekultiveerd wees, aanvaar persoonlike waardes op mistiese en intuïtiewe gronde en nie op grond van ekonomiese, biologiese of sosiale behoeftes nie);
4. Anti-religieuse evaluerende neiging (verskil van konvensionele kerklike dogmas en godsdienstige opvattinge; eintlik dus eerder anti-kerklik);
5. Anti-aggressie (gekant teen geweld, wil konflik probeer vermy; sosiale oriëntasie met 'n simpatieke basis eerder as 'n rasionele; hierdie tipe is 'n voorstander van sosiale hervormings wat die welsyn van die minderbevoorregtes sal verbeter);
6. Humanitêre neiging (sosiale oriëntasie met 'n simpatieke basis eerder as 'n rasionele; hierdie tipe is 'n voorstander van sosiale hervormings wat die welsyn van die minderbevoorregtes sal verbeter);
7. Belangstelling in Wetenskap (teoretiese belangstelling

- veral in die verskillende fisiese wetenskappe);
- 8. Neiging tot liberalisme (stem baie ooreen met 6, maar die motief is hier rasioneel-intellektueel);
- 9. Teoretiese belangstelling (stem baie ooreen met Spranger se teoretiese tipe en No.7; hier is die belangstelling egter meer algemeen as bloot in fisiese wetenskappe);
- 10. Individualisme (sluit in "rugged individualism," kompetisie, hedonisme, ens.);
- 11. "Residual in Nature."

Die drie sekondêre faktore is die volgende:

- A. Ongeïdentifiseerd (minder belangrik - verklaar maar 'n klein deeltjie van die variansie);
- B. Idealisme versus praktiesheid (anti-polities, anti-ekonomies; meer esteties, sosiaal en teoreties, meer beïnvloed deur kultuur (idees, ens.) as deur natuur (praktiese wêreld); wil lewenstandaard en omstandighede verbeter in plaas van dit net so aanvaar;
- C. Godsdienstigheid (stem baie ooreen met 4. en 6.).

Allport se eie kommentaar op hierdie pogings tot verkryging van meer basiese primêre faktore wat Spranger se waardekateregories ten grondslag lê, is die volgende:

(42) Hy is bewus daarvan dat sy ses waardes nie geheel-en-al onafhanklik van mekaar is nie en dat daar 'n geringe neiging tot kovariansie by die teoretiese en estetiese, by die ekonomiese en politiese, en by die sosiale en religieuse waardes is. Die resultate verkry deur bogenoemde en ander navorsers was egter glad nie dieselfde nie; sommige het minder gekry, en die faktore wat so tevoorskyn getree het, was dikwels vreemd en onmoontlik om name voor te gee of te definieer. Dus kom hy tot die volgende gevolgtrekking: (42, p.5) "Here is a case, I believe, where our empiricism should submit to rational restraint. The traits as defined are meaningful, reliably measured, and validated. Why sacrifice them to galloping gamesmanship?"

Daar is egter nie slegs gepoog om, deur middel van interkorrelasies en faktoranalise, primêre faktore

te verkry wat Spranger se ses waardetipes ten grondslag lê nie, maar ook wat 'n kombinasie van Spranger se waardes en dié van ander teoretici ten grondslag lê. So byvoorbeeld het Ferguson et al ⁽⁷⁶⁾ (om maar een sodanige poging te noem) die "Strong Vocational Interest Test" ^(S) en die A.V.L.-punte van 'n proefgroep met mekaar vergelyk, gefaktoranaliseer en die volgende basiese ortogonale belangstellingstipes geklassifiseer:

Tipe I: Aan die een end van die kontinuum is daar die skale „regsgeleerde" ^(S), „medikus" ^(S), „esteties" ^(AVL) en „teoreties" ^(AVL); en aan die ander end die skale „ekonomies" ^(AVL) en „kantoorwerker" ^(S).

Tipe II: Aan die een end is daar die skale „onderwyser" ^(S), „Y.M.C.A. sekretaris" ^(S), „rekenmeester" ^(S); en aan die ander kant die skaal vir „geneesheer" ^(S).

Tipe III: Aan die een kant is daar die skale vir „apteker/chemikus" ^(S) en „teoreties" ^(AVL); en aan die ander kant die skaal vir „lebensversekeringsagent" ^(S).

Tipe IV: Aan die een kant is daar die „religieuse" en „sosiale" skale ^(AVL); en aan die ander kant die „estetiese" skaal ^(AVL).

Tipe V: Aan die een kant is daar die „ekonomiese" en aan die ander die „politiese" skaal ^(AVL).

Volgens Ferguson et al stem die eerste drie van bogenoemde faktore of tipes min of meer ooreen met Thurstone se drie tipes; en hulle stel verder voor dat Spranger se tipes verminder moet word deur minstens die religieuse en sosiale waardes saam te voeg.

Hierdie (bogenoemde) is maar een van verskeie soortgelyke pogings wat later aangewend is om faktore te ontdek wat twee of meer tipologieë ten grondslag lê. So byvoorbeeld het Morris ⁽²⁴⁾ sy eie toets met dié van Allport vergelyk en algemene faktore daaruit probeer aflei, ens.. Allport se reeds aangehaalde kritiek op

pogings tot faktorisering geld egter ook vir al hierdie pogings, derhalwe het hulle hoofsaaklik maar net interessantsheidswaarde.

HOOFSTUK III - DIE METING VAN WAARDES

A. Nut en doel:

(i) Inleiding: Die vernaamste redes waarom dit betekenisvol en nuttig is om waardes te probeer meet, is omdat 'n kennis van die waardepatroon van individue en groepe ons sal help om hulle beter te leer verstaan. Daar is reeds gemeld dat waardes houdings, opinies en gedrag ten grondslag lê; kennis van die waardes van individue en groepe sal ons dus help om hul gedrag beter te kan voorspel en hul gevolglik van hulp te wees in onder andere die voorligtingsproses. Soos reeds aangetoon, is daar al heelwat studies uitgevoer wat die verband tussen waardes, ouderdom, geslag, kultuurgroep, persoonlikheid, ens., aangetoon het, en hierdie kennis kan ons dus tot hulp wees in die voorligtingsproses. Dat waardes nie alleen deur bogenoemde en ander faktore beïnvloed word nie, maar dat hulle ook ander dinge op hulle beurt kan beïnvloed, is verder vasgestel deur ander navorsers - en dit is juis hierdie feit wat die meting van waardes so belangrik maak omdat dit vir ons toon watter invloed 'n persoon se waardekeuse op die res van sy persoonlikheid en sy gedrag het. 'n Bespreking van die vernaamste bevindinge in dié verband volg nou:

(ii) Persepsie: Verskeie navorsers het aangetoon dat daar 'n besliste verband bestaan tussen 'n persoon se waardes en sy perseptuele vermoëns; in dié sin dat woorde wat verband het met 'n persoon se dominante waardes gouer herken (gesien en gehoor) word as ander. Só bepaal 'n persoon se waardes dus dit wat hy waarneem uit sy omgewing (deur middel van 'n proses van persepsuele desensitisering word slegs die persepsies wat hy verkies om waar te neem, deurgelaat en die res uitgesluit). Dit is onder andere vasgestel deur Postman, Bruner en McGinnies (aangehaal in 36); Vanderplas en Blake ⁽¹⁵⁶⁾,

Haigh en Fiske (93), Solomon en Howes (134), en Fensterheim en Tresselt (75) (laasgenoemde navorsers het ook bevind dat toetslinge aan persone van wie se foto's hulle gehou het, dieselfde hoë waardes toeken as wat hulle self besit - met ander woorde, projeksie vind plaas.)

(iii) Woordassosiasie: Aansluitend by bogenoemde is die bevinding van verskeie navorsers (onder andere Cantril (58), McGinnies en Elliott (aangehaal in 59) dat die sterkte van 'n waarde positief korreleer met die vermoë om vinnig en talryke verbale response te gee op 'n woord-prikkel wat verband hou met die waarde; met ander woorde, 'n persoon se waardes beïnvloed ook sy geheue, assosiasievermoë en reaksiesnelheid in dié verband.

(iv) Keuse van leesstof: Woolbert (aangehaal deur Cantril en Allport (59)) het 'n besliste positiewe korrelasie gevind tussen die tipe berigte wat koerantlesers lees en hul dominante waardes, asook 'n negatiewe korrelasie tussen die berigte wat hulle oorslaan en hul hoë waardes. Engstrom en Powers (73) het dieselfde bevind; gevolglik kan ons met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar dat 'n persoon se waardes ook sy keuse van leesstof direk beïnvloed.

(v) Kleredrag: Newman, Nickerson en Bryer (aangehaal in 59) het in 'n studie met studente bevind dat daar 'n positiewe korrelasie bestaan tussen belangstelling in kleredrag en hoë estetiese, ekonomiese en (in minder mate) ook politiese waardes by vroue; en 'n negatiewe korrelasie tussen belangstelling in kleredrag en hoë religieuse en teoretiese waardes. Geen noemenswaardige verband tussen die kleredrag en waardes van mans is gevind nie; dus kan ons sê dat die waardes van ten minste vroue ook hul kleredrag sal beïnvloed.

(vi) Konsepsie van die ideale persoon: McDonald (aangehaal in 59) het bevind dat 'n persoon se konsepsie

van die waardes van 'n ideale persoon positief korreleer met sy eie waardestelsel; dit geld veral die konsepsies van religieus- en esteties- (in mindere mate ook die ekonomies-, polities- en sosiaal-) georiënteerde persone, maar nie die teoretiese nie. Esteties-georiënteerde persone het egter ook die teoretiese waarde as belangrik in 'n ideale persoon beskou. Waardes wat as besonder onbelangrik beskou is, is die teoretiese deur die religieuse persoon; die religieuse waarde deur die estetiese persoon; die estetiese deur die ekonomiese en die politiese persoon; en die religieuse en ekonomiese deur die teoretiese persoon. Dis interessant dat die teoretikus en sosiale persoon, in vergelyking met die ander, nie sulke sterk voorkeure of afkeure gehad het nie - moontlik as gevolg van eersgenoemde se wetenskaplike objektiwiteit en gebrek aan vooroordeel, en laasgenoemde se humanitarisme. Hierdie resultate in dié verband is egter betekenisvol, en in ooreenstemming van reeds aangehaalde resultate wat 'n verband aantoon tussen waardes en persoonlikheidskenmerke soos rassevooroordeel, ens.. Meer studies in dié verband is egter nodig om McDonald se bevindinge te bevestig.

(vii) Keuse van 'n leier: Nickerson (aangehaal in 59) het dieselfde neiging tot projeksie gevind by toetslinge se oordeel van die waardepatroon van 'n ideale leier; hierdie neiging het veral religieuse en politiese persone gegeld en weer was die teoretiese en sosiale persone se neiging tot projeksie die laagste; veral dié van die teoretiese persoon wat selfs effens negatief was.

(viii) Tevredenheid: Cutler (aangehaal in 59) het ook bevind dat 'n persoon se gevoel van tevredenheid (met die lewe) positief korreleer met sy waardekeuse; veral met betrekking tot die religieuse persoon, maar met uitsondering van die teoretiese persoon. Volgens Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾ wil dit dus (hieruit, sowel as uit bogenoemde resultate) voorkom asof die teoretikus - soos ons logieserwys kan verwag - die vryste is van projeksie en

rasionalisering. Hierdie bevindinge is ook in ooreenstemming met reedsgemelde korrelasies tussen waarde-keuse, bewustheid van waardes en volwassenheid sowel as geestesgesondheid.

(ix) Stem: Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾ het bevind dat radio-omroepers se dominante waardes dikwels korrek afgelei kan word deur luisteraars wat slegs na hul stemme luister; met ander woorde, waardes kan ook 'n mens se stemtoon, stembuiging, ens., beïnvloed.

(x) Handskrif: Cantril, Rand en Allport ⁽⁵⁹⁾ het ook 'n korrelasie van .40 gevind tussen die estetiese waarde soos geskat deur handskrifdeskundiges en gemeet deur die A.V.L.; kleiner positiewe korrelasies is ook vir al die ander waardes (behalwe die sosiale) gevind. (Hierdie studie is uitgevoer voordat die sosiale skaal hersien is, dus mag die gebrek aan verband hier moontlik toegeskryf wees aan die onbetroubaarheid van die oorspronklike sosiale skaal). Dit dui dus daarop dat ons waardes ons handskrif ook tot 'n mate kan beïnvloed, hoewel ander faktore waarskynlik 'n belangriker rol mag speel.

(xi) Estetiese Smaak: Morris ⁽²⁴⁾ het positiewe korrelasies gevind tussen dominante waardekateregore (dominansie, afhanklikheid en onttrekking), somatotipe, en voorkeur vir sekere skilderye (wat die persoon se dominante waarde of lewenshouding weerspieël). Meer studies in dié verband is egter ook nodig voordat ons algemene afleidinge in dié verband kan maak.

(xii) Terapeutiese Sukses: Rogers ⁽¹²⁹⁾ en verskeie ander klinici het bevind dat suksesvolle pasiënte se waardes dikwels verander tydens terapie - in die rigting van groter geestesgesondheid, minder onbuigsaamheid, en meer in ooreenstemming met hul nuwe selfbeeld en die waardepatroon van hul terapeut. Laasgenoemde is ook

bevind deur navorsers soos Ortmeyer, Welkowitz en Cohen (119), ens.. Waarskynlik is dit omdat, vir die sukses van terapie, daar minstens 'n minimale ooreenkoms tussen die waardes van terapeut en pasiënt reeds aan die begin van terapie nodig is, en die pasiënt verder neig om geleidelik meer en meer van die terapeut (sy nuwe ego-ideaal) se waardes oor te neem.

(xiii) Akademie se Prestasie: Onder andere die volgende studies (sommige aangehaal deur Pretorius⁽³⁸⁾) is uitgevoer om die verband tussen akademiese prestasies en waardes vas te stel: In 'n studie deur Cantril, Allport en Reinhardt⁽³⁸⁾ uitgevoer op sosiale wetenskap-studente is slegs 'n geringe korrelasie koëffisiënt van +.25 tussen akademiese prestasie en die teoretiese waarde gevind. Rothney⁽¹³⁰⁾, in 'n vergelyking van die punte van 'n groep hoërskool-leerlinge vir sy toets en hul akademiese prestasies, het weinig betekenisvolle korrelasies gevind. Schaefer⁽³⁸⁾, daarenteen, het 'n groter aantal betekenisvolle korrelasies gevind tussen juniorstudente se A.V.L.-punte en hul tellings in die sewe afdelings van die "American Council of Education College Sophomore Test" as tussen laasgenoemde en I.K. toetspunte. Duffy en Crissy⁽⁶⁸⁾ het, in 'n vergelyking van die A.V.L.-punte en akademiese prestasies van 'n groep eerstejaarstudente, gevind dat hoër akademiese prestasie tot 'n mate korreleer met hoër tellings op die teoretiese en estetiese waardes, terwyl studente wat akademies swakker presteer, weer hoër tellings behaal op die ekonomiese en politieke waardes. Op grond van die resultate van hul eie en ander genoemde ondersoeke het hulle dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat waarde-toetse eerder sukses in sekere spesifieke vakrigtings voorspel as algemene akademiese sukses.

(xiv) Keuse van vriende en huweliksmaats: Precker (125) het bevind dat studente neig om as hul beste vriende, asook hul raadgevers, persone te kies met 'n

waardestelsel soortgelyk aan dié van hul eie. Dit geld veral wedersydse keuses. Eintlik is dit te begrype, aangesien persone met eenderse waardes eenders oor dinge sal voel en optree en mekaar dus beter sal begryp. Dat mense neig om ook hul hoë waardes te projekteer op diegene van wie hulle hou, en hul lae waardes op dié van wie hulle nie hou nie, is reeds gemeld en ook weer deur Precker ⁽¹²⁶⁾ bevind, asook deur Fiedler, Warrington en Blaisdell ⁽⁷⁷⁾, en ook deur Fjeld ⁽⁸⁰⁾. Laasgenoemde verklaar die dikwels kortstondige vriendskappe van adolessente dan ook aan die feit dat hulle moontlik, na beter kennismaking, besef dat hul projeksie ongegrond was, en gevolglik die vriendskap verbreek.

Schooley ⁽¹³⁴⁾ het verder bevind dat daar ook 'n positiewe korrelasie bestaan tussen die A.V.L.-waardepatroon van mans en hul vrouens (die 80 paartjies deur haar getoets was tussen 1 en 20 jaar lank getroud), en lei dus daarvan af dat waardes ook 'n rol speel in die keuse van 'n huweliksmaat. Sy het verder bevind dat die ekonomiese, religieuse en (in minder mate) ook die politiese waardes van huweliksmats wat langer as vier jaar getroud is, neig om 'n groter korrelasie te toon, en die teoretiese en estetiese waardes 'n kleiner korrelasie; ook die lengte van die huwelik (die invloed van saam ouer word) kan dus sulke persone se waardes beïnvloed. Ook Keeley ⁽¹⁰¹⁾ het bevind dat huweliksukses 'n direkte verband toon met ooreenkoms tussen die dominante waardes van die huweliksmats. Hy het ook bevind dat sodanige ooreenkomste hoër is in gevalle waar die interaksie kooperatief, die huwelik lank, en die waardes funksioneel is vir albei; waar die sosio-ekonomiese agtergrond dieselfde en albei se empatiese vermoëns hoog is. Ongelukkig het hy egter nie gebruik gemaak van 'n gestandaardiseerde waardetoets nie. Nogtans wil dit uit bogenoemde resultate lyk asof kennis van 'n persoon se waardes die klinikus en voorligter ook kan help in die vrugbare veld van huweliksvoorligting en -terapie.

(xv) Vak- en beroepskeuse: Hierdie is die veld waaroor verreweg die meeste navorsing onderneem is; dis eintlik te begrype, want as waardetoetse gebruik kan word om sukses in 'n sekere vak- of beroepsrigting te voorspel, kan dit 'n baie nuttige doel dien en in 'n groot behoefte voorsien - byvoorbeeld as "screening device" saam met 'n algemene belangstellingstoets soos die Kuder (die twee kan mekaar dan valideer en/of aanvul) om die algemene veld van toekomstige werk aan te dui voordat op 'n meer spesifieke beroep besluit word op grond van meer spesifieke belangstellingstoetse soos die Strong, aanleg- en prestasietoetse, ens. (Gilbert ⁽⁸³⁾ stel dit onder andere voor.)

Volgens Rosenberg ⁽²⁷⁾ (ook aangehaal deur Simpson en Simpson ⁽¹³⁶⁾) het mense wat verskillende beroepe kies, basies verskillende sienings van en oriëntasies tot werk in die algemeen; vir sommige is werk 'n doel op sigself, hoog gewaardeer vir die geleentheid wat dit hul bied om hulself uit te leef; vir ander is werk slegs die middel om gerieflik te kan lewe (weg van die werk); en vir 'n ander groep is werk van waarde omdat dit hulle die geleentheid bied om met mense kontak te maak en aan hulle hulp te verskaf. Elke afsonderlike groep sal hom dus deur totaal ander tipes persone en situasies laat beïnvloed in sy beroepskeuse. Simpson en Simpson ⁽¹³⁶⁾ self het die volgende bevind in 'n studie met 'n groep Sosiologie-studente wat onderskeidelik Besigheids-, Wetenskaplike en Kuns-; en Algemene Kulturele studierigtings gekies en dergelike beroepe beplan het: (a) die Besigheidsgroep word veral gemotiveer deur faktore soos goeie inkomste, geleentheid tot bevordering, geleentheid om baie tyd aan die gesin te bestee; wat minder by hulle tel, is faktore soos selfekspresie, die tipe werk self, sosiale prestige, en die geleentheid om 'n bydrae tot die samelewing te lewer; ook is hulle in hul beroepskeuse baie min beïnvloed deur onderwysers en lektore; (b) die Wetenskaplike en Estetiese groep is sterk sukses-

gemotiveerd (veral aansien onder kollegas is by hulle van belang) en stel belang in die werk self as geleentheid tot self-ekspressie; is minder geïnteresseerd in hoë inkomste en bevordering; en is veral in hul beroepskeuse beïnvloed deur onderwysers, lektore, en mense in hul professionele veld; (c) die Algemene Kulturele groep is nog minder geïnteresseerd in inkomste, bevordering en prestige as die vorige twee groepe, maar is wel geïnteresseerd in die lewering van 'n bydrae tot die gemeenskap deur middel van hul werk, en in diens aan ander; hulle is ook veral in hul keuse beïnvloed deur onderwysers en lektore.

In aansluiting by die werk van Rosenberg (en ook dié van Simpson en Simpson) het Davis et al ⁽⁸⁾ bevind dat 'n persoon se waardes nie alleen sy oorspronklike beroepskeuse bepaal nie, maar ook sy verandering van beroepskeuse tydens sy studentejare en daarna. So byvoorbeeld neig studente wie se waardes (byvoorbeeld werk met mense, oorspronklike, skeppende werk lewer, of baie geld maak) nie in ooreenstemming met hul beroepskeuse is nie, om van keuse te verander en 'n beroep te kies wat weer in ooreenstemming met hul waardes is. Marsh en Stafford ⁽¹¹²⁾ se bevindinge stem min of meer ooreen met genoemde en ander navorsers, naamlik dat akademici ander waardes het as vergelykbare persone in die bedryf en private sektor met dieselfde opvoedkundige kwalifikasies; eersgenoemde heg byvoorbeeld groter waarde aan professionele en intellektuele waardes soos die geleentheid om oorspronklike en skeppende werk te lewer, vryheid om navorsingsvelde self te kies, en geleentheid om met idees te werk; en in minder mate ook relatiewe vryheid (van supervisie en bevel) in die verrigting van hul werk, asook vryheid van druk om in hul persoonlike lewe te konformeer. Laasgenoemde groep, daarenteen, heg groter waarde aan prestige en beloning (soos byvoorbeeld geleentheid om leierskap te beoefen, sosiale stand en prestige in die gemeenskap, geleentheid om genoeg geld

te verdien ten einde gerieflik te kan lewe, 'n aangename buurt om in te woon, en aangename mense om mee saam te werk). Hieruit kan dus afgelei word (en dit is dan ook empiries bevind) dat eersgenoemde tipe met 'n laer salaris tevrede sal wees omdat hulle gekompenseer word met die tipe werk waarvan hulle hou en wat in ooreenstemming is met hul waardes; ook is hulle (vanweë hul intellektueel-akademiese waarde-oriëntasie) meer geneigd om hulle nog hoër te bekwaam as laasgenoemde groep. In aansluiting hierby het J.L. Spaeth ⁽⁴⁰⁾ (met 'n proefgroep van byna 3 000 studente van verskeie Amerikaanse universiteite) ook bevind dat die keuse van akademiese beroepe verband hou met altruistiese sowel as self-ekspressiewe waardes, en dat die verband selfs sterker word wanneer die twee gekombineer word. Ook James Davis ⁽⁸⁾, net soos genoemde navorsers, het met 'n effens gewysigde Rosenberg-waardelys sterk korrelasies gevind tussen waardes en beroepskeuse, en waardepatrone wat by elk van tien verskillende beroepsgroepeerings pas, vasgestel. Underhill ⁽¹⁵⁵⁾ het ook, met 'n groot proefgroep van kollege-seniors uit verskeie kolleges, bevind dat die volgende waardes klaarblyklik in verband staan met die keuse van spesifieke beroepe: 1. geld; 2. oorspronklikheid; 3. hulpvaardigheid; 4. werk met idees; 5. leierskap; 6. werk met mense; 7. intellektualisme; en 8. ambisie. Volgens hom kan hierdie waardes in drie groepe gedeel word, naamlik:

- I. Intellektualisme (waardes 4, 2 en 7);
 - II. Ondernemingsgees("enterprise") (waardes 1, 5 en 8; en
 - III. Mens-georiënteerdheid (waardes 6 en 3).
- Hy het verder bevind dat humanistiese beroepe veral gekies word deur persone met hoë waardes in groepe III en I gekombineerd, in mindere mate ook in slegs I, en I, II en III gekombineerd; dat opvoedkundige beroepe gekies word deur persone met hoë waardes in slegs groep III, asook

'n kombinasie van I en III; beroepe in die Regte word gekies deur persone met aldrie waarde-groepe gekombineerd, asook III gekombineerd met II; Besigheidsberoepe word gekies deur persone met hoë waardes in groep II; die Natuurwetenskappe deur mense met hoë waardes in groep I, en in mindere mate 'n kombinasie van I en II; Ingenieurswese word gekies deur mense met hoë waardes in sowel I as II, asook slegs I of slegs II; Medisyne word gekies deur persone met hoë waardes in groep III; Biologiese wetenskappe deur mense met geen hoë punte in enige van die drie groepe nie; en Sosiale wetenskappe deur mense met dieselfde waardepatroon as dié wat Humanistiese beroepe kies. (Die gemiddelde korrelasie-koëffisiënt tussen 'n spesifieke beroep en sy konsekwente waarde was +.57 (vanaf +.43 vir die Regte tot +.79 vir Humanistiese beroepe). Hy het verder bevind dat vir die Humanitêre, Opvoedkundige en Regsberoepe waardes 'n groter invloed op beroepskeuse het as andersom; terwyl vir Besigheids-, Natuurwetenskaplike, Ingenieurs- en Mediese beroepe die teenoorgestelde die geval is. Hy skryf dit daaraan toe dat laasgenoemde klas oor die algemeen groter spesialisasie en gevolglik langer opleiding vereis as eersgenoemde, asook groter inisiële keuring, en sulke persone dus eerder hul waardes by hul beroep sal aanpas as andersom.

Daar is nog nie juis veel ondersoeke uitgevoer om waardeverskille, soos gemeet deur die "Morris' Ways to Live," by verskillende beroepsgroepe vas te stel nie. Morris ⁽²⁴⁾ self rapporteer egter wel dat 46% van die studente in 'n fundamentalistiese Bybelkollege Weg 13 - „Gehoorzaamheid aan die Kosmiesedoel" - as eerste keuse verkies, in teenstelling met slegs 1% van die gemiddelde manlike studentebevolking. Philbrick ⁽¹⁴⁴⁾ het ook 'n kenmerkende waardepatroon by sielkundiges gevind wat hy as volg beskryf: "Integration of diversity, dignified self-control, group action toward common goals, and the preservation of the best in society;" en oor die algemeen toon dié groep 'n sterk „promethiese" oriëntasie

(sien bladsy 57) en is, soos ons kan verwag, ook baie sosiaal georiënteerd. Verdere ondersoeke in dié verband is egter baie nodig.

Tydens standaardisasie van die A.V.L. het Cantril, Allport en andere ⁽⁵⁹⁾ bevind dat studente in verskillende beroepsrigtings kenmerkende verskille toon in hul waardeprofiele; hierdie bevindinge het dan ook die geldigheid van die A.V.L. bewys, en is later verder bevestig deur verskeie ander navorsers. So byvoorbeeld het Deignan ⁽⁶⁵⁾ ook bevind dat Kunsstudente hoër punte behaal op die estetiese waarde as die res van die bevolking (dit geld seniors nog meer as juniors), en laer op die sosiale waarde. Harris ⁽⁹⁵⁾ het onder andere bevind dat studente en dosente in die Kunste, Onderwys, Regte en Medisyne, in vergelyking met Besigheids- en Ingenieur-studente, hoër presteer op die teoretiese en estetiese waardes, en laer op die politiese waarde (dit geld dosente nog meer as studente); en Mediese studente vaar hoër as Regsstudente op die teoretiese en laer op die politiese waarde. Ford (aangehaal deur Pretorius ⁽³⁸⁾) het egter geen noemenswaardige verskille tussen studente in die volgende vier kollege-afdelings gevind nie: die Teacher's College, die College of Commerce, die College of Liberal Arts, en 'n "highly selected Teacher's College group." Meer besonderhede van sy studie is egter nie bekend nie. Schaefer ⁽¹³²⁾ het die A.V.L. afgeneem op 'n groep eerstejaars van 'n "Liberal Arts College" (Reed) en, soos hy verwag het, bevind dat hulle hoër presteer as die algemene kollege-student op die estetiese en teoretiese waardes; dit geld veral die seniors. Ook studente van verskillende vakrigtings het, min of meer soos hy verwag het, kenmerkend gevaar: Letterkundestudente het byvoorbeeld besonder hoog presteer op die estetiese en besonder laag op die ekonomiese waarde; Natuurwetenskaplike studente hoog op die teoretiese en laag op die politiese waarde; studente in die Staatsleer en Ekonomie hoog op die teoretiese en sosiale

en, in mindere mate (anders as wat verwag is), ook op die ekonomiese waarde, en laag op die religieuse waarde; Geskiedenis-studente (anders as verwag) hoog op die estetiese en laag op die ekonomiese en sosiale waardes; en Sielkundestudente hoog op die teoretiese, in mindere mate ook op die estetiese, en laag op die politiese en ekonomiese waardes. Anderson ⁽⁴³⁾ het bevind dat Y.W.C.A.-sekretaresses besonder hoog vaar op die sosiale en religieuse waardes (veral op eersgenoemde), en laag op die politieke en ekonomiese waardes; en dat enige noemenswaardige afwyking van hierdie patroon kon lei tot friksie, ongelukkigheid en onsuksesvolheid in hul werk.

Duffy en Crissy ⁽⁶⁸⁾ het ook, ná 'n studie van 'n vroulike eerstejaarsgroep se response op die A.V.L. en Strong, die volgende korrelasies gevind tussen waardes en beroepsbelangstellings:

- (a) Belangstelling in die beroep van regsgeleerde korreleer positief met ekonomiese en politiese waardes en negatief met estetiese en religieuse waardes;
- (b) Belangstelling in die beroep van geneesheer korreleer positief met die teoretiese waarde;
- (c) Belangstelling in die beroep van kunstenaars en skryfster korreleer positief met die estetiese en negatief met die ekonomiese en sosiale waardes;
- (d) Belangstelling in die beroep van verpleegster korreleer positief met die sosiale, en negatief met die estetiese waarde;
- (f) Belangstelling in die beroep van huisvrou korreleer positief met die sosiale en negatief met die teoretiese waarde;
- (g) Belangstelling in die beroep van kantoorwerker korreleer positief met die ekonomiese en politiese en negatief met die estetiese en teoretiese waardes;

- (h) Belangstelling in die beroep(e) van tikster en snelskrifskryfster korreleer positief met die politiese en negatief met die teoretiese waarde.

Volgens die navorsers is hierdie korrelasie weliswaar nie baie hoog nie, maar mag later groter word wanneer die studente se belangstellings verder ontwikkel het; ook is al die korrelasies min of meer volgens verwagting.

Stone ⁽¹⁴³⁾ het die volgende korrelasies gekry tussen beroepskeuse en waardes:

- (a) Besigheidsberoepskeuse korreleer positief met die ekonomiese en negatief met die teoretiese en estetiese waardes;
- (b) Die keuse van Bankwese as beroep korreleer positief met die ekonomiese en negatief met die religieuse en sosiale waardes;
- (c) Medisyne korreleer positief met die teoretiese en negatief met die ekonomiese en politiese waardes;
- (d) Onderwys korreleer positief met die teoretiese en religieuse en negatief met die ekonomiese waardes;
- (e) Regswese korreleer positief met die politiese en negatief met die teoretiese waardes;
- (f) Letterkunde korreleer positief met die estetiese en negatief met die ekonomiese en politiese waardes.

Hayes en Varley ⁽⁹⁷⁾ het ook van die A.V.L. gebruik gemaak om verskille te meet tussen die waardepatrone van eerste- en finalejaarstudente en dosente in die Maatskaplike werk. Weinig verskille is gevind, wat dus dui op 'n karakteristieke waardepatroon van ervare en aspirant-maatskaplike werk(st)ers. Die mans in hierdie groep is dan ook meer sosiaal, esteties en religieus georiënteerd as die algemene mansgroep, met ander woorde hulle het 'n meer kenmerkende vroulike waardepatroon. Die laagste waardes van dié groep is dan ook die ekonomiese en politiese waardes. Hierdie navorsers stel voor dat die A.V.L. as keuringsinstrument vir voornemende maatskaplike

werk(st)ers gebruik moet word.

Pintner ⁽¹²⁴⁾ het die waardes van 'n groep gegraduateerde onderwysstudente ondersoek en bevind dat hulle as groep effens laer op die politiese en effens hoër op die religieuse waarde presteer as Allport se algemene studentegroep. Die verskillende groepe studente (opgedeel volgens belangstelling en spesifieke opleidingsprogram, te wete Administrasie, Tale, Wiskunde, Geskiedenis, Algemene Klaswerk, en Sielkundige Voorligting) het egter verskillende waardeprofiële getoon: so byvoorbeeld het vroulike Administrasie-studente hoë estetiese en lae ekonomiese waardes, maar mans in dieselfde rigting hoë teoretiese en lae estetiese waardes, asook taamlik hoë politiese en religieuse waardes; die toekomstige taalonderwysers is hoog in estetiese en religieuse en laag in teoretiese waardes; toekomstige Wiskunde-onderwysers is hoog in teoretiese en laag in estetiese en politiese waardes; toekomstige Geskiedenis-onderwysers en algemene klasonderwysers is hoog in sosiale en laag in teoretiese waardes; en die toekomstige Voorligtingsonderwysers is hoog in teoretiese (veral die mans) en estetiese (veral die vroue), en laag in politiese en religieuse waardes, asook (in mindere mate) in die ekonomiese waarde. (Dié wat beskou word as die beste aspirant-sielkundiges se sosiale waardes is ook heelwat hoër as hul politiese en ekonomiese waardes - veral in vergelyking met dié wat as die swakste kandidaat beskou word). Hoewel die onderskeie groepe taamlik klein is (tussen 12 en 53) stem hierdie bevindinge nogtans baie ooreen met dié van ander reedsgemelde navorsers.

Pal ⁽¹²¹⁾ het die volgende korrelasies gekry tussen die waardes en beroepskeuses van finale jaar Indiese studente:

- (a) Ingenieur - studente presteer die hoogste op die ekonomiese en laagste op die religieuse waardes;
- (b) Regte-studente presteer die hoogste op die politiese

en laagste op die estetiese waardes;

- (c) Mediese studente presteer die hoogste op die teoretiese, daarna op die sosiale, en die laagste op die estetiese waardes;
- (d) Onderwys-studente presteer die hoogste op die politiese en teoretiese en laagste op die religieuse waardes.

Pal haal ook vir Gee aan wat bevind het dat mediese studente se hoogste waarde teoreties, hul tweede hoogste polities, hul tweede laagste sosiaal en hul laagste ekonomies is (hierdie bevindinge stem deels ooreen met ander bevindinge en is deels in stryd daarmee); en ook vir Allport et al wat bevind het dat ingenieurstudente se waardevoorkeur as volg is:

1. teoreties; 2. ekonomies; 3. polities; 4. religieus; 5. sosiaal; en 6. esteties.

Ook W.T. May ⁽¹¹³⁾ het probeer vasstel in watter mate die waardes van leerlingverpleegsters wat met hul kursus voortgaan, verskil van dié wat binne die eerste jaar die beroep verlaat, en het bevind dat laasgenoemde groep hoër is op die teoretiese en ekonomiese waardes en eersgenoemde hoër op die sosiale waarde (net soos die algemene opgeleide verpleegstersgroep).

Pretorius ⁽³⁸⁾ het 'n groep senior universiteitstudente se beroepskeuse vergelyk met hul punte op die A.V.L., die "Interest Values Inventory" van Maller en Glaser, en die "Thurstone Interest Schedule." Met uitsondering van die politiese waarde wat nie betekenisvol gekorreleer het met die keuse van Regte en Geskiedenis nie, was al sy ander verwagte resultate positief - dit wil sê, studente in die Natuurwetenskappe en Filosofie het hoë punte behaal op die teoretiese waardes; studente in die Letterkunde was hoog op die estetiese waarde; studente in die Opvoedkunde en Sosiale Wetenskappe hoog op die sosiale waarde; en studente in die Teologie hoog op die religieuse waarde.

Arsenian ⁽⁴⁷⁾ het ook, in 'n vergelyking van 'n groep eerstejaarstudente se punte op die A.V.L. en die "Cleeton Vocational Interest Inventory," die volgende korrelasies gekry (weliswaar nie baie hoog nie, maar wel statisties beduidend):

1. Die teoretiese waarde korreleer positief met die beroepsgroepe van (a) ingenieur, chemikus, tegnoloog en fisikus; (b) geneesheer en bioloog; (c) geskoolde meganiese werkers; (d) statistikus, rekenmeester, bankier en finansier;
2. Die ekonomiese waarde korreleer positief met die beroepsgroepe van (a) koopsagent, besigheidsbestuurder, e.d.m.; (b) rekenmeester, statistikus, e.d.m.; (c) versekeringsagent en verkoopsman; (d) geskoolde meganiese werkers; en negatief met toneelspeler, musikus, kunstenaar, e.d.m.;
3. Die estetiese waarde korreleer positief met die beroepsgroep van akteur, e.d.m.; en negatief met al die ander (in mindere of meerdere mate);
4. Die sosiale waarde korreleer positief met die beroepsgroepe van (a) toneelspeler en ander verwante beroepe; (b) onderwyser, predikant, sosiale werker, Y.M.C.A.-werker, en ander beroepe van 'n sosiaal-wetenskaplike aard; (c) regsgeleerde en joernalis;
5. Die politiese waarde korreleer negatief met die reeds-gemelde beroepsgroepe van (a) onderwyser, e.d.m.; (b) toneelspeler, e.d.m.; (c) geneesheer, e.d.m.;
6. Die religieuse waarde korreleer positief met die beroepsgroep van onderwyser, e.d.m..

Kinnane en Gaubinger ⁽¹⁰³⁾ het verder, in 'n vergelyking van 'n groep Katolieke studente se A.V.L.-resultate en hul resultate op die "Work Values Inventory" van Super en Overstreet bevind dat diegene wat hoog presteer op die teoretiese waarde ook hoë waarde heg aan prestasie in die werksituasie; dat dié wat hoog vaar op die ekonomiese

waarde ook hoër waarde heg aan sekuriteit, werksomstandighede en werksmaats; dié wat hoog presteer op die politiese waarde hoër waarde heg aan byvoorbeeld die status wat werk meebring; dié wat hoog presteer op die religieuse en estetiese waardes min waarde heg aan aardse of wetenskaplike dinge, aan geld en aan mag; en die estetiese tipe heg onder andere baie waarde aan verskeidenheid en onafhanklikheid.

Wagman ⁽¹⁵⁸⁾ het die waardes van beroeps- en huis-georiënteerde vroulike voorgraadse universiteitstudente probeer vergelyk (na aanleiding van hul reaksies op die A.V.L. en die Strong) en bevind dat hulle betekenisvol van mekaar verskil ten opsigte van die volgende: eersgenoemde groep is hoër op die teoretiese en laer op die religieuse waarde, hoër op die Strong-skaal vir regsgeleerde, geneesheer en sielkundige; en laasgenoemde hoër op die religieuse waardes en op die Strong-skaal vir huisvrou, huishoudkunde-onderwyseres en dieëtkundige. Die belangstellings van eersgenoemde groep (volgens die twee skale gekombineerd) kan opgedeel word in drie groepe, naamlik: (i) verbaal-taalkundig; (ii) wetenskaplike-tegnies; en (iii) 'n kombinasie van (i) en (ii), soos verteenwoordig deur die beroep van sielkundige; en die belangstellings van laasgenoemde groep word verteenwoordig deur slegs een algemene patroon, naamlik huishoudelike en praktiese kunste - alle betrekkinge wat assistentskap vir die manlike geslag in gemeen het.

Van Dusen, Wimberley en Mosier ⁽¹⁵⁷⁾ het, ten slotte, hul "Standards Inventory" gebruik om die verwantskap tussen 'n groep manstudente se punte vir die vyf waardes van hul toets, tellings vir die Strong "Vocational Interest Blank," en beroepskeuse te bepaal. Hul bevindinge was dat studente met belangstelling in die onderwys en ingenieurswese hoog presteer op die teoretiese waarde en dié wat belangstel in die werk van 'n rekenmeester weer laag; dat belangstelling in die werk van kantoorklerk,

onderwyser en rekenmeester hoog korreleer met die ekonomiese waarde, en belangstelling in ingenieurswese en regte weer laag; dat die estetiese waarde hoog korreleer met belangstelling in estetiese beroepe (soos argitektuur, toneelspel, ens.); dat persone met belangstellings in die onderwys, regte en klerklike werk weer hoog presteer op die sosiale waarde; en dié met belangstelling in die bediening, onderwysberoep en klerklike werk ook hoog op die religieuse waarde. Ook in hierdie geval stem sommige van die bevindinge ooreen met dié van ander navorsers en sommige nie.

(xvi) Samevatting: Opsommenderwys kan ons dus sê dat al hierdie studies, ten spyte van sommige weerspre.

duidelik toon dat waardetoetse 'n baie nuttige doel kan dien; eerstens by vak- en beroepsvoorligting en selfs (hoewel in mindere mate) ook by beroepskeuring; en verder ook by huweliksberaad en -voorligting. Origens kan kennis van 'n persoon se waardestelsel ons help om hom as individu, asook in verhouding tot sy spesifieke groep, beter te begryp en om sy gedrag oor die algemeen beter te kan voorspel.

B. Voordele en nadele van waardetoetse:

(i) Nadele: Volgens Ellis ⁽⁷²⁾ is daar al die volgende besware ingebring teen Waarde- en ander dergelyke persoonlikheidsvraelyste (baie van hierdie besware is reeds gemeld in vroeër afdelings, of sal later weer genoem word):

- (a) Hulle is, onder andere volgens Frank, Moore en Steele, Spencer en Terman, van meer waarde in groepsbeskrywings as in individuele diagnose;
- (b) Volgens Guilford en Mosier is die sogenaamde enkele trekke wat gemeet word, meer dikwels 'n samevatting van verskeie trekke; of anders (volgens Lorge en Perry) is die baie verskillende

trekke wat gemeet word dikwels slegs verskillende aspekte van, of name vir, een of meer trekke;

- (c) Kulturele faktore (soos byvoorbeeld agtergrond, opvoeding, ens.) mag, volgens Sheu, die oorsaak wees van verskillende response by verskillende toetslinge wat in werklikheid dieselfde eienskap in gemeen het;
- (d) Vrae kan verskillend geïnterpreteer word deur verskillende individue sonder dat die toetsafnemer daarvan bewus is;
- (e) Volgens Allport, Laslett, en andere is daar 'n algemene oorskatting of "self-halo"-effek wanneer normale persone persoonlikheidsvraelyste beantwoord.
- (f) Volgens Allport en verskeie ander navorsers kan die meeste toetslinge maklik hul antwoorde vervals as hulle wil;
- (g) Hoe die vrae beantwoord word, hang af van die motivering van die toetslinge, en die omstandighede waaronder hulle dit beantwoord, mag ook 'n invloed uitoefen (ware kliniese rapport is dus nie tydens sulke toetse moontlik nie). Eysenck, Frank, Maller, Vernon en andere het onder andere hierop gewys;
- (h) Volgens Lorge en andere beïnvloed die manier waarop response gemaak moet word, die geldigheid van die toetse;
- (i) Volgens Lorge en andere maak gebrek aan interne konstantheid 'n vraelys ongeldig, maar hoër interne konstantheid maak dit nie noodwendig geldig nie;
- (j) McQuitty, Van Wagenen en andere wys daarop dat die wyse waarop aanwysings gegee is, die resultate mag beïnvloed;
- (k) Volgens Bigham, Lentz en andere verlaag lae betroubaarheid die geldigheid van sulke toetse;
- (l) Volgens Hampton, Papurt, Rundquist en andere kan die

spesifieke manier waarop vrae gestel word, asook die woordeskat wat gebruik word, misverstand by sommige toetslinge veroorsaak;

- (m) Volgens Krait, Watson, en andere is toetsing 'n kunsmatige prosedure en is die resultate daarvan dikwels nie baie geldig in vergelyking met die toetsling se werklike optrede nie;
- (n) Volgens Kuznets word sommige vraelyste gevalideer deur hul resultate te vergelyk met die van ander vraelyste vanwaar eersgenoemde dikwels hul vrae vandaan kry, sodat die geldigheid kunsmatig verhoog word en daar dus nie veel waarde aan geheg kan word nie;
- (o) Volgens Alexander en Laslett mag 'n toetsling, as gevolg van gebrek aan selfinsig, sy vrae verkeerd beantwoord en sodoende 'n valse beeld van homself daarstel;
- (p) Volgens Watson bestaan baie vraelyste uit 'n versameling ("pot-pourrie") van items wat weinig of geen betekenis het nie, dus is dit moeilik om vas te stel wat die totaalpunt werklik beteken;
- (q) Toeval speel, volgens Wile, dikwels 'n groot rol in die wyse waarop vraelyste beantwoord en bepunt word;
- (r) Konstruksie en evaluasie van toetsitems is dikwels (volgens onder andere Landis en Katz) nie empiries gegrond nie;
- (s) Volgens Landis laat die onkritiese gebruik van statistiese prosedure baie gegewens dikwels reël en geldig voorkom, terwyl dit in werklikheid glad nie so akkuraat is nie;
- (t) Volgens Landis dwing Ja-Nee keuses (of twee-keuse items) dikwels verkeerde antwoorde af, aangesien hulle geen middeweg toelaat nie;

- (u) Volgens Flemming, Guthrie en Stagner het baie vraelyste wat voorgee om dieselfde trek te meet, in werklikheid lae interkorrelasies met mekaar en is dus nie vergelykbaar nie;
- (v) Volgens Burks en Terman is daar geen statistiese kortpaadjies na 'n begrip van die menslike natuur nie; al probeer sommige toetsopstellers dit ook regkry deur middel van ingewikkelde faktoranalise;
- (w) Volgens Traxler en Vernon is toetslinge juis geneig om hulself te oorskat wanneer toetse gebruik word vir keurings-doeleindes en is die toetse dan ongeldig;

As gevolg van al hierdie besware beskou baie sielkundiges hierdie soort vraelyste dus as ongeldig, onbetroubaar en onbevredigend en word hulle deur relatief min sielkundiges met volkome vertroue gebruik. Desnieteenstaande word sulke vraelyste tog baie algemeen gebruik (veral vir voorligtingsdoeleindes), en wel om die volgende redes (ook aangehaal deur Ellis ⁽⁷²⁾).

(ii) Voordele:

- (a) Baie van hulle is gestandaardiseerde instrumente wat gehanteer kan word op 'n objektiewe, statistiese wyse (volgens Hunt, Wittson en Harris);
- (b) Hulle is oor die algemeen maklik om af te neem en na te sien (onder andere volgens Maller);
- (c) Hulle kan, onder andere, volgens Hunt, Wittson en Harris, waardevolle kliniese informasie verskaf;
- (d) Volgens Bernreuter toon statistiese analise dat die trekke gemeet deur die meeste van die vraelyste 'n ware bestaan het en nie die gevolg is van toevalligheidsfaktore nie;
- (e) Volgens Symonds word daar gewoonlik voorsiening gemaak vir moontlike verkeerde (valse) response in

die interpretasie van toetsresultate - meestal
wanneer die toets gestandaardiseer word;

- (f) Mense soos Link, May, Root en Stagner beweer dat tradisionele metodes van vraelys-validering deur middel van eksterne kriteria self dikwels foutief en ongeldig is; dus is daar niks verkeerd met die validering daarvan deur middel van interne konstantheid nie.

Ten slotte moet daar onthou word dat feitlik al die genoemde nadele van sulke toetse maklik uitgeskakel kan word deur hulle in gedagte te hou en te probeer vermy tydens die proses van toetsopstelling, item-analise en standaardisering.

C. Faktore wat in gedagte gehou moet word by die opstel van waardevraelyste:

(i) Algemene reëls vir die opstel en afneem van waardevraelyste: Volgens Thurstone en Jones ⁽¹⁵⁰⁾ is daar baie sielkundiges wat beweer dat iets so subjektief as waardes nie gemeet kan word nie. Hoewel hul saamstem dat menslike waardes essensieel subjektief is en dat hulle nooit behoorlik verteenwoordig kan word deur meetbare fisiese objekte nie, is dit tog, volgens hulle, nie heeltemal onmoontlik om 'n metingskaal op te stel wat desondanks 'n mate van objektiwiteit besit nie. Verskeie suksesvolle pogings om waardes empiries te toets, is dan ook alreeds aangewend.

Volgens Barton ⁽⁴⁸⁾ moet ons van die volgende „indikatore" gebruik maak wanneer ons mense se waardes wil probeer meet:

1. Eksplisiete abstrakte elemente van standarde, kriteria of doelstellinge;
2. Spesifieke evaluerende stellinge oor spesifieke objekte;
3. Stellinge van waarskynlike gedrag in hipotetiese situasies;

4. Verslae van waargenome gedrag. (Die eerste indikator gee spesifieke en eksplisiete aanduiding van 'n persoon se waardes, terwyl dit implisiet van die ander drie afgelei kan word.)

Deur middel van eksperimente het Cantril en andere (58) ook bevind dat algemene stelling (dit wil sê, stellinge en vrae wat waardes op algemene vlak toets) meer betroubaar is as meer spesifiekes, maar dat albei essensieel dieselfde meet, aangesien hul hoog met mekaar korreleer. Vir die opstel van waardetoetse is albei soorte items egter noodsaaklik; eersgenoemde omdat hulle suiwerder en meer betroubaar is, en laasgenoemde omdat hulle 'n groter verskeidenheid van items wat nog essensieel dieselfde meet, moontlik maak.

Wanneer vrae gestel word aan 'n spesifieke groep om hul waardes te meet, moet die agtergrond, behoeftes en belangstellingspeil van daardie groep in ag geneem word. So byvoorbeeld beveel verskeie navorsers aan dat vrae aan 'n skoolgaande groep onder andere moet handel oor die volgende aspekte: sukses-ambisie, skool-gesag, sekuriteit, teenoorgestelde geslag, ouers en self. Lurie (109) het ook 'n aantal vraagkategorieë opgestel en uitgetoets (sy vraelys berus daarop) wat baie nuttig kan wees vir toetsopstellers, maar dié word later bespreek.

Alberts (35, pp.46-48) noem, na aanleiding van Linquist en Conrad, 'n aantal riglyne vir die skryf van items vir houdingtoetse. Hierdie reëls sal almal (in mindere of meerdere mate) ook toepaslik wees op die skryf van items vir waardevraelyste, aangesien waardes, volgens ons definisie, houdings ten grondslag lê. Hulle lui as volg:

1. Die items moet so duidelik as moontlik gestel word.
2. Woorde met presiese betekenis, dit wil sê, ondubbelsoinnige woorde, moet gekies word.
3. Ingewikkelde en eienaardige ordening van woorde (sinskonstruksie) moet vermy word.

4. Die verskillende keuse-moontlikhede moet almal ewe duidelik en volledig gestel word.
5. Onnodige woorde moet vermy word.
6. Die vrae moet nie te spesifiek wees nie.
7. Onakkuraatheid moet streng uitgeskakel word.
8. Die moeilikheidsvlak van die items moet aangepas word by die groep en die doel waarvoor dit opgestel word.
9. Items moet so opgestel word dat toetslinge nie sal voel sekeres is die korrekte (sosiaal verwagte response) nie.
10. Stereotipe frases of terme moet vermy word (in sowel die items as die moontlike response).
11. Ontoepaslike dele wat die item dalk ingewikkelder of die keuse moeiliker kan maak, moet vermy word.
12. Alle response moet ewe aantreklik lyk - die verskillende alternatiewe moet dus deur min of meer eweveel toetslinge gekies word.
13. Negatief gestelde vrae moet sover as moontlik vermy word (vrae of bewerings moet eerder direk gestel word).
14. Response wat mekaar oorvleuel, moet vermy word.
15. Die response moet, indien moontlik, in logiese volgorde gerangskik word, maar daar moet nie konsekwent van enige spesifieke responsposisie gebruik gemaak word nie.

McNemar ⁽¹¹⁵⁾ wys ook daarop dat vrae verstaanbaar, duidelik en ondubbelsinnig gestel moet word, en nie stereotiep of emosioneel belaaid moet wees nie; anders sal die betroubaarheid en geldigheid van die toets verlaag word. En Wang ⁽¹⁴⁵⁾ gee verder die volgende wenke vir die skryf van vrae wat houdings meet:

- (a) Slegs een vraag moet op 'n keer gestel word; komplekse vrae wat eintlik uit meer as een vraag wat saamgevoeg is, bestaan, moet dus vermy word en sinne (vrae) moet dus so kort, bondig, en op die punt af wees as wat prakties moontlik is.
- (b) Daar moet seker gemaak word dat 'n sekere antwoord wel

die spesifieke houding of waarde weerspieël wat daardeur gemeet moet word.

- (c) Daar moet opgepas word vir woorde soos „slegs,” „alleenlik,” „net,” ens.; hulle veroorsaak onsekerheid by die toetslinge en gevolglik onbetroubare response.

Hy wys ook daarop dat vreemde, ingewikkelde en hoogdrawende woorde wat nie algemeen gebruik en verstaan word nie, vermy moet word; en dat wanneer 'n toets opgestel word, die spesifieke ouderdom, opvoedkundige kwalifikasies, woordeskat, groep, ens., van die toetslinge altyd in gedagte gehou moet word; asook dat negatiewe sinskonstruksie (wat ook onduidelikheid in die hand mag werk) liefst vermy moet word.

Volgens P.M. Symonds ⁽¹⁴⁷⁾ wat ook vir C.O. Mathews aanhaal (albei het navorsing in dié verband gedoen), het die orde van aanbieding van antwoord-alternatiewe 'n besliste invloed op die keuse daarvan wat nie beïnvloed word deur ouderdom van die toetslinge (bv. universiteits- of skool-ouderdom) soos moontlik verwag kan word nie. Die items of itemresponse wat eerste aangebied word, word naamlik meer dikwels gekies - en dit geld veral vertikale aanbieding van die verskillende itemresponse. Volgens Symonds is die sterkte van dié neiging om voorkeur te gee aan itemresponse wat vroeg op die lys verskyn en nie aan dié wat laat daarop verskyn nie, direk in verhouding tot die afstand van die item vanaf die middelste item. Hierdie bevinding moet dus in gedagte gehou word by die rangskikking van itemresponse.

Volgens Kuder ⁽¹⁰⁶⁾ word die voorkeur-tipe items glad te min gebruik in persoonlikheidstoetse in vergelyking met die saamstem-tipe items. Hy het bevind dat eersgenoemde heeltemal betroubaar is en dat 'n eenvoudige keuse of rangorde-item ook maklik omskep kan word in 'n vergelykende (twee-keuse) item. 'n

Twee-keuse item is, volgens hom, ook meer betroubaar as meervoudige-keuse items; hoewel 'n drie-keuse item se betroubaarheid nie veel laer as dié van eersgenoemde is nie. Hoe meer keuses, hoe minder betroubaar is hulle gewoonlik (bereken volgens toets-hertoets betroubaarheid) maar hoe minder tyd is nodig vir die toets en hoe korter kan laasgenoemde gevolglik wees. Volgens Tversky ⁽¹⁵⁴⁾ is drie matematies die optimale aantal keuses wat in 'n vraelys aangebied behoort te word, daarna twee, daarna vier, vyf, ses, en meer. (Eintlik lê die optimale punt, volgens hom, êrens tussen twee en drie, maar nader aan laasgenoemde.) Hy haal ook empiriese bevindinge aan wat sy bewerings staaf, byvoorbeeld dié van Sunby, Chambliss, Pollack, asook dié van Pollack en Ficks, wat almal gevind het dat drie keuses beter is as twee, vier of vyf. Diskriminasie word, volgens Tversky, in die wiede gery deur 'n té hoë geheuelading of 'n té klein keuse. Volgens Kuder ⁽¹⁰⁶⁾ gee die toetsling dan ook nie genoeg tyd en aandag aan al die moontlikhede (bo drie) nie, en gevolglik is die uiteindelijke keuse nie so betroubaar nie, hoewel tog nog betroubaar genoeg om die gebruik daarvan te regverdig indien dit noodsaaklik is om soveel as moontlik keuses binne die kortste moontlike tyd te dek. Wanneer sulke multikeuse items egter later na twee-keuse items verander word, sal die betroubaarheid van die toets verhoog word.

Volgens onder andere Langstaff (aangehaal in 63) en Cross ⁽⁶³⁾ is die regte motivering aan die kant van die toetsling ook 'n belangrike faktor om in gedagte te hou; daarom is dit altyd beter om toetse soos waarde-vraelyste slegs tot voordeel van die toetsling te gebruik (byvoorbeeld vir beroepsvoorligting, ens.) en nie as metode van keuring nie; talle studies het alreeds bewys dat sulke toetse maklik suksesvol vervals (oneerlik beantwoord) kan word deur toetslinge wat graag 'n spesifieke indruk wil maak.

Dukes ⁽⁶⁹⁾ beveel die gebruikmaking van meer

indirekte vorms van meting aan; deels om bogenoemde probleem van oneerlikheid uit te skakel, en deels ter wille van variasie. Vrye assosiasie en ander projektiewe tegnieke kan dus moontlik gebruik word, maar ongelukkig skep hulle weer 'n groter probleem met betrekking tot bepunting en objektiewe vergelyking met ander.

(Skryfster self meen egter dat die meeste goeie vraelyste in elk geval streng gesproke projektief van aard is; aangesien die toetsling nie direk uitgevra word oor sy waardes, ideale, ens., nie; maar laasgenoemde afgelei word uit sy keuse van helde, werk, vryetydsbesteding, leesstof, ens..)

Dit is nuttig om aanvanklik 'n groot aantal items op te stel wat dan deur middel van vooronderseke op een of meer klein toetsgroepies afgeneem en sodoende gekeur kan word; dit sal die toetsopsteller 'n aanduiding gee of hy op die regte spoor is al dan nie. Ook die aantal toetsitems wat nodig is vir die eintlike voorlopige toepassing op 'n groter steekproef moet nog voldoende wees om toe te laat vir deeglike keuring na itemanalise voordat die finale toets opgestel word wat daarna gestandaardiseer moet word.

Volgens Lindquist (aangehaal deur Alberts ⁽³⁵⁾) moet die grootte van die eintlike steekproef wat gebruik gaan word vir voorlopige toepassing van die toets met die oog op item-ontleding ongeveer 400 tot 500 proefpersone beslaan (meer toetslinge sal die groep te groot en lomp maak en die verwerkinge dus onnodig bemoeilik; en minder sal veroorsaak dat die groep dalk nie verteenwoordigend genoeg van die populasie is nie). Indien die toets bedoel word vir albei geslagte moet daar verkieslik ongeveer eweveel toetslinge wees wat elke geslag verteenwoordig. Die proefgroep moet verkieslik 'n ewekansige monster wees, getrek uit die hele bevolking vir wie die toets bedoel is. 'n Gestratifiseerde monstergroep kan egter ook gebruik word indien praktiese redes dit vereis;

sodoende kan daar ook seker gemaak word dat al die verskillende lae of groepe van die bevolking behoorlik verteenwoordig is en sommige nie dalk toevallig weggelaat is nie.

Die toets self behoort toegepas te word deur 'n opgeleide toetsafnemer wat gebruik maak van 'n stel aanwysings wat in hoofsaak bestaan uit 'n inleidende praatjie ter motivering van die toetslinge, tentatiewe toets-tye en aanwysinge vir die gebruik van die antwoordblad. Hierdie praatjie behoort dieselfde te wees vir alle toetslinge en daar behoort toegesien te word dat die lokaal waarin en omstandighede waaronder die toets afgeneem word, min of meer standaard is. Slegs 'n ruwe aanduiding van die tydsbeperking moet - om praktiese redes - gegee word; almal moet egter genoeg tyd gegun word om klaar te maak.

Ná nasien van die toets en aantekening van die response en resultate kan itemontleding dan toegepas word.

(ii) Itemontleding: Volgens Anstey (aangehaal deur Alberts ⁽³⁵⁾) is die hoofdoel van itemontleding die verkryging van objektiewe, kwantitatiewe bevindings omtrent die toetsitems, en kan suksesvolle itemanalise die betroubaarheid en geldigheid van 'n toets baie verhoog (ander navorsers, soos byvoorbeeld Richardson ⁽¹²⁸⁾, stem heelhartig hiermee saam). Volgens Conrad (aangehaal deur Linguist, op sy beurt aangehaal deur Alberts ⁽³⁵⁾) is die doelstelling van itemontleding, in volgorde van belangrikheid, onder andere die volgende:

1. Om swak items (byvoorbeeld die wat dubbelsinnig, vaag, onaanneemlik, en onjuis is) te identifiseer en 'n aanduiding te kry van die nodige verbeteringe wat aangebring kan word.
2. Om die diskriminasie(geldigsheids)waarde van elke item te bepaal, sodat alle gekose items die optimum bydrae kan lewer tot die sentrale doel van die toets.
3. Om die nodige data te verkry om vas te stel uit

watter en hoeveel items die toets moet bestaan.

4. Om gegewens in te win sodat vasgestel kan word ongeveer hoeveel tyd vir die finale toets toegestaan moet word.
5. Om probleme en onduidelikheid in die toetsaanwysings, die wyse van toepassing, en die formaat van die toetse op te spoor en te verbeter.
6. Om die interkorrelasies tussen items te bepaal sodat onnodige oorvleueling tussen toetse vermy kan word en die items op die beste wyse in subtoetse ingedeel kan word.

Afgesien dus van praktiese inligting wat ingewin behoort te word tydens die toepassing van 'n eksperimentele toets (byvoorbeeld hoe lank dit vir die gemiddelde toetsling neem om die toets af te lê; watter toetsinstruksies of toetsvrae vaag en ondubbelsinnig was en gevolglik verbeter hoef te word, ens.) is die volgende statistiese berekeninge noodsaaklik tydens itemanalise:

(iii) Responsanalise: Dit behels die bepaling van die persentasie response wat elke antwoordalternatief getrek het. Die doel hiervan is om antwoordalternatiewe wat té populêr of té onpopulêr was, uit te skakel. Ideaal gesien, behoort elke antwoordalternatief presies ewe veel response te trek, maar in werklikheid is dit selde die geval. Aangesien elke waarde (of ander sielkundige faktor wat gemeet mag word) egter deur verskeie antwoordalternatiewe verteenwoordig word, is dit nie noodsaaklik dat al hierdie antwoordalternatiewe presies ewe populêr hoef te wees nie; so lank hulle nie te veel van mekaar verskil nie, kan die verskille mekaar uitkanselleer. Daar moet dus by die ontleding van elke toets populariteitsgrense vasgestel word aan weerskante van die ideale gemiddelde waarbinne alle gekeurde items dan moet val. Hierdie grense sal afhang van die maksimum punt wat deur die toetsling aan elke antwoord toegeken kan word, die hoeveelheid beskikbare items, die

graad van perfeksionisme wat die toetsopsteller vereis, die doel van die toets, ens..

Hoewel responsanalise 'n noodsaaklike aspek van itemanalise is, moet daar egter onthou word dat dit nie die belangrikste aspek daarvan is nie; probleme wat mag ontstaan as gevolg van antwoordresponse van sekere Waarde-subtoetse wat konsekwent té populêr of onpopulêr is (ten spyte van itemkeuring na responsanalise) kan later tydens toetsstandaardisasie uit die weg geruim word deur middel van normalisering (aanpassing van die punte by die normale verspreidingskurve).

(iv) Berekening van die diskriminasie-indeks: Dit behels die berekening van die diskriminasiewaarde (interne geldigheid) van elke item afsonderlik en van die toets as geheel. Hierdeur word vasgestel of elke item en die toets as geheel wel dit meet (die spesifieke waarde wat daardeur verteenwoordig word) wat dit veronderstel is om te meet; en nie dalk iets anders nie. Die interne geldigheid van 'n toets, net soos die diskriminasie-indeks van 'n item, word aangedui deur 'n punt wat wissel van 0 tot 1. Hierdie punt word verkry deur die punt toegeken deur elke toetsling aan elke individuele item-antwoord te korreleer met die betrokke toetsling se totale punt vir die waarde wat deur daardie item-antwoord verteenwoordig word en dan die gemiddelde korrelasies van al die items te bereken. Hierdie berekening word dus genoem item-(sub)toetskorrelasie.

Daar is verskeie korrelasie-metodes wat vir hierdie doel gebruik kan word, afhangende van die tipe toets-gegevens wat verwerk moet word. So byvoorbeeld kan die punt-biseriale korrelasie-metode gebruik word in die geval van twee-keuse antwoorde wat reg of verkeerd mag wees of 'n sekere waarde mag weerspieël of nie. Van die produk-moment korrelasie-metode kan daar weer gebruik gemaak word wanneer die toetslinge 'n punt (wat kan wissel tussen meer as twee moontlikhede) aan elke respons moet

toeken. In ander gevalle word daar weer van ander metodes gebruik gemaak. Daar moet egter in gedagte gehou word dat, indien 'n item met 'n telling gekorreleer word waarvan hyself deel uitmaak, die korrelasie neig om hoër te lyk as wat werklik die geval is. Volgens Guilford ⁽¹⁶⁾ (asook aangehaal deur Alberts ⁽³⁵⁾) is hierdie verhoogde korrelasie in die orde van $\sqrt{\frac{1}{n}}$ (waar „n” die aantal items in die toets is); hierdie waarde moet dus van die verskreë korrelasie afgetrek word om die ware item-toets korrelasie te verkry. In gevalle waar toetsopstellers nie van 'n elektroniese rekenaar kan gebruik maak nie, maak hulle dikwels gebruik van die ruwer hoë- en lae-groep-korrelasie-metode. Dan word die punte van 'n gekeurde groep (gewoonlik die boonste 27%) wat hoog, en dié van 'n ander groep (gewoonlik die onderste 27%) wat laag op daardie spesifieke waarde presteer het, toegeken aan elke item wat daardie spesifieke waarde verteenwoordig, gekorreleer met hul totaaltellings vir daardie waarde.

Presies hoe hoog die diskriminasie-indeks van 'n item of die interne geldigheidskoëffisiënt van 'n toets moet wees om as beduidend beskou te word, hang af van onder andere die aantal toetslinge wat die toets afgelê het, die standaardafwyking van die toets-gemiddelde, ens.. Volgens Garrett, aangehaal deur Alberts ⁽³⁵⁾, word 'n diskriminasie-indeks van ongeveer .20 egter gewoonlik as beduidend beskou.

Volgens Guilford et al ⁽⁹¹⁾ moet ons verwag dat daar interkorrelasies tussen ten minste sommige van die faktore (of waardes) sal wees, aangesien hulle nie absoluut onafhanklike sielkundige faktore voorstel nie, maar wel deur mekaar beïnvloed word. (So is daar byvoorbeeld deur verskeie navorsers positiewe interkorrelasies gekry tussen byvoorbeeld die politiese en ekonomiese; tussen die sosiale en religieuse; tussen die teoretiese en estetiese waardes van Spranger en

Allport.) Daar moet egter altyd gewaak word daarteen dat sulke interkorrelasies nie dalk toegeskryf kan word aan swak itemkonstruksie nie. Guilford et al stel dus voor dat daar ook gebruik gemaak word van negatiewe item-analise deur die item ook te korreleer met die faktore of waardes wat uit die toets gehou moet word. So 'n item moet dan nie alleen positief korreleer met die faktor wat dit veronderstel is om te meet nie, maar ook beslis heelwat laer of nie beduidend nie met ander faktore wat ons wil uithou. Inter-toets-korrelasies kan dan bereken word deur elke toetsling se totaal vir 'n spesifieke (sub-toets) waarde te korreleer met sy totaal vir elke ander toets (waarde). Indien die faktore (of waardes) dan later, ten spyte van uitskakeling van bogenoemde ongeldige items, nogtans met mekaar korreleer, kan ons aanneem dat hulle werklik met mekaar korreleer en nie bloot as gevolg van swak toetskonstruksie nie.

Daar moet egter ook onthou word dat sekere toetse, as gevolg van hul vorm, hul statisties gesien, leen tot ongeldige (of ten minste minder geldige) inter-korrelasiepunte; dit geld byvoorbeeld veral toetse waar die toetsling sy keuses in rangorde moet plaas, en sy punte vir die verskillende subtoetse dus afhanklik van mekaar is.

Indien daar van 'n elektroniese rekenoutomaat gebruik gemaak kan word vir die uitvoer van bogenoemde berekeninge en verwerkings sal dit vir die navorsers natuurlik baie tyd bespaar en 100% noukeurigheid verseker.

Anstey (aangehaal deur Alberts ⁽³⁵⁾) wys egter daarop dat itemontleding ook die volgende beperkinge het wat altyd in gedagte gehou behoort te word: Item-statistieke kan nie van 'n ooglopende swak item 'n goeie maak en dus so 'n item se gebruik regverdig nie; item-analise-metodes kan dus nie maar net blindweg aanvaar en toegepas word nie; insig en gesonde oordeel aan die

kant van die toetsopsteller is dus ook noodsaaklik. Daar moet ook onthou word dat die resultate van item-ontleding wat op een groep verkry is, nie noodwendig altyd ten volle vir ander groepe ook geld nie. Die aard en grootte van die steekproef is dus ook onder andere van groot belang.

(v) Betroubaarheid van Waardevraelyste of -toetse: Betroubaarheid van 'n toets word gewoonlik tydens standaardisasie bereken en behels die mate waarin dit konstant dieselfde resultate toon wanneer die toets meer as een keer deur dieselfde persoon of groep afgelê word. 'n Betroubaarheidskoëffisiënt wat wissel van 0 tot 1 word gewoonlik bereken deur die twee stelling toetsresultate (van 'n groep wat na 'n sekere periode hertoets is) met mekaar te korreleer; elke toetsling se twee punte word met mekaar gekorreleer en daarna die gemiddelde van al die korrelasies verkry om die betroubaarheid van die toets as geheel vas te stel. Wat die minimum betroubaarheidskoëffisiënt moet wees om te beantwoord aan die vereistes van beduidendheid, hang af van faktore soos onder andere die grootte van die monster. McNemar (115) glo egter dat ten spyte van moontlike laer beduidendheidsgrense 'n betroubaarheidskoëffisiënt van .50 die absolute minimum behoort te wees, en dat die toetsopsteller gedurig daarna moet streef om sy meetmiddel nog meer te verbeter en so akkuraat en betroubaar as wat menslik moontlik is, te kry.

Veranderlikheid in die resultate (wat met verloop van tyd intrê) kan (volgens onder andere Freeman (14)) toegeskryf word aan:

- (i) interne onbetroubaarheid van die toets;
- (ii) ongekontroleerde veranderlikes wat die toets-situasie beïnvloed; of
- (iii) fluktuasies in optrede wat te wyte is aan verandering in die toestand van die toetsling.

Ten einde te verseker dat slegs toevallige korttermyn

fluktuasies in individuele optrede (soos byvoorbeeld moegheid, siekte, e.d.m., wat nooit heeltemal uitgesluit kan word nie) toetspunte beïnvloed, is dit verkieslik dat die toetsbetroubaarheid oor relatief kort tydperke vasgestel moet word. Op dié manier sal die langtermyn, kumulatiewe en progressiewe veranderinge in die toetslinge se optrede waarskynlik uitgeskakel word. Verskille in toetsresultate kan egter ook veroorsaak word deur verskille in die administrasie van die toets, die toetsinstruksies wat gegee is, die metodes van puntetoekenning, ens., en ook deur verskille in die onderskeie toetsafnemers en groepe toetslinge. Hoe meer gestruktureerd die toets, hoe minder moontlik is dit egter dat die toets beïnvloed kan word deur sulke faktore. Standaardisering van toetstoepassingsprosedures, gedetailleerde toetsinstruksies vir die administrasie en beoordeling van toetse, ens., kan dus baie help om die toets meer betroubaar te maak; en verder moet die toets gestandaardiseer word op 'n groot verteenwoordigende monster van die hele bevolking om groot toetsling- of toetsgroepverskille uit te skakel.

'n Ander faktor wat die toetsbetroubaarheid mag beïnvloed, is geheue (dit geld die beantwoording van soortgelyke items in dieselfde toets in mindere mate, en in meerdere mate die aflegging van dieselfde toets vir die tweede keer.) Toetslinge mag óf geneig wees om dieselfde response te herhaal omdat hulle onthou wat hulle voorheen gesê het en graag 'n indruk van konsekwentheid wil skep (en sodoende die stabiliteit van die gemete persoonlikheidstrekke kunsmatig verhoog); óf hulle mag spesifiek probeer om verskillende response te gee ten einde oorspronklik, intelligent of snaaks voor te kom (en sodoende die stabiliteit kunsmatig verlaag). Hierdie probleem kan tot 'n mate oorkom word deur middel van die tegniek van meting met parallelle (ekwivalente) toetsvorme of die gesplete-helftes toetsmetode. (Sulke toetse kan opgestel word deur 'n groot aantal homogene

items deur dieselfde toetsgroep te laat aflê en dan die populariteit van items en item-toets-korrelasie te bereken. Items wat in dié twee opsigte min of meer dieselfde waarde het, kan dan afgepaar word en die twee paarmaats toegewys word aan twee verskille toetse, of twee helftes van dieselfde toets. Die mate waarin die twee toetslinge dan ooreenstem, kan kwantitatief bereken word deur middel van 'n korrelasie-metode.)

Die vraag ontstaan nou egter of sielkundige faktore soos waardes in elk geval stabiel genoeg is om toetsbetroubaarheid te verseker. Verskeie navorsingstudies met positiewe resultate is dan ook in die verband uitgevoer, byvoorbeeld dié van Whitely ⁽¹⁶²⁾ wat 'n groep studente se waardes tweemaal met 'n tussentydperk van 100 dae met die A.V.L. gemeet het. Hartmann ⁽⁵⁹⁾ het ook bevind dat studente se waardes na een semester weinig verandering getoon het. Die betroubaarheid van die A.V.L. en verskeie ander waardetoetse is verder deur verskeie ander navorsers bewys (byvoorbeeld Allport ^(59, 42), Cantril ⁽⁵⁹⁾, Morris ⁽²⁴⁾, ens.; en indien daar aangeneem word dat hulle almal min of meer dieselfde tipe sielkundige faktore meet, kan ons dus aanneem dat waardes wel betreklik konstant bly en dus meetbaar is.

(vi) Geldigheid van waardevraelyste of -toetse: Met toetsgeldigheid word, volgens onder andere Freeman ⁽¹⁴⁾, asook Scott en Wertheimer ⁽²⁹⁾, ens., bedoel die mate waarin die toets wel meet wat dit veronderstel is om te meet (en nie meet wat dit nie veronderstel is om te meet nie). Daar is twee metodes om toetsgeldigheid vas te stel, naamlik:

1. die subjektiewe (wat reeds bespreek is), en
2. die objektiewe.

Deur middel van eersgenoemde (1.) word die interne geldigheid (ook genoem interne konstantheid) van die toets dus vasgestel; dit word gedoen deur middel van positiewe en negatiewe item-item en item-toets-korrelasie;

met ander woorde daar word statisties vasgestel in watter mate alle items van 'n spesifieke toets dieselfde meet en nie dieselfde as die items van 'n ander toets nie. (Wat hulle meet, is egter 'n ander vraag, gevolglik word die kliniese geldigheid van die toets nie hierdeur bewys nie, en word hierdie soort toetsvalidering deur baie navorsers eintlik beskou as 'n vorm van homogeneïteits- of toetsbetroubaarheidsberekening). Soms word daar ook gebruik gemaak van faktor-analitiese tegnieke wat daarop gemik is om, deur middel van interkorrelasies en verdere statistiese analise, 'n lys van basiese funksionele eenhede (die sogenaamde „primêre faktore") te identifiseer, asook die gewig wat deur elkeen bygedra word tot die totale toetsprestasies. 'n Toets kan soms ook gevalideer word deur dit te toets op 'n ander monster van die populasie (nie dieselfde een waarop dit oorspronklik toegepas of gestandaardiseer is nie), ten einde toevallighedsfaktore wat die oorspronklike geldigheidsgegevens besonder hoog of laag gemaak het, uit te skakel. Normaalweg vind hierdie soort kruisvalidasie in elk geval gedurig plaas insoverre die toets in 'n verskeidenheid van situasies deur 'n verskeidenheid van persone gebruik word.

Deur middel van laasgenoemde (2.) word die eks-terne geldigheid van die toets gemeet aan 'n eksterne kriterium soos byvoorbeeld die resultate van ander toetse (wat reeds bekend en gevalideer is), die uiterlike gedrag van die toetslinge (wat die toets veronderstel is om te voorspel), die toetsresultate van ander bekende groepe (by wie die betrokke kenmerke wat gemeet word waarskynlik sterk aan- of afwesig is), ens.. Dis dikwels egter baie moeilik om sulke kriteria te verkry waarvan die geldigheid self nie ook tot vraag gestel kan word nie, of wat vergelyking met die toetsresultate wel prakties moontlik maak.

In verband met die vraagstuk of waarde- en ander soortgelyke toetse wel dit meet wat hulle veronderstel

is om te meet, te wete die toetslinge se werklike waardes wat hul houdings, voorkeure, belangstellings, gedrag, ens., ten grondslag lê, het verskeie navorsers (onder andere Durnall junior,⁽⁷⁰⁾ Cross⁽⁶³⁾, Edwards⁽⁷¹⁾, en Ellis⁽⁷²⁾) al aangetoon dat dit nie noodwendig die geval is nie, aangesien sommige toetslinge die vrae so kan beantwoord dat die toets 'n beeld gee nie van wat hulle werklik is nie, maar van hoe hulle hul graag wil voordoen. As gevolg hiervan is dit dus noodsaaklik dat alle toetslinge behoorlik gemotiveerd moet wees vir eerlike beantwoording van die items, en nie hoef te vrees dat hulle toetspunte „teen hulle” gebruik sal word, soos byvoorbeeld in die geval van keuring nie. Selfs dan nog kan daar egter nie met absolute sekerheid gesê word dat 'n toetsling se response nie dalk nog steeds deur ander oorgewings gemotiveer kan word nie. Faktore soos mate van selfinsig, I.K., ens., kan ook nooit heeltemal uitgeskakel word nie.

Ten spyte van al hierdie ooglopende en bedekte probleme in verband met die berekening van betroubaarheid en geldigheid, bly dit nogtans noodsaaklik dat Waardevraelyste aan hierdie vereistes moet voldoen ten einde wetenskaplike aanvaarbaarheid en kliniese nuttigheid te verseker.

D. 'n Bespreking van die Belangrikste Waardetoetse:

(i) Die Allport-Vernon-Lindzey Study of Values ^(2,3)
Allport en sy medewerkers het gepoog om Spranger se ideële tipes om te sit in meetbare dimensies, en die resultaat is die A.V.L.-toets wat voorkeure vir die ses waarderigtings meet deur middel van die gedwonge keusemetode. Afdeling A van die toets bestaan uit 30 vrae en by elkeen moet die toetsling kies tussen twee alternatiewe, aan elk waarvan hy 'n punt tussen 0 en 3 moet toeken (vir albei saam nie meer as 3 nie). Afdeling B bestaan uit 15 vrae met vier alternatiewe antwoorde wat

die toetsling as volg moet bepunt: 4 aan sy eerste, 3 aan sy tweede, 2 aan sy derde en 1 aan sy laaste keuse.* Sy totale punte vir elk van die ses waardes word dan aangeteken op 'n "psychograph" wat idiografies van aard is, dit wil sê, dit gee slegs die relatiewe belangrikheid van die ses waardes binne die lewe van die enkele persoon. Geen absolute waardepunt kan dus hieruit afgelei word nie en meer dinamiese persone wat hul meer en intenser deur hul waardes laat motiveer, word dus nie onderskei van ander "louer" of meer apatiese persone nie. Aangesien die toets egter norme bied vir die gestandaardiseerde populasie (dis gestandaardiseer op altesame 8 369 gevalle), verder opgedeel in geslag, tipe kollege en beroep(skeuse), is daar wel 'n bietjie leiding in terme van algemene norme vir 'n vergelyking van die verspreiding en relatiewe punte in individuele profiele, en op dié manier kombineer die toets die voordele van sowel die idiografiese as die nomotetiese metodes.

(ii) Betroubaarheid van die A.V.L.: Toets-hertoetsbetroubaarheid (na een maand) deur Allport et al ⁽⁴²⁾ in 1951 verkry met die hersiene uitgawe van die toets wissel

*(Voorbeelde van items:

Deel I: Vraag 1: "The main object of scientific research should be the discovery of truth rather than its practical application."

(a) Yes (Theor.); (b) No (Econ.)

Deel II: Vraag 14: "If you should marry (or are married) do you prefer a wife who: (vir dames is 'n ander soortgelyke item opgestel)

(a) Can achieve social prestige, commanding admiration from others (Polit.)

(b) Likes to stay at home and keep house (Soc.)

(c) Is fundamentally spiritual in her attitude toward life (Rel.)

(d) Is gifted along artistic lines (Aesth.))

vir die ses waardes van .77 tot .92 (die Sosiale waarde is die laagste en die Ekonomiese waarde die hoogste, met die Religieuse waarde kort op laasgenoemde se hakke). Vroeëre syfers het gewissel van .39 (Sosiaal) tot .80 (Religieus), volgens die bevinding van Allport ^(2, 59), en van .50 (Sosiaal) tot .87 (Religieus), volgens die bevindinge van Whitely ⁽¹⁶²⁾. Die Sosiale skaal was nog altyd die onbetroubaarste, maar is na hersiening van die toets nogtans heelwat verbeter.

Die betroubaarheid van die A.V.L. is ook deur verskeie ander studies (afgesien van dié wat reeds aangehaal is) bevestig. So byvoorbeeld het Hartmann (aangehaal deur Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾), bevind dat die waardes van sowel studente as fabrieksvakleerlinge na 'n pouse van een semester weinig verandering getoon het. Whitely ⁽¹⁶²⁾ het die volgende korrelasie koëffisiënte tussen studente se eerste en vierde jaar van kollege gevind: Teoreties: $r = .56$; Sosiaal: $r = .38$; Ekonomies: $r = .56$; Esteties: $r = +.45$; Polities: $r = .65$; en Religieus: $r = .66$. (Hierdie is nog betreklike hoë syfers as die lang tussentydperk in ag geneem word.) Verandering is veral in die volgende rigtings opgemerk: 'n geringe styging in die estetiese en 'n daling in die religieuse waarde. Arsenian ⁽⁴⁶⁾ het in 'n soortgelyke studie bevind dat die rigting van waardeverandering afhang van die aard en die inhoud van die betrokke student se leerplan (binne- sowel as buitemuurs) en van sy betrokke universiteit. In 'n studie met 600 persone (300 verloofde of getroude pare) oor 'n tydperk van 20 jaar het Kelly ⁽¹⁰²⁾ verder gevind dat die paarmaats se waardes 'n korrelasie toon van $+ .50$ (tesame met belangstelling, soos gemeet deur die Strong, was waardes die konstantste van alle gemete persoonlikheidstrekke); die religieuse waardes van albei het gestyg, die estetiese waardes van albei het effens gedaal en die teoretiese waardes van mans ook.)

(iii) Geldigheid van die A.V.L.: Geldigheid van die toets blyk uit die feit dat sekere beroepe duidelik gedifferensieer word deur die toets. Ook voorspel die toets suksesvol die toetsling se reaksies op verskeie perseptuele en kognitiewe toetse. Die toets is veral nuttig gevind in onderwys en in die verskeie vorms van voorligting; dis dus hoofsaaklik 'n hulpmiddel tot self-insig. Daar kan ook beslis gesê word dat die A.V.L. die toets van die tyd weerstaan het, aangesien dit nou al byna 40 jaar lank bestaan en nog steeds dikwels gebruik word. As gevolg van sekere gebreke (wat later bespreek sal word), is dit egter ook begryplik waarom ander soortgelyke toetse intussen opgestel is.

Geldigheid van die A.V.L. kan ook in 'n sekere sin vasgestel word deur dit te vergelyk met ander toetse wat min of meer soortgelyke trekke meet. So byvoorbeeld het Iscoe en Lucier ⁽⁹⁸⁾ 'n toetsgroep se A.V.L.-resultate vergelyk met hul resultate op die "Kuder Preference Record Personal." Weinig betekenisvolle positiese korrelasies is egter gekry - selfs nie eens dié wat verwag is tussen trekke met dieselfde (of byna dieselfde) name nie. Hulle kom dan tot die gevolgtrekking dat daarteen gewaak moet word om trekke met dieselfde name (of selfs dieselfde definisies) van verskillende toetse as identies te beskou.

Sarbin en Berdie ⁽¹³¹⁾ het weer die korrelasie ondersoek tussen A.V.L.-punte en punte op die Strong-belangstellingsvraelys. Karakteristieke waardeprofile vir vier van Strong se belangstellingsgroepe (1, 2, 4 en 7) is gevind, maar nie vir die ander nie. Volgens Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾ is dit dan ook onmoontlik om een toets deur middel van 'n ander te valideer, tensy albei individueel baie betroubaar is en eksplisiet presies dieselfde eienskappe meet. Aangesien die meeste vergelykbare toetse gewoonlik slegs gedeeltelik oorvleuelende eienskappe meet, is dit te verwagte dat sulke

korrelasies nooit baie hoog kan wees nie. Nogtans het Carter en Strong (aangehaal deur Ferguson ⁽⁷⁶⁾) in 'n vergelyking van die Strong Belangstellingstoets en die A.V.L. gevind dat mans nie alleen meer waarde heg aan Politiese, Ekonomiese en Teoretiese waardes, en vroue aan Estetiese, Sosiale en Religieuse waardes nie, maar dat eersgenoemde ook - in ooreenstemming hiermee - voorkeur gee aan wetenskaplike, atletiese, regterlike, politiese en verkoopsaktiwiteite en beroepe; en dames weer aan musikale, artistieke, literêre, sosiale en religieuse aktiwiteite en beroepe. Verder het Pintner (aangehaal deur Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾), in 'n vergelyking van studente se punte op die Religieuse waarde met hul punte op die Thurstone-skaal wat houding teenoor die kerk meet, 'n korrelasie van +.78 gekry. Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾ rapporteer ook die volgende korrelasies tussen A.V.L.-waardes en die "Ascendance-Submission Reaction Study: "Ascendance" en die Religieuse waarde: -.23; "Ascendance" en die Politiese waarde: +.10 (indien slegs mans ingereken word: +.44 - 'n logiese bevinding.)

'n Vergelyking van die A.V.L. met die Heibreder Toets vir Ekstroversie-Introversie het, volgens Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾ ook 'n korrelasie koëffisiënt van +.32 tussen introversie en die teoretiese waarde aan die lig gebring. Stromwall (aangehaal deur Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾) het verder die response van 39 toetslinge op die A.V.L. en die Rorschach vergelyk en onder andere die volgende bevind: Diegene met hoë teoretiese en estetiese waardes het meer bewegingsresponse getoon (volgens Rorschach is dit 'n teken van groter kreatiwiteit en introversie); diegene met hoë politiese waardes was meer gespanne in hul response; diegene met hoë estetiese waardes het meer detailresponse gegee en minder geheelresponse; en diegene wat lae punte gekry het in bogenoemde waardes het die teenoorgestelde neiging getoon in hul Rorschach-response. Hierdie resultate valideer dus veral Spranger se konsepsie van die Estetikus as iemand met 'n

partikularistiese siening van sake. Verder het Vernon (aangehaal deur Cantril en Allport ⁽⁵⁹⁾) 'n korrelasie van +.66 gevind tussen A.V.L. estetiese punte en dieselfde toetslinge se punte op 'n ander toets wat estetiese neigings meet.

Studies (volgens Stanley ⁽¹⁴¹⁾ onder andere dié van Allport en Vernon, Pintner en Anderson) wat 'n positiewe korrelasie aangetoon het tussen gemete en selfgeskatte waardes kan ook tot 'n mate beskou word as 'n bydrae tot die validering van die A.V.L.. Daar is egter bevind dat sommige waardes se korrelasies heelwat hoër is as dié van ander: volgens Stanley is dié van die estetiese, ekonomiese en religieuse waardes die hoogste (.51); en dié van die sosiale die laagste (.15). By toetslinge met besonder uitstaande waardes is die korrelasie ook hoër as by dié van ander; dieselfde geld ouer toetslinge (laasgenoemde bevinding is ook verkry deur Anderson ⁽⁴⁴⁾). Dieselfde kan gesê word van korrelasies verkry tussen A.V.L.-resultate en handskrifdeskundiges se beoordelings, stem-beoordelaarskattings, ens..

Allport et al glo verder dat, aangesien die toets nie deursigtig is nie en die toetslinge dus nie maklik die doel daarvan en die diagnostiese belangrikheid van sy antwoorde kan snap nie, die toetsling dus nie maklik oneerlike antwoorde sal gee nie. Ook is die items deur middel van verskeie revisies oor 'n tydperk van 30 jaar behoorlik gekeur en geselekteer sodat die verskillende response almal naastenby eweveel populariteit geniet in die groot populasie. ⁽⁴²⁾

Item-toets korrelasies was ook almal positief beduidend op die 1% beduidendheidsvlak. Hoewel daar inter-korrelasies gevind is tussen sommige van die waardes, wat dan ook gelei het tot verskeie pogings tot faktoranaliserings van die toetsbattery, voel die skrywers ⁽⁴²⁾ dat die interkorrelasies van die waardes nie

hoog genoeg is om hul vermindering tot 'n kleiner, meer basiese getal te regverdig nie. Origens vernietig faktoranalise die oorspronklike logika waarop die skaal gebaseer is en wat gesteun word deur die relatiewe onafhanklikheid van die ses skaalpunte.

(iv) Kritiek op die A.V.L.: Die vernaamste kritiek op die A.V.L. (uitgespreek deur onder andere Johnson en Bond (99), deur Gough (aangehaal deur Lurie (109)), deur Rothney (39), deur Maller en Glaser (37) is die ingewikkeldheid van die taal daarvan wat dit feitlik slegs geskik maak vir intelligente universiteitstudente. Volgens Flesch (aangehaal deur Johnson en Bond (99) vereis die oorspronklike A.V.L. 'n leesvermoë van die 15de graad (wat min of meer ooreenstem met tweedejaar universiteitstandaard), terwyl die gemiddelde leesgraad van 'n volwassene met I.K. 100, volgens Gates, maar 9.2 is. Dat dit dus té ingewikkeld is (wat woordeskat en sinskonstruksie betref) vir die gemiddelde Matriekleerling en nie-akademiese volwassene is duidelik. Al is die oorspronklike A.V.L. later hersien en effens vereenvoudig, is hierdie struikelblok egter nog nie veel verder oorkom nie, en dit het dan ook aanleiding gegee tot verskeie pogings om dit verder te vereenvoudig. Sommige van hierdie navorsers het ook terselfdertyd probeer om 'n ander nadeel van die A.V.L., die feit dat dit slegs die relatiewe sterkte van die toetsling se waardes aandui sonder om te onderskei tussen toetslinge wat meer of minder intens in 'n sekere rigting (of alle rigtings) belangstel, te oorkom.

(v) Variasies van die A.V.L.: 'n Poging tot bo- genoemde is aangewend deur Shorr (135) wat ook die intensiteit van elke skaal probeer meet het. Slegs vier van die oorspronklike skale is egter behou: die politiese en ekonomiese is gekombineer, en die religieuse is uitgeskakel op grond van onder andere Super se kritiek

daarteen wat hy as volg aanhaal: "The religious value scores do not, in some cases, represent more than the lip service of immature persons who have as yet experienced neither deep religious feeling nor intellectual doubts concerning religion." (119, p.267) In die opstelling van sy toets het Shorr as volg te werk gegaan: 'n Groot aantal items is verkry vir elke skaal wat ongeveer nege stappe van intensiteit verteenwoordig het. Volgens die Thurstone-metode is elf beoordelaars gevra om hierdie items op 'n 11-punt skaal te rangskik in elke kategorie. Die vier kategorieë se definisies was min of meer dieselfde as die ooreenstemmendes van Allport, maar in heelwat bondiger en eenvoudiger taal gestel. (So byvoorbeeld lui sy definisie van die ekonomiese-politiese kategorie as volg: "'n Hoë puntetelling dui aan dat die individu die aktiwiteite verkies en as die moeite werd beskou wat die insameling van geld en die verkryging van uitvoerende mag behels.") Twintig vrae is toe gekies vir elke waarde, en wel op so 'n manier dat daar twee items vir elke skaalwaarde van 1 tot 11 was. ✕

Die toets is gestandaardiseer op $\pm$ 700 eerstejaarstudente en hoërskoolseniors. Geslagsverskille is gevind, maar

✕(Voorbeelde van die toetsitems is die volgende:

- (a) "Do an experiment with the muscle and nerve of a frog." (Teor. waarde; Gewig: 8; Mediaan skaalwaarde: 3.00; Interkwartiele deviasie: .87)
- (b) "Own and operate a bank." (Ekon.-Polit. waarde; Gewig: 10; Mediaan skaalwaarde: 1.00; Interkwartiele deviasie: 1.00)
- (c) "Participate in a summer theatre group." (Est. waarde; gewig: 7; Mediaan skaalwaarde: 3.50; Interkwartiele deviasie: 1.03)
- (d) "Be a medical missionary to a foreign country." (Sos. waarde; gewig: 10; Mediaan skaalwaarde: 1.67; Interkwartiele deviasie: .96)

nie verskille tussen die twee ouderdomsgroepe nie. Betreklik hoë betroubaarheids-koëffisiënte is verkry vir al die waardes (hy haal hulle nie presies aan nie). Volgens die Lewerenz-formule is die ingewikkeldeheidsgraad van sy toets vasgestel op die 7.8 graadvlak, teenoor die 11.3 graadvlak van die oorspronklike en die 10.96 graadvlak van die hersiene uitgawe van die A.V.L.; gevolglik is sy toets dus in die praktyk meer geskik vir persone met 'n laer gemiddelde leesvermoë. Tot dusver is sy toets egter min gebruik, dus bestaan daar nog nie genoeg bewyse van die betroubaarheid en geldigheid daarvan nie.

Nog 'n poging tot vereenvoudiging van die A.V.L. is vir die doel van 'n veldstudie aangewend deur Engstrom en Powers ⁽⁷³⁾ (van die Curtis Publishing Company); hulle wou dit gebruik om 'n opname te maak van wat die algemene publiek in populêre tydskrifte lees en waarom hulle dit verkies. Hulle wou die taal van die A.V.L. slegs moderniseer en vereenvoudig sonder om die ontwerp of inhoud daarvan veel te verander; die oorspronklike puntetoekenning- en merksisteem is ook vereenvoudig. ^o

Die geldigheid van hierdie revisie is getoets op onder andere 300 nie-akademiese proefpersone (individue

^o ('n Voorbeeld van die verandering is die volgende:

Deel I: Item 20 (van die oorspronklike A.V.L.): "Which of the following would you consider the more important function of education?

- (a) its preparation for practical achievement and financial reward;
- (b) its preparation for participation in community activities and aiding less fortunate persons."

Dieselfde item op die Curtis-revisie:-

"The aim of schools should be:

- (a) to prepare students to get good jobs;
- (b) to prepare students for community activities and helping others.")

en groepe; in tuis- of kantooromstandighede) uit verskeie stede en deur middel van vyf verskillende administrasie-metodes. Geldigheid van die toets is onder andere bevestig deur verkryging van 'n positiewe korrelasie tussen waardes (soos gemeet deur die hersiene toets) en uitgesproke voorkeure in verband met die lees van sekere tipes tydskrif-artikels en verhale. (So byvoorbeeld toon die teoreties-georiënteerde persoon groter belangstelling in die lees van wetenskaplike artikels en "science fiction"; die ekonomies-georiënteerde persoon in sport en praktiese artikels; die esteties-gebriënteerde persoon in kulturele artikels; die sosiaal-georiënteerde persoon in artikels en verhale oor diens aan ander, huislike en familielewes; die polities-gebriënteerde persoon in politiek, misdaad, kompeterende sport en oorlogsverhale; en die religieus-georiënteerde persoon in religieuse artikels sowel as artikels oor diens aan ander, verhale oor menslike probleme, ens.)

Toets-hertoets betroubaarheidsyfers is vasgestel vir twee groepe: 'n hoërskoolgroep in Pennsylvanië wat na vier maande hertoets is, en 'n industriële werkersgroep van die Curtis Co. wat na 'n maand hertoets is. Die gemiddelde betroubaarheidsyfer vir eersgenoemde groep was .83 (die laagste was .79 - Sosiaal; en die hoogste .87 - Esteties); en vir laasgenoemde groep .78 (die laagste was .71 - Teoreties; en die hoogste .86 - Polities), in vergelyking met die A.V.L. (1951-revisie) se gemiddelde syfer van .89. Verdeelde helfte-betroubaarheidsyfers vir die twee groepe was die volgende: .72 vir eersgenoemde (gemiddeld) en .57 vir laasgenoemde groep, in vergelyking met die A.V.L.-gemiddelde van .82. Dit wil dus voorkom asof die toets veral geskik is vir hoërskoolleerlinge, maar veral die toets-hertoets-betroubaarheidsyfer vir laasgenoemde groep is nog heeltemal hoog genoeg om die gebruik daarvan met ander nie-skool en nie-akademiese groepe te regverdig. Sover bekend is hierdie toets egter nie vrygestel vir algemene gebruik nie.

Maller en Glaser ⁽³⁷⁾ het ook probeer om Allport se vraelys te vereenvoudig, maar het ook net van vier waardes gebruik gemaak (op grond van Thurstone se ontdekking van vier belangstellingsfaktore, naamlik: belangstelling in die wetenskap, taal, mense en besigheid), naamlik: die teoretiese, estetiese, sosiale en ekonomiese waardes. Die ekonomiese waarde meet, volgens hulle, belangstelling in mag en prestige; en die sosiale waarde verteenwoordig hier veral belangstelling in die sosiale welsyn van groepe, terwyl die oorspronklike A.V.L. se sosiale waarde ook belangstelling in persoonlike verhoudings insluit. (Volgens Maller en Glaser is hulle toets dan ook in dié opsig 'n verbetering op die A.V.L. omdat daar nie noodwendig 'n korrelasie tussen dié twee aspekte van die sosiale waarde is nie.) Ook meet dié toets waardes op 'n indirekte wyse, deur middel van woord-assosiasie, en nie direk soos die A.V.L. nie; en 'n deel van die vraelys bestaan verder uit vrae wat die absolute sterkte van die toetsling se waardes meet, en dus nie slegs in verhouding met ander waardes, soos die A.V.L. nie.

Hul toets, genaamd die "Interest Values Inventory," bestaan uit vyf dele: in Deel I, bestaande uit 10 items, moet die toetsling die woord kies (daar is vier alternatiewe keuses waarvan elk 'n verskillende waarde verteenwoordig) waarvan hy die meeste hou; in Deel II, bestaande ook uit 10 items, moet die toetsling dié woord kies (uit die vier alternatiewe) wat hy die meeste met 'n sleutelwoord assosieer; in Deel III, bestaande uit 14 items, word 'n probleemsituasie beskryf met vier moontlike oplossings waarvan die toetsling een moet kies; in Deel IV moet die toetsling aan homself punte toeken ten opsigte van verskeie persoonlikheids- en karaktertrekke; en in Deel V word die toetsling se emosionele aanpassing getoets deur middel van vrae oor sy gevoelens van veiligheid (sekuriteit) en behorendheid ("a sense of belonging").

Die toets is gevalideer deur dit aan vier kriterium-groepe te gee, om slegs dié items te behou wat betekenisvol onderskei tussen die groepe. (Vir die teoretiese waarde is 'n groep met belangstelling in Wiskunde en Wetenskap gebruik; vir die estetiese waarde 'n groep met belangstelling in Kuns en Musiek; vir die sosiale waarde 'n groep met belangstelling in Sosiale werk en Verpleging; en vir die ekonomiese waarde 'n groep met belangstelling in Besigheid en Advertensie.) 'n Gemiddelde korrelasie koëffisiënt van .84 tussen die waardes en die korresponderende kriterium-groepe is verkry. Toet-hertoets betroubaarheid is ook vasgestel ('n kollege-groep van 100 studente is ná 10 dae hertoets) op 'n gemiddelde syfer van +.816 (of hoër, afhangende van die metode wat gebruik is).

Volgens Levy (108, 36) wyk hierdie toets egter te veel af van die A.V.L. om ooit algemene populariteit te geniet (dit is dan ook nog baie min gebruik vir ander groepe), en boonop het Glaser self aan Levy geskryf (in 1955) dat sommige van sy items al ouderwets ("out of date") is en dat die hersiene A.V.L. op daardie stadium waarskynlik 'n beter toets is as die "Interest Values Inventory."

Ook Rothney (130, 39) het die A.V.L. probeer vereenvoudig om dit meer geskik te maak vir hoërskoolleerlinge; hierin het hy die hulp gehad van Allport self, asook van 'n groep hoërskoolseuns wat die woorde, uitdrukkings of vrae wat hulle in die A.V.L. nie verstaan het nie, vir hom aangedui het. Slegs vyf van die oorspronklike A.V.L.-items is net so behou; die res is almal vereenvoudig (op die geaardheid van die Curtis-skaal). Die betroubaarheidsyfers vir sy toets is egter baie laer as dié van Allport en lui soos volg: Religieuse waarde: .60; Teoretiese waarde: .56; Estetiese waarde: .51; Politiese waarde: .34; Ekonomiese waarde: .30; Sosiale waarde: .00; Gemiddeld: .42.

Volgens Kelley (aangehaal deur Rothney (39)) is 'n lae betroubaarheidsyfer te wyte aan óf onbetroubaarheid van bepunting; óf 'n té klein monstergroep, óf te groot verskille ("variability") in individuele prestasies; Rothney skryf dit in dié geval toe aan laasgenoemde (moontlik as gevolg van sy proefpersone se onvolwassenheid) en sê: "Apparently these students found difficulty in interpreting the questions consistently." (39, p.128) Hy het sy toets probeer valideer deur die resultate daarvan te korreleer met belangstellings en skoolprestasies (voorspelling van akademiese sukses in sekere vakke, maar het geen noemenswaardige verband gevind nie; moontlik as gevolg van die onbetroubaarheid van sy toets. Sover bekend, is sy toets ook nie weer later deur ander navorsers gebruik nie.

'n Soortgelyke, meer suksesvolle, poging tot vereenvoudiging van die A.V.L., is aangewend deur Levy (108, 36). Hy het ook gepoog om die woordeskatvlak van die oorspronklike toets te verlaag sonder om die struktuur en betekenis van dié items essensieel te verander. Beoordelaars met goeie sielkundige vak-agtergrond het dié items beoordeel en gekeur in vergelyking met die oorspronklike items van die A.V.L.. 'n Aanduiding van die suksesvolheid van die taak wat Levy homself opgelê het, blyk uit die feit dat die hersiene uitgawe van die A.V.L. volgens die Flesch-formule op die 12de graad-vlak geskat word, en dié van die Levy-hersiening op die 7de graad-vlak. Sy toets is toegepas op 152 lugmaglotelinge wat in drie groepe verdeel was volgens verbale vermoë: Daar is bevind dat die swak verbale groep baie verskillend presteer het op die twee toetse (sy hersiening en die A.V.L.), terwyl die goeie verbale groep se twee toetsresultate feitlik dieselfde was, met die middelgroep in 'n middelposisie. Veral met betrekking tot die teoretiese waarde was die swak verbale groep se telling op Levy se toets laer as op die A.V.L., en met betrekking tot die ekonomiese waarde weer hoër; 'n aanduiding dat hulle waarskynlik nie die

A.V.L.-items behoorlik verstaan het nie. Dit wil dus voorkom asof die Levy-toets essensieel dieselfde meet as die A.V.L. en dus in afwisseling met laasgenoemde gebruik kan word om die waardes van verbaal hoog presterende studente te meet; asook dat dit meer geskik is (as die A.V.L.) vir toetslinge met lae verbale vermoë en swak akademiese agtergrond.

Hoewel daar verwag word dat die geldigheid en betroubaarheid van hierdie toets minstens net so hoog as dié van die A.V.L. sal wees (en heelwaarskynlik hoër vir 'n verbaal swakbedeelde groep), is daar, sover bekend, nog nie geldigheids- en betroubaarheidsyfers vasgestel nie. Ook is hierdie toets nog baie min gebruik deur ander navorsers en klinici; waarskynlik as gevolg van die relatiewe onbekendheid daarvan.

Lurie (109) het ook 'n toets opgestel wat Spranger se ses waardes meet, bestaande uit items met ses moontlike antwoorde (wat elk een van die ses waardes verteenwoordig). Die materiaal, wat 'n ooreenstemming toon met dié van die A.V.L., kan geklassifiseer word in die volgende kategorieë: (a) huidige belangstelling in aktiwiteite en eksterne objekte; (b) ideale, standaarde en ambisies; (c) voorkeure met betrekking tot mense, kennisse en beroemde figure; (d) gelowe en opinies van die proefpersone.

Een honderdvier-en-veertig item-antwoorde, presies opgedeel onder elk van bogenoemde vier klasse, is gekies; 24 vir elk van Spranger se tipes. Elke item moes op 'n 7-punt skaal beoordeel word deur die toetsling (wat gewissel het vanaf 0 vir algehele verwerping, 3 vir algemene neutraliteit tot 6 vir algemene samestemming).

Ná afneem van die toets op 'n groep eerstejaarstudente en verkryging van die resultate is 'n faktor-analise toegepas en (soos reeds aangetoon) is die volgende vier primêre faktore verkry: 1. Sosiaal; 2. Filistyns; 3. Teoreties, en 4. Religieus, asook die volgende drie sekondêre

faktore, naamlik Openheid, Praktiesheid en Estetiesheid. Die eerste drie itemkategorieë het die hoogste korrelasie getoon met die primêre faktore.

Volgens Duffy ⁽⁶⁷⁾ het bogenoemde toets egter die volgende twee gebreke: (i) gebrek aan konsekwentheid in die keuse van items vir sekere kategorieë - veral die politiese; en (ii) 'n bepuntingstelsel wat nie in alle opsigte bevredigend is nie. (So byvoorbeeld klassifiseer hy as „politities” items soos: "a liking for teaching recent political theory," wat Spranger waarskynlik onder teoreties sou geklassifiseer het; 'n belangstelling in nasionale (land-) sake, wat ook sosiaal geïnterpreteer kan word; voorkeur vir die lees van kontemporêre geskiedenis, wat nie noodwendig slegs politities geïnterpreteer kan word nie; die argument dat oorlog oneffektief as 'n instrument van nasionale beleid is, wat eerder as teoreties geïnterpreteer kan word; ens.) Lurie se 7-punt bepuntingskaal is ingevoer om die gebrek van die A.V.L., te oorkom waardeur die absolute punte van individue nie met mekaar vergelykbaar is nie; Lurie se metode stel die individu in staat om elke item individueel te beoordeel en te bepunt, en nie relatief tot mekaar (soos op 'n rangorde-skaal nie.) Hierdie metode hou, volgens Duffy ⁽⁶⁷⁾, egter die moontlikheid van 'n ander soort fout in: dis moontlik vir enkele of groepe toetslinge om die skaalkategorieë konsekwent hoër of laer te interpreteer as die ander individue of groepe, of om konsekwent meer gebruik te maak van die eindpunte van die skaal. 'n Bewys dat dit wel plaasgevind het, blyk uit Lurie se rapport ⁽¹⁰⁹⁾ dat die algemene puntevlak van die vroulike groep effens hoër is as dié van mans en dat hul punte op die teoretiese waarde gevolglik hoër was as dié van die manlike groep (anders as Allport en ander se bevindinge). Dieselfde fout is ook ontdek deur skryfster tydens 'n voorondersoek toe 'n soortgelyke toets aan 'n groep leerlinge gegee is (word later bespreek). Lurie se toets is dan ook nog baie min

gebruik vir kliniese en navorsingsdoeleindes - veral in vergelyking met die A.V.L..

Lurie se bevindinge vorm egter wel die basis vir die werk van Van Dusen, Wimberley en Mosier ⁽¹⁵⁷⁾ wat 'n ander toets, die sogenaamde "Standards Inventory" opgestel en gestandaardiseer het. Hierdie toets meet vyf skale: Lurie se vier primêre faktore, asook een van sy sekondêre faktore, naamlik die Estetiese. Dit bestaan uit 96 items: 16 vir elk van Spranger se vier tipes; maar 32 vir die vyfde (Lurie se „Filistyns"), deur hulle genoem „Ekonomies," omdat dit twee Spranger-trekke meet. Slegs items wat handel oor Lurie se eerste drie kategorieë is ingesluit (op grond van sy aanbevelinge).

Die toets is opgedeel in tien itemgroepe, naamlik:

1. Keuse van 'n vak wat die toetsling sal verkies om te doseer;
2. Voorkeur vir leesstof van 'n sekere aard en inhoud;
3. Keuse van beroep (vir self);
4. Keuse van spesifieke tydskrifte;
5. Keuse van beroemde persone;
6. Keuse van vryetydsbesteding vir eie seun in kollege;
7. Keuse van beroep vir kinders;
8. Keuse van lesing-onderwerpe;
9. Keuse van besteding van 'n groot som geld;
10. Keuse van eie persoonlikheids-eienskappe.

Lurie se 7-punt skaal is net so oorgeneem om aan te dui hoe die toetslinge oor elke item voel.

Die toets is gestandaardiseer op 81 manlike eerstejaarstudente. Die ekonomiese trek se betroubaarheidskoeffisiënt was die laagste van al vyf (.71), wat die opstellers gevolglik laat twyfel het aan Lurie se gevolgtrekking dat die skaal slegs een trek meet: Hulle reken die politiese en ekonomiese trekke moet dus liever weer geskei word. Al die ander trekke se betroubaarheidsyfers wissel van .80 tot .88 met die Estetiese die hoogste. (Hierdie syfers is baie hoog.) Deur middel van

interkorrelasies is verder vasgestel dat die trekke mekaar nie oorvleuel nie, met uitsondering van die Sosiale en Religieuse (moontlik, volgens die ondersoekers, omdat hierdie twee skale 'n algemene faktor van humanitarisme meet). Die toets is gedeeltelik gevalideer deur middel van positiewe korrelasies met verwagte beroepsbelangstellings (soos gemeet deur die Strong). Volgens die opstellers is dit dus net nodig om sommige items wat nie hoog genoeg korreleer met hul onderskeie sub-toetse nie, uit te skakel; dit geld veral items wat ideale meet.

Duffy (67) se bespreking van en kritiek op bogenoemde toets lui egter as volg: Die relatief lae betroubaarheidtsyfer van die Ekonomiese skaal is moontlik te wyte aan die feit dat hulle die items net so oorgeneem het van Lurie se skaal met die inkonsekwente politiese klassifikasie. Die punteskaal wat ook dieselfde is as dié van Lurie het dieselfde swakheid (reeds aangehaal) as laasgenoemde. Van Dusen et al beweer nou wel dat, indien een groep die skaalkategorieë konsekwent hoër as 'n ander bepunt het, dit beslis positiewe interkorrelasies tussen die vyf sub-toetse tot gevolg sou gehad het, en aangesien die meeste van die interkorrelasies in hul toets ná aan nul was, daar gevolglik afgelei kan word dat die toets vry is van hierdie bron van fout. Duffy bring egter hierteen in dat hulle die moontlikheid uit die oog verloor het dat een van die groepe konsekwent meer dikwels die eindpunte van die skaal kon gebruik het; en tensy die waardes wat verwerp is altyd dieselfde is vir 'n gegewe groep wat hoë punte behaal in 'n sekere waarde, sal die korrelasie van die aanvaarde waarde met die ander waardes ná aan nul wees (eerder as hoog negatief), want ekstreme aanvaardings sal uitgekanselleer word met ekstreme verwerpings. So 'n verkreë gebrek aan korrelasie beteken dan egter geensins dat die sub-toetse wel meet wat hulle veronderstel is om te meet en mekaar nie dalk oorvleuel nie. Duffy (67, p.607) kom dus tot die volgende gevolgtrekking: "These various considerations lead the reviewer to conclude that

the A.V.L. method of scoring, in spite of its admitted limitations, may actually be superior to the one which has replaced it in recent versions of value tests. Its strength lies in the fact that the individual taking the test is forced to choose. He may, as in life situations, favor one interest only at the expense of another. Since the interests measured by the test are widely inclusive, if not all-inclusive, the test scores of different individuals may be more strictly comparable than was at first assumed."

(vi) Morris se "Ways to Live": Morris se "Ways to Live" (ook genoem "Paths (of "Ways") of Life") is, naas die A.V.L. die populêrste Waardetoets wat in die Sielkunde gebruik word. Dit bestaan uit dertien paragrawe waarvan elk 'n spesifieke Waarde-orientasie tot die wêreld beskryf. 'n Toetsling moet elke paragraaf dan in sy geheel beoordeel en op 'n 7-punt skaal aandui in watter mate hy daarmee saamstem, asook die verskillende Weë rangskik (met 'n rangordepunte van 1 tot 13) in volgorde van hul belangrikheid vir hom.

(vii) Betroubaarheid van die Morris-toets: Volgens Morris ⁽²⁴⁾ is die toets-hertoets betroubaarheid van genoemde toets ongeveer .85 vir kollege-studente. Die gemiddelde betroubaarheid van die Weë self is .67 (gebaseer op 'n hertoets, na drie weke, van 21 studente). Weë 1, 2, 4, 7, 9, 10 en 12 is die betroubaarste, en Weë 3, 8 en 13 het die laagste betroubaarheidsyfers. Die grootste proefgroepe waarop die "Ways of Life" oorspronklik toegepas is, is verkry van die V.S.A., Sjina, en Indië. (Onder eersgenoemde was daar 2 015 man- en 831 dame-studente van verskeie Amerikaanse universiteite; onder die Sjinese (in 1948 getoets, voor die Kommunistiese bewind) 523 man- en 220 dame-studente; en in Indië 724 mans en 410 dames (in laasgenoemde twee groepe was ook verskeie universiteite verteenwoordig). Kleiner

monsters is ook verkry van onder andere Japan, Noorweë en Kanada. Ooreenkomste sowel as besliste verskille is gevind tussen dié groepe; maar al 13 Weë was oral genoegsaam (hoewel geensins eweredig nie) verteenwoordig om hul insluiting, s.i., in die toets te regverdig.

(viii) Geldigheid van die Morris-toets: Hoewel daar natuurlik die moontlikheid bestaan dat sommige toetslinge oneerlike antwoorde kan gee in die toets (byvoorbeeld dié wat hulle voel van hulle verwag word), was die proefgroep groot genoeg om (volgens Morris ⁽²⁴⁾) die beduidendheid van sulke moontlikhede uit te skakel; en boonop was die toetslinge nie verplig om die lys in te vul nie en moes ook nie hul name op die vorms teken nie - gevolglik kon hulle niks wen deur oneerlikheid nie. Geldigheid van die toets is bewys deur verskeie positiewe korrelasies, byvoorbeeld dié tussen die waardes en temperament (Morris en Jones ⁽²⁴⁾); waardes en sekere persoonlikheidstrekke (Butt en Signori ⁽⁵⁷⁾); waardes en lewensfilosofieë (Morris ⁽²⁴⁾); en waardes en godsdiens (onder andere Morris ⁽²⁴⁾), ens..

(ix) Kritiek op die Morris-toets: Een van die ver naamste punte van kritiek teen hierdie toets is egter dieselfde as dié teen die A.V.L., naamlik dat dit verreweg te ingewikkeld en abstrak is vir die gewone nie-akademiese persoon, veral diegene wat nog nie veel oor hul lewenshouding nagedink of oor veel selfinsig en volwassenheid beskik nie. In dié opsig sondig die Morris-toets waarskynlik nog heelwat meer as die A.V.L.. Ook is dit moeilik om die betroubaarheid en geldigheid van hierdie toets vas te stel, aangesien die dertien paragrawe besonder kompleks is en in werklikheid nie slegs een houding meet nie, maar verskeie (dikwels onverwante) saamgegroepeerdes. Dit is waarskynlik dan ook die rede vir die toets (en in besonder sekere Weë) se lae

betroubaardheidsyfer(s). Gevolglik is daar dan ook al verskeie pogings aangewend deur ander navorsers om hierdie toets te vereenvoudig en/of die Weë meer homogeen te maak.

(x) Variasies van die Morris-toets: So 'n poging is byvoorbeeld dié van Gorlow en Barocas ⁽⁸⁶⁾ wat 63 proposisies uit Morris se paragrafe gehaal (al die Weë is verteenwoordig, behalwe Weg 7 wat 'n middelposisie tussen die ander aandui) en hulle aan 'n groep van 50 voorgraadse studente voorgelê het met die versoek om elk op 'n 9-punt skaal van persoonlike voorkeur of afkeur te plaas. Ná verwerking van dié resultate, sowel as van hul toetslinge se response op die Firo B - persoonlikheidstoets is 'n aantal primêre faktore deur hulle verkry wat, volgens hulle, die Weë ten grondslag lê; maar wat egter, soos ander soortgelyke pogings tot faktorisering, hoofsaaklik interessantheidswaarde vir ons het.

'n Meer bekende en omvattende poging is egter dié van Dempsey en Dukes ⁽⁶⁶⁾ wa die hele Morris-toets opgebreek het in 110 kort sinne (uit die verskillende paragrafe verkry). Dié toets is ook op 'n studentegroep afgeneem en korrelasies is uitgewerk tussen die sinne wat veronderstel was om (volgens Morris) 'n sekere Weg of Waarde te meet, en dié betrokke waarde of Weg. Daar is toe bevind dat 42 uit die 110 stelling negatief korreleer met minstens een ander stelling van dieselfde Weg. Hierdie 42 is uitgeskakel en die hersiene vorm afgeneem op 'n ander groep studente. Die korrelasies van stellings binne dieselfde Weg was nou .22 (waar dit voorheen, toe dit slegs geskei, maar nog nie gekeur was nie, slegs .13 was). Sommige korrelasies (van stelling binne sekere Weë) was egter nog baie laag. Toe is die Weë vereenvoudig en nog verder verkort deur die sinne wat die essensie daarvan die beste verteenwoordig, te kies. Die item-Weg korrelasie en dus die interne konstantheid of geldigheid is sodoende verder verhoog tot .36 (gemiddeld).

Weë 7 en 9 was egter nog steeds die minste homogeen. Daar is ook bevind dat, met die eliminasië van sekere sinne, sommige Weë (byvoorbeeld Weg 11) nou meer aantreklik geword het, en ander weer minder (byvoorbeeld Weg 4). Dit het ook nodig geword om die 13 Weë se opsommende definisies nou effens te wysig (soos reeds aangehaal). Die toets-hertoets betroubaarheid van dié hersiene vorm van die toets is ook nou verhoog (vanaf .67 vir die oorspronklike Morris-toets) tot .80. Hierdie verkorte vorm van die toets is dus nie alleen meer betroubaar en bruikbaar vir nie-akademiese en nie-filosofies-georiënteerde toetslinge nie, maar leen hom ook makliker tot empiriese ondersoek. Ongelukkig is die eksterne geldigheid van dié toets (wat waarskynlik nie laer as dié van die oorspronklike sal wees nie) sover bekend nog nie statisties vasgestel nie (moontlik vanweë sy nuutheid); en ook sluit hierdie toets nie die moontlikheid uit dat sommige Weë mekaar nog steeds mag oorvleuel nie - een van die vernaamste punte van kritiek wat onder andere Barton ⁽⁴⁸⁾ daarteen inbring. Pogings is wel al aangewend om die Weë te faktor-analiseer (Morris en Jones het self vyf sulke faktore gekry, asook meer basiese dimensies, en ander navorsers soos Gorlow en Barocas het in hul voetspore gevolg), maar daar bestaan, sover bekend, nog geen toetse wat direk op die faktor-tipologieë berus nie. Meer navorsing en werk in dié verband is dus nodig.

(xi) Wickert se toets: Ander, minder bekende, vraelyste is onder andere dié van Wickert ⁽¹⁶³⁾. Hy het 'n toets opgestel wat, volgens hom, individue se "personal goal values" (ook genoem "goals" en "broad personal desires") meet, waarin vier moontlike keuses (waar elk 'n ander waarde verteenwoordig) telkens aan die toetsling gegee word, en hy dan sy keuse (net soos op die A.V.L.) moet aandui met 'n rangorde-telling.

Altesaam agt itemonderafdelings verteenwoordig elk van sy nege waardes, en die meeste van hulle korreleer positief met die totale waarde-telling (61 uit die 72 was positief, met 'n gemiddelde korrelasie van + .30), wat dus dui op taamlik hoë interne konstantheid en gevolglik geldigheid (volgens Wickert). Betroubaarheidsyfers (nie aangehaal nie) was ongelukkig nie hoog nie.

(xii) Egbert se "Study of Choices": Ook Egbert (96) het 'n toets opgestel, genaamd "A Study of Choices, Form VII," waarin hy 15 waardes toets. Die toets bestaan uit 30 groepe van 5 waardestellings elk; en die toetsling word gevra om die stelling in elke groep te beoordeel en te rangskik volgens hul orde van belangrikheid vir sy geluk. Elke waarde verskyn tien maal in die toets en word tussen twee- en viermaal met elke ander waarde vergelyk. Die toets korreleer hoog positief met Woodruff se "Study of Choices" (34), asook met gegewens ingewin uit informele onderhoude - wat gevolglik 'n aanduiding is van sy geldigheid. Die mediaan betroubaarheids-koëffisiënt (volgens die Froelich-indeks) is 0.69.

(xiii) Woodruff se "Study of Choices": Woodruff se "Study of Choices" (34) (hierbo genoem) bestaan uit drie persoonlike probleme wat op agt verskillende wyses opgelos kan word; elke wyse stel 'n ander waarde voor (daar is 12 waardes wat hy meet). Elke waarde kom dus slegs twee maal voor in die probleemoplossings. Die toetsling word gevra om die probleem eers deeglik te oorweeg en dan die twee aantreklikste en mins aantreklike oplossings (vir hom) van die agt moontlikhede aan te dui; kortliks kommentaar te lewer op elk van die agt moontlikhede; en ook te kies tussen die agt moontlikhede in twee-twee afgepaarde vorm. By die finale beoordeling van elke toetsling se waardes word onder andere ook sy insig in die probleem, sy neiging om van

keuses te verander en daarvan bewus te wees, en die konsekwentheid van sy keuses in ag geneem. Ook word gepoog om die neutrale punt in sy waardehiërargie, sowel as sy hoë en lae waardes, vas te stel. Tydens 'n toetsing van 350 studente, behorende aan verskillende groepe, en 'n vergelyking van die waardefaktore van die verskillende groepe, asook van individue binne dié groepe wie se persoonlikheid en agtergrond bekend was, is vasgestel dat die toets heeltemal geldig genoeg is ('n statistiese geldigheidsyfer is ongelukkig nie op daardie stadium vasgestel nie, maar 'n nou verband tussen waardepatroon en gedragpatroon is wel gevind). Betroubaarheid, op grond van konsekwentheid van waardekeuse (by bogenoemde verskillende probleme), is geskat op tussen .75 en .86. Die toets is ongelukkig 'n bietjie kort en die toetsling se opdragte te oorvleuelend (hoewel dit kan help om betroubaarheid vas te stel) om die geldigheid van die toets bo alle twyfel vas te stel.

(xiv) Bills, Vance, en McLean se "Index of Adjustment and Values": Bills, Vance en McLean ⁽⁵²⁾ het die sogenaamde "Index of Adjustment and Values" opgestel wat berus op 49 van Allport se persoonlikheidstrekke en poog om die waardes van 'n persoon, sy self-aanvaarding, en die verskil tussen sy self-konsep en ego-ideaal te meet. Die toets bestaan daaruit dat die toetslinge hulself op 'n vyf-punt skaal moet beoordeel met betrekking tot die verskillende trekke; in watter mate hulle die trekke wel besit; in watter mate hulle tevrede met hulself só is; en in watter mate hul graag so wil wees. Gekorrigeerde gespletehelptes betroubaarheidskoëffisiënte van .91 en .88 is verkry vir 'n groep van 237 studente. Toets-hertoets betroubaarheidskoëffisiënte (die toetslinge is weer na ses weke getoets) vir 'n groep van 178 studente was .83 en .87. Drie studies (onder andere 'n vergelyking

van toetslinge se response hierop en op die Roschach) toon, volgens die skrywers, dat die Indeks 'n geldige meetmiddel van aanpassing en waardes is. 'n Geldigheidsyfer is egter nie, sover bekend, bereken nie.

(xv) Royce, Smith et al se "Psycho-epistemological Profile": Royce, Smith et al ⁽¹³⁸⁾ het onlangs 'n toets ontwikkel, genaamd die "Psycho-epistemological Profile," wat die sterkte van 'n persoon se kenmerkende kenwyses (en dus ook waardes) toets deur middel van verskeie vierkeuse items wat in rangorde geplaas moet word. Ná heelwat hersienings van dié toets is een van die vier kenwyses (Outoritarianisme) uitgelaat; omdat te min toetslinge dit eerste keuse gegee het; omdat dit (volgens die skrywers) eintlik eerder 'n toetsling se houding teenoor reeds verkreeë kennis aandui; en ook omdat interne konstantheid van die kenwyse besonder laag was. Die finale vorm van die toets word deur hulle genoem "Experimental Form III, No. 1964," en bestaan uit 81 deeglik-gekeurde items. Op grond van vorige betroubaarheidskoëffisiënte word die toets-hertoets betroubaarheid van die finale vorm geskat op .89 vir Empirisme, .92 vir Intuisionisme, en .90 vir Rasionalisme. (Die oorspronklike toets se betroubaarheidskoëffisiënte was as volg: Empirisme .69; Intuisionisme .83; Rasionalisme .59 en Outoritarianisme .71). Geldigheid is vasgestel deur die toetsresultate van bekende groepe te verkry en met mekaar te vergelyk; dit was almal min of meer soos verwag. (Nagraadse studente in Chemie en Biologie was byvoorbeeld hoofsaaklik empiries; studente in Musiek en Drama hoofsaaklik intuisionisties; en studente in Wiskundé en Fisika rasionalisties georiënteerd, terwyl militêre offisiere weer meer outoritatêr georiënteerd was.)

(xvi) Gorlow en Noll se toets: Gorlow en Noll ⁽⁸⁸⁾ het ook onlangs 'n toets opgestel wat die sterkte van

hul eie agt waardes (verkry deur middel van faktor-analise) meet. Dit bestaan uit 56 drie-keuse items waar-tussen die toetsling dan moet kies en soos volg punte toeken: 1 aan hul eerste, 0 aan hul tweede, en -1 aan sy laaste keuse. Elke keuse verteenwoordig een van die agt waardes (wat elk 21 maal verteenwoordig is deur sewe verskillende frases wat in verskeie kombinasies saam met die ander waardes se frases voorkom.)⁺

Die toets is gestandaardiseer op 'n groep van 77 eerste-jaar-sielkundestudente en die resultate het, volgens die opstellers, genoegsaam gevarieer om gebruik van die toets te regverdig. Geldigheid en betroubaarheid-syfers word nog bereken.

(xvii) Die McCords se „Morele Beslissingstoets“: Die McCords se „Morele Beslissings-toets“ ⁽²²⁾ is bedoel om hul vier gewetens-oriëntasies te onderskei en bestaan uit 'n aantal stories waarin 'n morele probleem gestel word. Die toetslinge word dan gevra om een van twee moontlike oplossings te kies en hul redes vir hul keuse te verstrek. Die dertig stories handel oor probleme van bedrog, aggressie en seks, en binne elke probleemgebied bevat twee stories 'n outoriteitsfiguur wat inhibisie aanmoedig, twee stories 'n outoriteitsfiguur wat inhibisie ontmoedig; in twee stories moedig die opinie van ander inhibisie aan, en in twee ander stories word dit deur die opinie van ander ontmoedig, ens.. (Die vier gewetensoriëntasies wat só getoets word, is naamlik die outoriteit-georiënteerde gewete, die andergerigte gewete, die hedonisties-georiënteerde gewete, en die integriteit-georiënteerde gewete.)

⁺So byvoorbeeld lui een van die drieledige keuses as volg:
(a) "To be physically attractive;"
(b) "To be involved in family life;"
(c) "To know you are the best at something."

Die toets is afgeneem op 107 universiteitstudiante (van New Mexico) en 41 lugmagmanne. (Gewetensorientasies is veral afgelei uit die redes aangegee vir die besluite.) Uit hulle response is ses besliste empiriese (gemengde) gewetenstipes geïdentifiseer.

Verdere studies, geldigheids- en betroubaarheidsberekeninge, ens., is, sover bekend, egter nie met hierdie toets uitgevoer nie (behalwe korrelasie met 'n vraelys wat bedoel was om die agtergrond, persoonlikheidstrekke, ens., van hierdie ses groepe verder te identifiseer).

(xviii) Stern, Stein & Bloom se "Activities Index" en "Inventory of Beliefs": Stern, Stein en Bloom (32, (48)) het verder die sogenaamde "Activities Index" opgestel wat bestaan uit 'n lys van 300 aktiwiteite (wat nie-normatief is en Murray se 32 basiese behoeftes verteenwoordig), waarop die toetslinge dan positiewe of negatiewe response (hul voorkeur of afkeur) moet gee, ten einde hul persoonlike voorkeure aan te dui. Dieselfde opstellers het ook 'n "Inventory of Beliefs" opgestel om sowel morele voor- en afkeure as gelowe te meet: Dit bestaan uit 56 items waarin die toetslinge gevra word om aan te dui hoe dinge behoort te wees (byvoorbeeld hoe mense behoort op te tree; wat die regeringsbeleid behoort te wees; wat die letterkunde, kuns, wetenskap, en opvoedkunde behoort te doen en wat nie, ens.); en hulle oordele oor sekere sosiale groepe en estetiese voorkeure aan te dui. Die doel van laasgenoemde vraelys was om sogenaamde „stereopatiese“ denke te meet. Daar is egter nie veel verder van hierdie twee toetse bekend nie, sodat dit moeilik is om hulle te beoordeel.

(xix) Joshi & Joshi se „helde-voorkeur“ toets: Joshi en Joshi (100), twee Indiese navorsers, het weer probeer om die waardes van Indiese hoërskoolleerlinge

te toets deur hulle in verskeie items te laat kies tussen verskillende nasionale helde; sodoende kon vasgestel word wat elkeen van hulle se ego-ideaal naastenby behels. Ongelukkig is meer van hierdie toets egter nie bekend nie, behalwe dat hulle daarin geslaag het om hul proefpersone in verskeie besliste ego-ideaal-tipes in te deel.

(xx) Kuder se "Preference Record Personal": Die Kuder "Preference Record (Personal)" ⁽²⁰⁾, hoewel nie 'n waardetoets in die strengste sin van die woord nie, kan nogtans met ander waardevraelyste vergelyk word, omdat dit die algemene situasie waarin 'n individu verkies om te werk, meet (in plaas van die spesifieke beroep of beroepsveld) en gevolglik 'n hele paar items bevat wat eintlik die toetsling se waardes toets. *

Die toets bestaan uit drie-keuse items (wat elk 'n ander voorkeur verteenwoordig) en die toetsling word gevra om sy eerste en laaste keuse aan te dui. Die toets is 'n paar keer hersien voordat die finale vorm, wat 'n hoë mate van betroubaarheid en geldigheid besit, finaal vrygestel is. Saam met Kuder se meer bekende belangstellingstoets, die "Kuder Preference Record (Vocational)" (of "Occupational") word hierdie toets vandag algemeen gebruik; veral in skole vir beroepsvoorligtingsdoelendes.

(xxi) Thorndike se toets: 'n Ander interessante toets is dié van Thorndike ⁽³²⁾ wat bestaan uit 'n lys

*'n Voorbeeld van sulke Waarde-items is waar die toetsling moet kies tussen die volgende drie alternatiewe:

- (a) "Always help people in need;
- (b) Always tell the truth;
- (c) Always have enough to live comfortably"

van 100 dinge, en die toetslinge moet dan sê hoeveel dae hulle gewillig sal wees om harde arbeid in 'n tronk (egter sonder sosiale degradasie daaraan verbonde) te verrig vir elk van dié dinge. Groot verskille in individuele response (wat waarskynlik 'n weerspieëling is van hul waardes) is deur hom gevind toe hy die toets afgeneem het (wat, sover bekend, nog net eenmaal plaasgevind het). (Verdere interessante bevindinge was korrelasies tussen waarde wat geheg word aan onder andere opvoeding, musiek en reis; en ook aan kommersiële dinge, sport en kleding, ens..)

(xxii) Carter se toets: 'n Laaste interessante waarde- of houdingstoets is dié van Carter ⁽⁶⁰⁾ wat, sover bekend, ook nog net eenmaal afgeneem is. Verskillende groepe Amerikaanse, Indiese en Filippynse studente is hierin gevra om hul voorkeur of afkeur teenoor verskeie stellinge aan te dui met die volgende tekens: (++) ; (+) ; (-) ; (--) ; (+-) ; en ().

Die toets self het bestaan uit 'n Platoniese tipe dialoog tussen verskeie sprekers oor die ideale nasionale doelstellings van 'n nuwe (fiktiewe) eiland, genaamd Koloman, wat nog gekoloniseer moes word. Hulle moes onder andere besluit oor die tipe regering (byvoorbeeld laissez-faire of welsynstaat); buitelandse kapitaal; geboortebepערking; besitreg van land en industrie; rasseverhoudings; gelyke regte vir vroue; industrialisasie of beoefening van hand-ambagte; sensorskap van massamedia; vryheid van godsdiens, en gesinstruktuur. Die skrywer rapporteer dat die toetslinge besonder geïnteresseerd was in die vraelys en as gevolg van die motiveringsfaktor was hul antwoorde waarskynlik eerliker en natuurliker (en gevolglik betroubaarder) as wat van 'n gewone vraelys verwag sou kon word. Interessante verskille tussen die toetsgroepe is gevind, maar, volgens die opsteller, is die toets slegs geskik vir 'n geletterde groep toetslinge met agtergrondskennis van en belangstelling in sosiale, politiese en ekonomiese sake.

HOOFSTUK IV - MOTIVERING EN DOEL VAN DIE HUIDIGE ONDER- SOEK EN 'N EIE TEORIE RAKENDE WAARDETIPOLOGIE

A. Motivering en doel van huidige ondersoek:

In die lig van die vorige bespreking van bestaande waardetoetse, behoort dit duidelik te wees dat daar glad nie eenstemmigheid bestaan oor watter waarde-toets - of selfs watter tipe waardetoets - die beste aan sy doel beantwoord nie. Hoewel die A.V.L. die meeste gebruik word, het dit sekere besliste tekortkominge waarvan die vernaamste die ingewikkeldheidsvlak daarvan is wat dit slegs geskik maak vir hoogs geletterde en akademies-georiënteerde toetslinge. 'n Ander belangrike punt van kritiek daarteen is dat dit slegs die relatiewe sterkte of rangorde van 'n persoon se waardes (in vergelyking met sy ander waardes) meet, en nie ook die intensiteit daarvan nie.

Net so kan daar kritiek gelewer word op al die ander toetse, maar is daar terselfdertyd iets te leer uit almal van hulle. Dit lyk dus aangewese om 'n nuwe toets op te stel wat hoofsaaklik geskoei is op die lees van die A.V.L. (die populêrste en mees nuttige waardetoets tot dusver), maar wat terselfdertyd iets nuttigs probeer oorneem uit al (of die meeste van) die ander toetse wat bespreek is. 'n Blote vertaling van een van die vereenvoudigde hersienings van die A.V.L. (byvoorbeeld dié van Levy) lyk nie aangewese nie, aangesien daar nog nie genoegsame bewys bestaan van hul geldigheid en betroubaarheid nie, en hulle ook niks oorneem het van die positiewe aspekte van die ander genoemde toetse nie. Aangesien daar in Afrikaans⁺ tot op hede nog hoegenaamd geen gestandaardiseerde Waarde-toets bestaan of selfs 'n gestandaardiseerde vertaling

⁺sover aan skryfster bekend.

van 'n bestaande een nie (weliswaar is geen van genoemde toetse selfs nog gestandaardiseer op ons Engeltalige bevolking nie), is daar soveel te meer rede vir die aanpak van so 'n taak.

Die vernaamste rede waarom skryfster dit as noodsaaklik beskou om so 'n toets op te stel, is omdat dit kan help om 'n groot leemte wat daar op die oomblik bestaan, te vul. Dit is op die terrein van beroepsvoorgeligting. Verskeie studies het, soos aangehaal, getoon dat studente en werkers in verskillende beroepsrigtinge kenmerkende waardepatrone het en dat diegene wie se waardepatroon te veel daarvan afwyk, dikwels van beroep- of studierigting verander of ongelukkig is in hul beroep. Soms verander diesulkes ook hul waardes om aan te pas by dié van hul beroepsgroep, maar dit gebeur heelwat minder dikwels.

Die koste en tyd wat verspil word deur sodanige beroeps- of kursusverandering kan veral in ons land met sy groot mannekragtekort geweldige nasionale afmetings afneem, om nie te praat nie van die individuele prys wat betaal moet word deur die industrie en beroepe en deur die betrokke individue self (wat ongelukkig en gevolglik onproduktief in hul werk is). Gevolglik is dit dus gebiedend noodsaaklik dat ons alle beskikbare hulpmiddele moet aanwend - en nog meer moet skep - om aan individue betyds effektiewe beroepsvoorgeligting te verskaf. Die beste en sielkundig vrugbaarste tyd hiervoor is gewoonlik aan die begin (of gedurende die loop) van leerlinge se laaste skooljaar; daarom is hierdie toets dan ook spesifiek vir hierdie ouderdomsgroep bedoel, alhoewel dit natuurlik ook aan ander groepe gegee kan word.

Hierdie toets sal berus op 'n Waardetipologie wat deur skryfster voorgestel word in Afdeling B van hierdie hoofstuk, en wel om die redes wat aangegee is vir die opstel van dié tipologie. Die items van die

voorlopige toets is ná aflegging deur 'n betreklike groot toetsgroep behoorlik geanaliseer en gekeur voordat die finale toetsvorm opgestel is. Daar word beoog om die toets (ná opstelling van die Afrikaanse vorm) later ook in Engels te vertaal en te standaardiseer op 'n groot genoeg populasie monster van ongeveer gelyke getalle Engelstalige en Afrikaanse Matriekleerlinge (seuns- en dogtersgroepe) dwarsdeur die land. Die toets sal dan later, ná verdere geldigheids- en betroubaarheids-berekening, vrygestel word vir gebruik in ons hoërskole (en elders); hoofsaaklik vir die doel van beroepsvoorligting. Laasgenoemde finale doel (die vertaling, standaardisering en vrystelling vir algemene gebruik van die toets) val egter buite die bestek van die onderhawige studie wat slegs handel oor die opstel, evaluering en voorlopige toepassing van die betrokke toets.

B. 'n Eie teorie rakende Waardetipologie:

Ná 'n deeglike studie van al die teorieë en empiriese bevindings, hier bespreek, het skryfster besluit om 'n eie tipologie op te stel; nie soseer om maar nog een by te voeg by die talryke ander teorieë nie, maar om dié aspekte wat die ander in gemeen het, saam te voeg in 'n tipologie wat nie alleen rasioneel verdedig kan word nie, maar wat ook rekening hou met empiriese bevindings en gevolglik empiries bewysbaar sal wees. Hierdie tipologie berus hoofsaaklik op dié van Spranger (wat tot dusver die meeste gebruik en verdedig is en die nuttigste geblyk te wees het), maar bevat ook elemente van dié van die ander genoemde teoretici en navorsers.

Die volgende ses tipes word voorgestel:

- A. Die Humanitêre;
- B. Die Kenteoretiese;
- C. Die Outoritêre;

- D. Die Estetiese;
- E. Die Utilitêre;
- F. Die Hedonistiese.

A. Die Humanitêre waarde stem min of meer ooreen met die sosiale waarde van Spranger (soos gemeet deur die hersiene vorms van die A.V.L.). Die hoogste ideaal van die voorstander hiervan is liefde en naastediens; sy oriëntasie tot sy medemens is dié van simpatie, begrip en empatie. Die vernaamste voorstanders hiervan is diegene wat hul lewens wy aan sosiale diens van enige aard.

B. Die Kenteoretiese waarde stem min of meer ooreen met Spranger se teoretiese waarde; dit sluit in sowel 'n wetenskaplike as 'n filosofiese oriëntasie tot die wêreld. Die vernaamste strewe van 'n voorstander van hierdie waarde is dan ook die verkryging van waarheid - sy dit deur middel van rasonale denke en/of deur empiriese waarneming en navorsing. Die vernaamste voorstander hiervan is die intellektualis en akademikus, die filosoof en die suiwer wetenskaplike.

C. Die Outoritêre waarde stem grootliks ooreen met Spranger se politiese waarde, Fromm, Royce, Riesman en ander se sienings van die tradisie-gerigte, outoritêre persoonlikheid, ens.. Die voorstander hiervan se hoogste ideaal is beheer oor ander, mag, faam en prestige; en hy maak gebruik van mense en dinge om hierdie doel te bereik. Op sy beurt sal hy weer ander, groter leiers gehoorsaam. So iemand is by uitstek die leier op politieke (ge)regtelike en militêre gebied, maar alle leiers heg in mindere of meerdere mate waarde hieraan.

D. Die Estetiese waarde stem ook min of meer ooreen met dié van Spranger. Die vernaamste strewe van 'n voorstander van hierdie waarde is die skepping en

genieting van skoonheid en harmonie (wat intuïtief sowel as sintuiglik ervaar word). Die vernaamste voorstander hiervan is die kunstenaar op die gebied van die letterkunde, skone kunste en musiek, maar (in mindere mate) ook die waardeerder van kuns.

E. Die Utilitêre waarde stem gedeeltelik ooreen met die ekonomiese waarde van Spranger, maar groter klem word gelê op die suiwer praktiese aspek daarvan. Die voorstander hiervan beoordeel alle mense en dinge op grond van hul praktiese nut, en rykdom word nagestreef te wille van die sekuriteit wat dit kan bied. So iemand is by uitstek tegnoloog, handelaar of ekonoon, boer, hande-arbeider, ens..

F. Die Hedonistiese waarde is die een waarde waaraan Spranger nie aandag gegee het nie. Dit stem deels ooreen met Morris se (hersiene) Dionisiese waarde of Faktor E. Die voorstander hiervan heg by uitstek waarde aan die bevrediging van sy onmiddellike behoeftes; sy hoogste ideaal is plesier, genot en/of gemak en gerief - of hy dit nou kry uit 'n gerieflike lewe met die maksimum plesier en ontspanning en die minimum werk, of uit deelname aan sport en ander vorms van ontspanning; uit populariteit, die bywoon van populêre byeenkomste, ens.. So iemand, juis omdat hy vir die oomblik leef, steur hom nie veel aan die toekoms nie; en sy keuse van beroep (as hy daaraan dink of moet dink) weerspieël sy houding dan ook: hy sou verkies om voltyds die rol te speel van sportliefhebber (professionele sportman of -vrou) of populêre held(in) (filmster, "pop"-sanger, ens.).

Op grond van die bevindinge van navorsers soos onder andere Van Dusen et al ⁽¹⁵⁷⁾, wat gereken het dat die Sosiale en Religieuse waardes saamgevoeg behoort te word, is die Religieuse waarde (van Spranger) weggelaat. Spranger self het gesê dat die twee

heelwat in gemeen het en selfs Allport et al het 'n beduidende positiewe korrelasie tussen die twee gevind. Aangesien 'n persoon se houding teenoor die godsdiens hoofsaaklik bepaal word deur sy ander dominante waardes (soos aangedui sal word), regverdig dit, volgens die mening van skryfster, nie 'n aparte kategorie vir die religieuse waarde nie. So byvoorbeeld is die persoon wat sy godsdiens dogmaties opneem in die eerste plek outoritêr; diegene wat dit as 'n boodskap van liefde en naastediens opneem, hoofsaaklik humanitêr, en dié wat dit sien as 'n onderwerp om te bestudeer en oor te mediteer ten einde nader aan 'n geheelsiening van die heelal te kom, hoofsaaklik kenteoreties, dié wat dit sien as 'n hoogspersoonlike mistiese belewenis hoofsaaklik esteties; dié wat God beskou as die Verskaffer van ons daaglikse brood hoofsaaklik utilitêr; en dié wat feitlik nooit 'n gedagte daaraan skenk nie, hoofsaaklik hedonisties georiënteerd.

Ons kan verder verwag dat hierdie ses ideële tipes nie alleen in sommige opsigte die antitese van mekaar sal wees nie, maar in ander opsigte ook mekaar sal oorvleuel aangesien hulle nie absoluut onafhanklike sielkundige entiteite is nie en dus nooit in suiwer vorm by individue voorkom nie, maar wel al ses in sterker of swakker mate by alle individue en groepe verteenwoordig word. So byvoorbeeld is die Kenteoretiese oriëntasie teenoorgesteld aan die Utilitêre deurdat eersgenoemde die nastreef van kennis ter wille van die waarheid self voorstaan terwyl laasgenoemde dit slegs sal doen ter wille van die praktiese nut daarvan. So is ook die Kenteoretiese oriëntasie teenoorgesteld aan die Outoritêre deurdat dit openheid van gemoed voorstaan in teenstelling met laasgenoemde se lojaliteit aan 'n dogma; is dit teenoorgesteld aan die Humanitêre deurdat dit die soeke na en meedeel van onpersoonlike waarheid hoër ag as takt en liefdevolle inagneming van

en diens aan die naaste. Dit is ook teenoorgesteld aan die Estetiese en die Hedonistiese deurdat dit onpersoonlike en selfopofferende soeke na die waarheid (ongeach die gevolge daarvan) hoër ag as die skepping of waardering van skoonheid en harmonie, of die genot van die oomblik. Dit het egter met die Sosiale oriëntasie in gemeen openheid van gemoed en verdraagsaamheid teenoor ander (veral hul opinies); en met die Estetiese oriëntasie sy klem op onafhanklikheid (vryheid) en oorspronklikheid van gees. In laasgenoemde lig gesien, kan die Kenteoretiese, Humanitêre en Estetiese waardes dan moontlik beskou word as die meer idealistiese, demokratiese, vrye waardes; en die ander drie as die meer materialistiese, ego-sentriese waardes. Anders gesien, stel die eerste vyf waardes die sogenaamde „hoër" waardes voor en die Hedonistiese die meer onmiddellike, laer een (met die Utilitêre op die tweede trap van die onderpunt van die kontinuum). Nogtans het die Hedonistiese en die Estetiese waardes met mekaar in gemeen die waarde wat hulle heg aan die ervaring en genot van die oomblik; die Outoritêre en Humanitêre waardes hul oriëntering tot die ander (in plaas van tot die self of tot dinge); en die Humanitêre en die Estetiese hul gebruikmaking van empatie en intuïsie as 'n kenwyse. Hoewel die Kenteoretikus ook gebruik maak van rasionalisme as 'n kenwyse, deel hy met die Utilitêre persoon verder die kenwyse van empirisme. Ons kan dus verwag om sowel positiewe as negatiewe korrelasies tussen die ses verskillende waardes (as geheel geneem, en/of in spesifieke items) te kry.

DEEL II

METODE VAN ONDERSOEK EN RESULTATE

Hoofstuk V: DIE VOORTOETSE

A: Opstel van die Voortoetse :

Ná 'n deeglike studie van die inhoud van al die reedsgemelde waardevraelyste en dergelike toetse, het skryfster begin om 'n aantal items op te stel wat moontlik geskik sou wees vir 'n waardevraelys vir Matriekleerlinge. Sommige items is in vereenvoudigde of effens gewysigde vorm oorgeneem van ander toetse, maar die grootste gedeelte van die items is nuut opgestel met inagneming van dieselfde faktore wat deur die opstellers van genoemde toetse in gedagte gehou is. So bv. weerspieël sommige vrae die ideale van die toetslinge; hul algemene en spesifieke voorkeure met betrekking tot toekomstige beroepe vir hulself, hul vriende en vriendinne, hul familieleden, ens.; hul voorkeure en keuses met betrekking tot vriende, kennisse en huweliksmaats, asook helde; hul opinies ten opsigte van sekere nasionale en internasionale, sosiale, opvoedkundige en ander vraagstukke; hul voorkeure met betrekking tot sekere bedrywigheide, lesingonderwerpe, debatsonderwerpe, radiopraatjies, leesstof, maniere van vryetydsbesteding en geldinsameling, ens.. Die items is só opgestel dat elke alternatiewe antwoord

(op die vraag wat telkens gestel word, of die stelling waarmee hul moet saamstem of nie), volgens die mening van skryfster, een van die ses voorgestelde waardes weerspieël.

Uit hierdie items is uiteindelik vier verskillende toetse of toetsdele opgestel waarvan die eerste drie bestaan het uit vrae met onderskeidelik twee, drie en ses alternatiewe antwoordkeuses. (Daar is gepoog om elke waarde ten minste 'n minimum aantal kere - dit wil sê twee of meer kere in Dele I en II - teen elke ander waarde op te weeg.) Die vierde toets het bestaan uit stelling waaraan die toetslinge punte moes toeken wat aandui in watter mate hulle met die betrokke stelling saamstem. Daar is beoog om die resultate van dié vier toetse met mekaar te vergelyk ten einde 'n aanduiding te kry van die mate waarin hulle van mekaar verskil en met mekaar ooreenstem. Hierdie resultate, sowel as die uitgesproke voorkeure van die leerlinge (sommige toetslinge sou later op informele wyse gevra word watter een van die vier toetse hulle verkies het) kon moontlik aan skryfster 'n aanduiding gee van watter soort toets hom die beste leen tot die betroubare meting van waardes. Daar is verwag dat die toets met die twee antwoordkeuses waarskynlik die gouste en maklikste beantwoord sou word deur die toetslinge. Aan die ander kant is so 'n toets beperkend op die toetslinge en minder betroubaar wanneer hul gedwing

word om te kies tussen twee moontlikhede wat in werklikheid vir hulle ewe aantreklik of onaantreklik is. Die drie-keuse antwoord-toets oorkom tot 'n mate hierdie beperking deur die toetsling drie alternatiewe keuses te gee, maar sluit ongelukkig nie die moontlikheid uit dat toetslinge eweveel of ewe min van al drie moontlikhede mag hou nie. Die ses-keuse antwoord-toets het die voordeel dat dit al ses waardes gedurig teen mekaar opweeg, maar moet waarskynlik juis as gevolg van dié voordeel aan betroubaarheid inboet. Die laaste toets sou die intensiteit van 'n leerling se waardes toets en nie soseer sy waardevoorkeur nie.

Deel I van die voortoetse het dus bestaan uit 56 twee-keuse items waar elke keuse 'n ander waarde (een van die ses voorgestelde waardes) verteenwoordig het, en waar die toetslinge hul eerste keuse (of voorkeur) moes aandui deur 'n kruisie te trek in die betrokke hokkie daarnaas (a of b), en die ander hokkie oop te laat. (sien Bylae I)

Deel II het bestaan uit 68 drie-keuse items waar elke keuse ook 'n ander waarde verteenwoordig het en die toetslinge hul eerste keuse moes aandui deur twee kruisies in die betrokke hokkie daarnaas (a, b of c) te trek; hul tweede keuse deur een kruisie in die betrokke hokkie daarnaas te trek; en hul laaste keuse deur die derde (oorblywende) hokkie oop te laat. (sien Bylae I)

Deel III het bestaan uit 39 ses-keuse items waar elke keuse 'n ander waarde verteenwoordig het en waar die toetslinge hul waardevoorkeur moes aantoon in volgorde van belangrikheid deur 6 punte aan hul eerste, 5 aan hul tweede, 4 aan hul derde, 3 aan hul vierde, 2 aan hul 5de en 1 aan hul laaste keuse toe te ken.
(Sien ook Bylae I)

Deel IV het bestaan uit 18 stellinge (drie wat elke waarde verteenwoordig het) wat die toetslinge dan moes beoordeel volgens 'n vyf-puntskaal : 4 punte indien hulle volkome daarmee saamstem, 3 indien hulle tot 'n groot mate daarmee saamstem, 2 indien hulle net gedeeltelik (half-en-half) daarmee saamstem, 1 indien hulle tot 'n groot mate daarvan verskil en 0 indien hulle geheel-en-al daarvan verskil.
(Sien ook Bylae I)

Hierdie toets het dus (soos reeds genoem) van die ander drie verskil deurdat dit nie 'n toetsling se waardes teen mekaar opweeg deur hom te dwing om tussen hulle te kies nie⁺, maar eerder die intensiteit (sterkte) van

⁺Sommige stellinge is wel so opgestel dat indien 'n leerling daarmee saamstem hy outomaties 'n ander waarde verwerp, maar dit staan hom nogtans vry om 'n lae punt daaraan toe te ken.

elk van sy ses waardes meet. Dit sou ook insiggewend wees om toetslinge se waardetotale en waardevoorkeure soos gemeet deur Toetse I - III en Toets IV met mekaar te vergelyk.

(Al vier hierdie toetse, tesame met 'n sleutel tot die waardes en waardekombinasies verteenwoordig in die items van die voortoetse, kan gevind word in Bylae I.)

B: Toepassing van die toetse :

Hierdie toetse is tydens September 1969 afgeneem op 'n groepie (N 43) Matriekdogters (18 A- baan en 25 B-baanleerlinge⁺) van 'n groot hoërskool in 'n betreklike groot industriële Transvaalse dorp. Deel I is deur 44 en die ander drie toetse deur 43 leerlinge beantwoord. Die navorser het tydens skooltyd aan die leerlinge verduidelik dat hul samewerking verlang word om 'n toets op te stel wat vir ander van hulp mag wees in hul keuse van 'n beroep. Die toetsinstruksies is toe aan hulle voorgelees en seker gemaak dat hulle dit begryp. Daarna is hulle gevra om dit tuis te voltooi en weer na 'n paar dae in te handig. Ongeveer 60 vraelyste is

⁺ A- en B-baan leerlinge verskil van mekaar deurdat eersgenoemde se vakkeuse en vakinhoud meer akademies georiënteerd is en tot universiteitstoelating lei terwyl dit nie die geval is by die meer praktiesgeoriënteerde B-baangroep nie.

uitgedeel waarvan slegs 43 weer voltooid ingehandig is. Om administratiewe redes (aangevoer deur die skool) kon daar ongelukkig nie seuns by die groep ingesluit word nie.

C: Ontleding van die toetse :

Die toetslinge se antwoordresponse is aangeteken en die volgende berekeninge en ontledings is gemaak :

1. Die totale aantal punte wat elke alternatiewe antwoordrespons (of stelling) getrek het uit die groep as geheel, sowel as die gemiddelde punt ($T \div N$) daaraan toegeken. Die doel hiervan was om antwoordresponse wat té gewild of té ongewild was, te identifiseer en uit te skakel. (dit is later gedoen deur response van Deel I waarvan die gemiddelde gewildheid meer as .15 (uit 1) van hul paarmaats verskil het, uit te skakel; asook response van Deel II waarvan die gemiddelde gewildheid meer as .3 (uit 'n totaal van 2) van mekaar en/of van die „ideale“ gemiddelde (nl. $\pm .67$) verskil het; so ook response van Deel III wat meer as 1 punt (uit 6) verskil het van mekaar of van die „ideale“ gemiddelde (nl. 3). Hierdie snypunte wat as baie streng beskou kan word, is gekies omdat skryfster by die voorttoetse al soveel as moontlik swak items wou identifiseer en uit-skakel ten einde die latere toets meer geldig en betroubaar te maak en derhalwe ekstra her-toetsing te probeer vermy. Op hierdie vroeë stadium kan swak maar potensieel nuttige items nog maklik verander word. Om hierdie rede het skryfster dan ook besluit om die items verder

te ontleed (aanvanklik is beplan om slegs genoemde tipe van responsanalise uit te voer).

2. Die totale telling wat elke toetsling vir elke waarde in elke toets behaal het, sowel as 'n omsetting daarvan in persentasievorm (terwille van makliker vergelyking). Daarna 'n oppervlakkige vergelyking van die verskillende (sub-) toetstellings wat dieselfde waarde meet, ten einde te probeer skat of daar 'n beduidende verskil is. (Ten einde tyd te bespaar, en omdat dit nie op hierdie stadium as noodsaaklik beskou is nie, is daar nog nie van presiese statistiese metodes soos korrelasie- en beduidendheids- berekening gebruik gemaak nie.)
3. Die totaaltellings, sowel as gemiddeldes of persentasies (laasgenoemde ter wille van makliker vergelyking), van elke leerling vir elke waarde asal vier en as slegs die eerste drie toetstellings bymekaar getel is. Dit is gedoen ten einde te onderskei tussen hoë en lae groepe (toetslinge wat besonder hoog of laag presteer het op elke betrokke waarde), en om groepgemiddeldes vir die verskillende waardes te bereken.
4. 'n Oppervlakkige vergelyking van die groepgemiddeldes vir elke afsonderlike waarde van die A- en B-baan-groepe, om te sien of hulle baie van mekaar verskil.
5. 'n Ruwe itemontleding (interne geldigheidsberekening) wat as volg uitgevoer is : Uit die groot groep is twaalf kleiner groepies gekies bestaande uit a) ± 10 toetslinge wat die hoogste en b) ± 10 toetslinge wat die

laagste presteer het in elke afsonderlike waarde (6 waardes altesaam, dus 12 groepe). Normaalweg word die boonste en onderste 27% vir dié doel gekies, maar omdat die toetsgroepe so klein was ($N = 43$) en daar so 'n groot aantal toetslinge was wie se punte vir sommige waardes vlak by die groepgemiddelde geval het, het skryfster gereken dat die beter sou wees om die hoë en lae groepe te beperk tot dié toetslinge wie se tellings

- a) minstens 10% bo en
- b) minstens 10% onder die groepgemiddelde vir daardie waarde was.

Dit het egter beteken dat die groepe in sommige gevalle uit meer en in ander gevalle uit minder as 10 toetslinge bestaan het. By drie waardes was dié groepies egter só klein dat dit moeilik sou wees om gevolgtrekkings gemaak uit die resultate van so 'n klein groepie te onderskei van toevallige resultate; gevolglik het skryfster besluit om in dié gevalle die groepe uit te brei tot alle toetslinge wat 5% of meer bo en 5% of meer onder die groepsgemiddelde behaal het. In hierdie gevalle is berekeninge egter ook gemaak vir die oorspronklike kleiner groepies wanneer daar getwyfel is oor die geldigheid van 'n besondere item.

Toe is die puntetotale (omgesit in persentasievorm vir makliker berekening en vergelyking) wat deur elke groep (a) en b)) behaal is vir elke afsonderlike antwoord (itemonderafdeling) met mekaar vergelyk om te sien of die punte genoegsaam van mekaar verskil om die veronderstelling dat die betrokke antwoord daardie betrokke waarde verteenwoordig,

aanneemlik te maak. Slegs antwoorde waar die hoë en lae groepe minstens 20% van mekaar verskil het (of 15% in die geval van groepe wat slegs 5% bo of onder die gemiddelde moes presteer het), en die a)-groep se telling in elk geval bo 50% en die b)-groep se onder 50% was, is gekeur. (50% is hier beskou as die „ideale" gemiddelde op grond van normale verspreidingsstatistieke.)

D: Resultate van die Voortoetse :

Die resultate was onder meer die volgende :
 In Tabél van die groepgemiddeldes (in persentasievorm uitgedruk ter wille van makliker vergelyking) vir die ses waardes in elke toets afsonderlik (I, II, III en IV), asook in al vier toetse saam (a) en die eerste drie toetse saam (b) sien soos volg daar uit :

TABEL I: In Vergelyking van die voortoetsgroep se gemiddeldes vir die ses waardes in elke toets afsonderlik (I, II, III en IV) asook in al vier toetse saam (a), en in die eerste drie toetse saam (b)

<u>Waardes</u>	<u>Toetse</u>					
	I	II	III	IV	(a)	(b)
Hu	56	62	71	78	67	63
K	44	49	62	72	60	52
O	49	44	54	58	52	49
E	52	50	59	51	53	54
U	47	49	54	54	51	50
H	51	45	49	64	53	49

(Hu	=	Humanitêr
K	=	Kenteoreties
O	=	Outoritêr
E	=	Esteties
U	=	Utilitêr
H	=	Hedonisties)

Uit bestaende tabél is dit dus duidelik dat sommige waardes (soos gemeet deur die toetse) meer konstant as ander is. Dit mag dui op 'n groter betroubaarheid van dié betrokke waarde-subtoetse, te wete die Estetiese en Utilitêre, maar in mindere mate ook die Outoritêre en Hedonistiese. Die gemiddeldes en gemiddelde afwykings van die ses waarde-subtoetse (n waardesubtoets word hier beskou as bestaande uit al die itemonderafdelings uit al vier die toetse wat daardie betrokke waarde verteenwoordig) blyk duideliker uit die volgende tabél :

TABEL II : 'n Vergelyking van die gemiddeldes en gemiddelde afwykings van die ses waardesubtoetse (van die voortoetse)

<u>Toets</u>	<u>Gemiddelde</u>			<u>Gemiddelde Af- wyking</u>		
E	±	53	%	±	3	%
U	±	51	%	±	3	%
O	±	51	%	±	5	%
H	±	52	%	±	6	%
Hu	±	67	%	±	8	%
K	±	57	%	±	12	%

Dit blyk ook verder uit Tabel I dat daar 'n gemiddelde verskil is van $\pm 4.7\%$ tussen toetse I en II; van $\pm 9\%$ tussen toetse I en III; van $\pm 8.3\%$ tussen toetse II en III; van $\pm 13.3\%$ tussen toetse I en IV; van $\pm 13\%$ tussen toetse II en IV; en van $\pm 7.3\%$ tussen toetse III en IV. Toetse I en II se gemiddelde punte was dus die naaste aan mekaar en dié van toetse I (asook II) en IV die verste van mekaar. Hierdie bevindinge kan moontlik (106) geïnterpreteer word in die lig van Kuder en ander se bevindinge dat twee-en-drie-keuse items meer betroubaar is as meer-keuse items. Ook moet onthou word dat Toets IV eintlik die intensiteit van elk van 'n persoon se waardes (onafhanklik van sy ander waardes) meet, en nie die rangorde daarvan soos die ander toetse nie; 'n toetsling se punte vir elke waarde in Toets IV is dus nie afhanklik van sy punte vir die ander waardes soos in die ander drie toetse nie, en gevolglik is sommige van sy waardepunte dan ook baie verskillend (veral hoër) as wat verwag sou word op grond van sy resultate in die ander drie toetse. Hierdie neiging blyk nog duideliker uit die groot verskille wat gevind is tussen die gemiddelde punte van die hoë en lae groepe vir die eerste drie toetse en vir Toets IV (wat later aangehaal sal word). Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat Toets IV baie kort was in vergelyking met die

ander drie toetse, en dat 'n langer toets met beter items moontlik ander resultate sou opgelewer het.

Die gemiddelde afwyking tussen toetsgroepe (a) en (b), nl. 3.5 %, sou ook heelwat hoër gewees het indien toetsgroep (b) uit slegs toetse I en II bestaan het in plaas van I, II en III.

Wat verder uit die resultate blyk (en dis veral die (b)-tellings wat nou in gedagte gehou word), is dat die toetsgroep se gemiddelde punte vir die ses verskillende waardes (met uitsondering van die Humanitêre) min verskil getoon het. Dit dui moontlik op 'n min of meer normale verspreiding in die bevolking (indien dié proefgroep as verteenwoordigend van die bevolking beskou kan word). Die besonder hoë gemiddelde punt van die Humanitêre waarde (asook die effens hoër punt van die Estetiese waarde) kan moontlik gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die hele toetsgroep uit dogters bestaan het (verskeie reedsgemelde navorsers het nl. bevind dat die vroulike groep meer sosiaal en esteties georiënteerd is as die res van die bevolking), maar waarskynlik veral aan swak (té populêre) toetsitems (laasgenoemde geld veral dié wat die Humanitêre waarde meet).

'n Berekening en vergelyking van die waardegemiddeldes van A- en B- baan-leerlinge het die volgende resultate opgelewer :

TABEL III: 'n Vergelyking van die waardegemiddeldes van A- en B-baanleerlinge

<u>Waardes</u>	<u>A-baan</u> (N=18)	<u>B-baan</u> (N=25)	<u>Verskil</u>
Hu	63.5 %	62.1 %	1.4 %
K	59.6 %	46.2 %	13.4 %
O	46.9 %	51.2 %	4.3 %
E	58.9 %	50.2 %	8.7 %
U	50.7 %	50.3 %	0.4 %
H	37.2 %	57.2 %	20 %

Soos verwag, was die A-baangroep dus heelwat hoër op die Kenteoretiese en die B-baan op die Hedonistiese (laasgenoemde besonder groot verskil is egter nie verwag nie en mag moontlik slegs 'n kenmerk van hierdie spesifieke groep wees), en in mindere mate ook op die Outoritêre waarde. Die verskil tussen die twee groepe se gemiddeldes op die Estetiese waarde is nie verwag nie, en die verwagte verskil in hul gemiddeldes op die Utilitêre waarde (daar is verwag dat die B-baangroep hier hoër sou wees), is ook nie gevind nie. Aangesien dit moeilik was om te oordeel watter van dié bevindinge dalk aan swak toetsitems of ander toevallige faktore te wyte mag wees, sou hierdie resultate maar eers met die latere uitslae van die eksperimentele groep vergelyk moes word om vas te stel of dieselfde neiging daar voorkom.

Frekwensie-ontleding van al die itemonderafdelings het die volgende resultate opgelewer :

Slegs 10 items van Toets I (te wete items 4, 6, 15, 22, 24, 29, 36, 44, 45 en 54) het aan die streng vereistes van ongeveer gelyke populariteit (van afgepaarde antwoorde) voldoen; so ook 10 items van Toets II (te wete 11, 23, 24, 31, 32, 35, 38, 40, 59 en 61), maar geen items van Toets III nie (hoewel 'n paar baie nê aan die vereiste gekom het). 'n Verdere analise van die items in Deel II en III het aan die lig gebring dat daar heelwat items was waarvan twee of meer onderafdelings wel min of meer ewe populêr was en dus aan genoemde standarde kon beantwoord. (Hierdie items sluit in alle items van Toets III, sowel as alle items van Toets II, met die uitsondering van nommers 41, 42, 52, 54 en 57.) Die volgende items van Toets III het aan die nodige vereistes (nl. minder as 1 punt van die „ideale“ gemiddelde (2) verskil) beantwoord : 1, 2, 4, 6, 7, 8, 10, 11, 12, 13, 15, 16, 17 en 18; die res se gemiddeldes was almal te hoog.

Itemontleding (te wete interne „geldigheidsberekening“) deur middel van vergelyking van hoë en lae groepe het die volgende resultate opgelewer:

Itemonderafdelings wat aan die genoemde minimum vereiste verskille (sien bladsy 153) tussen die twee groepe behoort het, was die volgende :

Lys van item-onderafdelings (van die Voortoetse)
wat genoegsaam onderskei hettussen hoë en lae
groepe.

TOETS I

<u>Waardes</u>	<u>Itemonderafdelings</u>
Hu	2b, 4a, 16a, 19b, 31b, 33a, 34a, 35b, 46b, 49b, 51b.
K	1b, 9a, 22a, 23a, 24a, 31a, 36b, 37a, 39a, 53b, 54a.
O	6b, 10b, 41a, 47b, 55a.
E	3b, 7a, 14a, 22b, 28a, 29a, 33b, 43a, 44a, 50a, 54b.
U	4b, 15b, 26b, 28b, 38b, 41b, 45b.
H	5b, 9b, 14b, 15a, 24b, 27b, 29b, 30b, 35a, 39b, 42b, 44b, 45a, 48b.

TOETS II

<u>Waardes</u>	<u>Itemonderafdelings</u>
Hu	1c, 4a, 5a, 21a, 23a, 26c, 27a, 29c, 30a, 48a, 50c, 62c, 67b.
K	1b, 2b, 3b, 12b, 14b, 15a, 16b, 23b, 24b, 31b, 32c, 35c, 36b, 43b, 44b, 51a, 53b, 55b, 56b, 61a, 67a.
O	21c, 26a, 27b, 31a, 32b, 37b, 38a, 53a, 58b, 59b, 61c, 64b, 68c.
E	9c, 14c, 17b, 20b, 28a, 34b, 35b, 37c, 38c, 40a, 45c, 49b, 51b, 54c, 57b, 58a, 63c, 68b.

U	3c, 6c, 14a, 16a, 20c, 32a, 40b, 50a, 56c, 59c, 66b.
H	4c, 10c, 13b, 15b, 16c, 18a, 19a, 20a, 24a, 27c, 29b, 35a, 36c, 38b, 39b, 40c, 44c, 47b, 49c, 50b, 53c, 55c, 56a, 59a, 68a.

TOETS III

<u>Waardes</u>	<u>Itemonderafdelings</u>
Hu	4d, 8e, 13c, 17b, 18b, 19e, 22b, 24c, 26e, 27f, 28e, 31e, 32e, 35d, 36c, 39e.
K	1d, 2d, 3a, 4a, 5c, 7c, 9c, 14c, 15b, 17a, 18e, 19d, 22a, 26a, 27e, 28c, 29d, 33a, 34a, 35e, 36f, 37d, 38c, 39d.
O	2b, 5a, 7a, 8a, 18d, 24f, 26d, 27d, 31d, 33d, 35a, 37b, 39b.
E	2f, 3c, 4e, 5e, 7e, 9b, 10a, 11e, 12d, 13e, 14b, 15c, 16f, 17d, 19f, 23d, 25f, 26b, 30b, 31c, 33b, 34e, 37a, 38d, 39a.
U	2e, 3d, 5d, 9f, 11c, 12a, 15f, 22e, 26f, 27b, 28d, 33f, 37e.
H	2a, 3f, 4c, 5f, 9e, 10f, 12f, 15e, 16e, 17f, 19a, 24e, 26c, 27a, 29a, 30f, 31a, 32a, 33e, 34f, 37f, 38f, 40a.

TOETS IV :

Slegs die totaalpunte vir die ses waardes (in plaas van vir elk van die 18 items) is vergelyk, en slegs die Estetiese waarde-items het aan die vereistes vir keuring beantwoord. Dit mag grotendeels toegeskryf word aan die feit dat die hoë en lae

groepe gekies was uit diegene wat hoog en laag presteer het in die betrokke waarde in die eerste drie toetse, sonder inagneming van hul punte in Toets IV. Onderstaande tabel gee dan ook 'n aanduiding van die mate waarin die twee hoër en die twee laer groepe se (gemiddelde) punte vir die verskillende waardes soos gemeet deur Toets IV verskil van hul punte soos gemeet deur Toetse I - III:

TABEL IV : 'n Vergelyking van die verskille tussen die gemiddelde punte van die twee hoër en die twee laer groepe vir die verskillende waardes, soos gemeet deur Toets IV en Toetse I - III.

<u>Groepe</u>	<u>Waardes</u>					
	<u>Hu</u>	<u>K</u>	<u>O</u>	<u>E</u>	<u>U</u>	<u>H</u>
a	+ 5 %	- 4.6 %	- 7.9 %	- 8 %	+ 1.3 %	-12.8 %
b	+ 7.8%		+ 36 %		+ 1.3 %	
c	+33.7%	+33.8 %	+ 12 %	- 10.9%	+19.7 %	+ 21 %
d	+21.3%		+ 9 %		+15.7 %	

(+ dui aan dat die betrokke groep se gemiddelde punte vir Toets IV hoër was as vir die ander drie toetse saam; en - dui aan dat dit laer was.)

(Vir 'n verduideliking van Groepe a,b,c en d, sien onder aan volgende bladsy)

Gemiddelde verskille tussen die hoër en lae groepe was vir Toets IV dan ook baie anders as vir die eerste drie toetse. Die volgende tabel toon dit aan :

TABEL V : Gemiddelde verskille tussen die hoër en lae groepe in Toetse I - III en Toets IV.

Gemiddelde verskille

<u>Waardes :</u>		<u>Hu</u>		<u>K</u>		<u>O</u>	
<u>Toetse :</u>		I-III	IV	I-III	IV	I-III	IV
<u>Groepe:</u> a	+ c	21.2%	*11.5%	31.4%	2%	22.7%	2.8%
<u>Groepe:</u> b	+ d	16.5%	2.5%			14.7%	9.3%

<u>Waardes :</u>		<u>E</u>		<u>U</u>		<u>H</u>	
<u>Toetse :</u>		I-III	IV	I-III	IV	I-III	IV
<u>Groepe:</u> a	+ c	35.5%	38.4%	22%	4.1%	39.4%	5.6%
<u>Groepe:</u> b	+ d			18%	3.6%		

(*Dui aan dat die verskil in die verkeerde rigting lê; dat groep c in werklikheid hoër presteer het as groep a.)

(Groep a het bestaan uit toetslinge wat 10% of meer bo die gemiddelde vir daardie betrokke waarde presteer het; groep b uit toetslinge wat 5% of meer bo die gemiddelde behaal het; groep c uit toetslinge wat 10% of meer onder die gemiddelde behaal het; en groep d uit toetslinge wat 5% of meer onder die gemiddelde behaal het. Hoe groot hierdie groepe was, word in die volgende tabel aangedui:

TABEL VI :n Vergelyking van die aantal toets-
linge in elk van die hoë en lae groepe

<u>Aantal toetslinge in elke groep</u>						
<u>Waardes</u>	<u>Hu</u>	<u>K</u>	<u>O</u>	<u>E</u>	<u>U</u>	<u>H</u>
Groep a	4	9	3	8	4	12
Groep b	10		10		11	
Groep c	2	7	1	6	4	12
Groep d	6		11		12	)

Op grond van al hierdie verkreeë verskille tussen die resultate van Toetse I-III en Toets IV het skryfster dus besluit om slegs die items van die eerste drie toetse vir seleksie vir die gekeurde (eksperimentele) toets te oorweeg.

Hoofstuk VI : DIE EKSPERIMENTELE TOETS

A: Itemseleksie :

Eerstens moes daar besluit word oor die vorm van die toets (die tipe items waaruit dit sou bestaan). Soos reeds gemeld, is besluit om slegs die items van die eerste drie toetse vir seleksie te oorweeg, gevolglik sou een van die ander drie toetse se vorms oorweeg moes word. Aangesien Toetse I en II se resultate die meeste ooreengestem het, en in die lig van Kuder (106) en ander se bevindinge dat die ideale aantal antwoordeuses 2 of 3 is, asook omdat so min van Toetse II en III se items in hul geheel oorgeneem kan word, is daar besluit om 'n toets op te stel wat slegs uit twee-keuse items bestaan.⁺ (Slegs die volgende items het geheel-en-al beantwoord aan die streng vereistes van sowel item - as frekwensie-ontleding:

Toets I : 4, 15, 22, 24, 29, 44, 45 en 54;

Toets II : 35, 38 en 40 ;

Toets III: geen (item 26 het byna aan al die vereistes beantwoord.).)

⁺Uit die uitgesproke voorkeure van 'n klompie toetslinge het skryfster afgelei dat Toets I, en daarna Toets II, dan ook die populêrste was.

Bogenoemde gekeurde items is daarvoor gebruik, en
 ná verdere oorweging en ontleding van al die orige
 items is 'n paar ander van Toets I ook verander
 om hul meer geskik te maak vir insluiting (veral
 genoemdes wat wel onderskei het tussen hoë en lae
 waardegroep maar te min of te veel response ge-
 trek het in vergelyking met hul paarmaats is gewysig
 of aan ander meer geskikte (meer of minder popu-
 lêre) paarmaats toegewys.) Antwoorde van Toetse
 II en III wat wel twee-twee saam voorgekom het en
 aan bogenoemde vereistes voldoen het, is ook byge-
 voeg (volgens Kuder ^(105, 106) is soiets wel toe-
 laatbaar en geldig). So ook itemonderafdelings
 van Toetse I, II en III wat, indien hulle met me-
 kaar in plaas van hul oorspronklike paarmaats
 saamgegroepeer was, waarskynlik aan die vereistes
 van ewegroot populariteit en onderskeiding tussen
 lae en hoë groepe sou voldoen (volgens die mening
 van skryfster), en dié wat waarskynlik meer aanneem-
 lik sou gewees het indien hulle bewoording effens
 gewysig was. Items wat té populêr was by dié
 spesifieke toetsgroep (dogters), en waarskynlik
 minder populêr by 'n ander toetsgroep (seuns)
 sou wees (of andersom), is ook toegelaat. Enkele
 heeltemal nuwe items is verder bygevoeg. Uitein-
 delik is 'n toets só gevorm wat bestaan het uit 195
 twee-keuse items; 'n gelyke aantal antwoorde (65)
 het elk van die ses waardes verteenwoordig. Die

15 waardekombinasies is elk 13 keer in die vrae verteenwoordig; gevolglik is elke waarde 'n gelyke aantal kere met elke ander waarde afgepaar.

B: Metode van bepunting :

Aanvanklik is beplan om die toetslinge (soos in Voortoets No. I) slegs te laat kies tussen twee moontlike en alternatiewe antwoorde. Ná deeglike oorweging (wat onder andere samesprekinge met vak-kundiges en navorsers van die R.G.N. en 'n studie van kritiek op hierdie gedwonge-keuse-metode, soos uitgespreek deur navorsers soos onder andere (109) (135) (106) Lurie, Shorr, Guilford, ens., ingesluit het) is daar egter besluit om af te sien van hierdie antwoord-metode. (Kritiek hierteen berus hoofsaaklik op statistiese gronde omdat die toetsresultate, korrelasies en interkorrelasies (item-toets en toets - toets) dan nie 'n hoë mate van geldigheid kan besit nie aangesien hulle direk deur mekaar gekontamineer word. Ook onderskei hierdie metode nie tussen toetslinge en toetsgroepe by wie verskeie of al die waardes min of meer ewe sterk (of ewe swak) is nie, en dus kan dié metode ook slegs 'n aanduiding gee van die relatiewe sterkte van 'n persoon se waardes in plaas van ook die absolute. Deur 'n toetsling te dwing om 'n vir hom onmoontlike keuse te maak, sal die betroubaarheid van dié toets verder verlaag word, aangesien daar nie met sekerheid gesê kan word dat hy by 'n

volgende geleentheid dieselfde keuse sal maak nie.)

Die vraag het dus ontstaan hoe twee antwoord-alternatiewe teen mekaar opgeweeg (ten einde die rangorde van 'n toetsling se waardes te meet) en terselfdertyd genoemde besware oorkom kan word.

Uiteindelik is dié probleem opgelos deur die volgende bepuntingsmetode te „ontwerp“ :

Elke item het weer bestaan uit 'n vraag met twee alternatiewe antwoordkeuses en die toetslinge is gevra om hierdie twee alternatiewe antwoordkeuses teen mekaar op te weeg en hul voorkeur aan te dui deur 'n kruisie te trek in een van dié blokkies (op die spesiale antwoordvel) wat vir antwoord a), asook 'n kruisie in een van die blokkies wat vir antwoord b) bedoel was. (Sien Bylae II)

Daar is altesaam drie blokkies op die antwoordvel wat vir a) en drie wat vir b) bedoel was. Indien die toetsling die een antwoordalternatief vër verkies bo die ander, moes hy 'n kruisie trek in die boonste hokkie van sy betrokke antwoordkeuse, en 'n kruisie in die onderste hokkie van die ander alternatief. Indien hy die een alternatief heelhartig steun, maar ook gedeeltelik met die ander saamstem, moes hy 'n kruisie trek in die boonste hokkie van sy eerste, asook in die middelste hokkie van sy tweede keuse. Indien hy slegs gedeeltelik met die een alternatief saamstem en glad nie met die ander nie, moes hy 'n kruisie trek in die middelste hokkie

van sy eerste en in die onderste hokkie van sy tweede keuse. Toetslinge is gevra om alle vrae só te probeer beantwoord, maar indien hulle vrae teëkom waar 'n keuse onmoontlik lyk, moes hulle dan maar op die volgende manier kruisies trek in die ooreenstemmende blokkies van beide antwoorde a) en b) : in die boonste twee hokkies indien hulle albei antwoordalternatiewe heelhartig steun; in die middelste blokkies indien hulle albei antwoorde gedeeltelik steun; en in die onderste hokkies indien hulle geeneen van die antwoorde steun nie.

Die leerlinge se response is toe soos volg geïnterpreteer: 'n punt van 0 is toegeken aan elke respons aangeteken in die onderste hokkies, 'n punt van 1 vir elke respons aangeteken in die middelste hokkies, en 'n punt van 2 vir elke respons aangeteken in die boonste hokkies.

Op hierdie manier is die leerlinge dus in werklikheid gevra om elke moontlike antwoord op 'n drie-punt-skaal te beoordeel (op grond van Voortoets No. IV se uitslae is gevoel dat 'n vierpuntskaal se keuse te wyd is vir die gemiddelde skoolkind en dus onbetroubaarheid in die hand kan werk), maar terselfdertyd die twee afgepaarde antwoordalternatiewe teen mekaar op te weeg. In werklikheid het die toetsling dus ses alternatiewe antwoordkombinasies gehad en is hy nie

gedwing om enige antwoord teen sy sin te kies nie. Daar is gehoop dat hierdie metode groter betroubaarheid in die hand sou werk en terselfdertyd 'n beter aanduiding sou gee van sowel die rangorde (of relatiewe sterkte) as die intensiteit (of absolute sterkte) van 'n toetsling se waardes.

C: Toepassing van die Eksperimentele Toets :

Elke toetsling van die eksperimentele groep is toe voorsien van 'n kopie van die eksperimentele toets, sowel as van 'n aparte antwoordvel. (Sien Bylae II)

Verlof is ontvang van die Transvaalse Onderwysdepartement om dié toets tydens die eerste twee weke van die eerste skoolkwartaal van 1970 af te neem op 'n toetsgroep van 430 Matriekleerlinge van vier Afrikaanse hoërskole aan en om die Rand. Hierdie skole is gekies in oorleg met die R.G.N., en daar is gepoog om die monstergroep so verteenwoordigend van alle Transvaalse hoërskole te maak as wat prakties moontlik was, want skryfster kon, om praktiese redes, nie skole in die monstergroep insluit wat té ver van Johannesburg geleë was nie. (Die vier skole het dus een stedelike skool in 'n voorstad van Johannesburg, een semi-stedelike skool in 'n groot Oos-Randse dorp, en twee groot skole in naburige plattelandse dorpe ingesluit.

Die aflegging van die toets het gemiddeld $1\frac{1}{2}$ uur (vanaf $1\frac{1}{4}$ tot $1\frac{3}{4}$ uur) geduur vir elke toetsgroep. Die toetsinstruksies is hardop deur onderzoeker (of in gevalle waar 'n skoolgroep om praktiese redes in twee dele verdeel was, deur onderzoeker en die betrokke voorligtingsonderwyser) aan die leerlinge voorgelees terwyl hulle dit volg op die eerste twee bladsye van die toets „boekie“, en weer later kon raadpleeg ingeval hulle onseker was oor die beantwoording. Daarna is hulle gevra om met die beantwoording van die toets te begin. Enige vrae deur individuele leerlinge gestel is deur die toetsopnemer beantwoord. Sulke vrae het by al vier toetsgroepe voorgekom en het meestal gehandel oor die identiteit van sekere persone wie se name in die vrae of antwoorde voorgekom het (bv. Don Juan, Albert Einstein, Anton Rupert, ens.), die betekenis van sekere terme soos „ekonomie“, ens.. Daar was geen tydsbeperking nie, maar die leerlinge is vooraf ingelig oor hoe lank die toets min of meer sou duur, en hulle is gevra om die vrae binne die tydsbestek te probeer voltooi. Diegene wat langer geneem het, het egter ekstra tyd gekry.

Ter wille van motivering is die leerlinge vooraf vertel dat hulle hulp benodig word vir die opstel van 'n toets wat van nut mag wees in Beroepsvoorligting. Hulle is belowe dat hul eie uitslae, tesame

met 'n interpretasie daarvan, later in die jaar aan hul voorligtingsonderwyser gestuur en daarna aan hulle bekend gemaak sal word.

Nadat al vier groepe die toets afgelê het, is die toetslinge se response deur skryfster in numeriese terme (punte van 0 - 2) geïnterpreteer en op kodevorme (vir elektroniese verwerking) aangeteken. Aan die enkele vrae wat deur sommige leerlinge nie beantwoord is nie, is 'n punt van 1 (die gemiddelde) toegeken.

Ná vier weke is hierdie toets herafgeneem op een van die vier toetsgroepe ($N=80$), ten einde 'n aanduiding te kry van die betroubaarheid daarvan. Hierdie keer moes die toetslinge die toets tuis beantwoord. Hulle is gevra om die toets weer te beantwoord asof hulle dit nou vir die eerste keer doen; en nie bewustelik te probeer om weer dieselfde (of ander) response as die vorige keer te gee nie. Hierdie response is daarna ook deur skryfster geïnterpreteer en vir verdere berekeninge gebruik.

D: Statistiese berekeninge :

Die volgende statistiese berekeninge en werkinge is daarna (hoofsaaklik deur 'n elektroniese rekenaar) uitgevoer :

1. Ten einde individuele en groepsverskille in waardeprofile aan te toon, is die totale subtoets- (of waarde-) tellings vir elke leerling bereken (die routellings, sowel as in persentasievorm uitgedruk ter wille van makliker vergelyking), sowel as die gemiddeldes vir die groep as geheel, vir die seuns- en dogtersgroepe afsonderlik, en vir die A-baan seuns, die B-baan seuns, die A-baan meisies, en die B-baan meisies afsonderlik. 'n Verspreidingstabél in intervale van 10 is opgestel en verspreidingskurwes vir die resultate van die groep as geheel is getrek ter wille van makliker vergelyking met mekaar en met normale verspreidingstatistieke.
2. Die totale en gemiddelde aantal punte wat elke respons getrek het (dit wil sê responsanalise), ten einde vas te stel watter items té populêr of onpopulêr was. Hoewel 'n gemiddelde telling van 1 (uit 'n totaal van 2) ideaal sou wees (omdat dit gelyke populariteit van albei antwoordresponse veronderstel), is daar besluit dat dit om praktiese redes nodig sou wees om itemonderafdelings met 'n gemiddelde telling van tussen .5 en 1.5 in die finale toets in te sluit. Op dié manier kon minder en meer populêre itemonderafdelings wat dieselfde waarde verteenwoordig, mekaar uitkanselleer. 'n Berekening

van die geheelgroep se gemiddelde punt toegeken aan al die items is ook bereken om vas te ste of die algemene groepneiging wel is om die verwagte gemiddelde punt van 1 aan sulke items toe te ken.

3. n Berekening van item-subtoets korrelasie, ten einde interne konstantheid of geldigheid te toets. Dit is gedoen deur elke antwoord-respons (die punt tussen 0 en 2 daaraan toegeken) van elke toetsling te korreleer met a) sy totaalstelling op die subtoets wat deur daardie antwoordrespons verteenwoordig word; en b) sy totaalstelling op al die ander subtoetse wat nie deur daardie antwoord verteenwoordig word nie. Daar is gebruik gemaak van die Pearson produk-moment korrelasiemetode en die formule wat opgestel is vir gebruik deur 'n elektroniese rekenaar, lui soos volg (volgens onder andere Edwards (13)):

$$r = \frac{n \sum XY - (\sum X)(\sum Y)}{\sqrt{[n \sum X^2 - (\sum X)^2][n \sum Y^2 - (\sum Y)^2]}}$$

waar n = aantal lede en X en Y die punte vir elkeen van die twee veranderlikes wat vergeleek word.

Daar is verder bereken hoe hoog die verkreeë korrelasies moes wees om as beduidend (op die 1% en 5% -vlak) beskou te kon word voordat daar finaal besluit kon word watter items aanvaarbaar is vir die finale toets op grond van die betrokke antwoordresponse se hoë positiewe korrelasie met die totaalstelling van die sub-toets wat dit verteenwoordig in plaas van met dié van ander. Hierdie berekening lui soos volg :

Nulhipotese: Die ware korrelasie in die universon sal nul wees, en die afwykings vanaf 0 van die waargenome korrelasie kan aan bloot toevallige oorsake toegeskryf word -

$$\text{Uit die formule vir } t = \frac{r \sqrt{n-2}}{\sqrt{1-r^2}}$$

waar r = korrelasie koëffisiënte

n = aantal gevalle

t = 1.97 (5% vlak), 2.59 (1% vlak)

Kan die formule $r = \frac{t}{\sqrt{n-2+t^2}}$ herlei word.

Hiervolgens moet $r = .09479$ of minder vir die 5% en $r = .12430$ of minder vir die 1% sekerheidsvlak wees om die Nulhipotese te aanvaar.

Vir r groter as hierdie waardes moet die Nulhipotese dus verwerp word en moet ons aanneem dat daar wel 'n nie-toevallige verband

bestaan tussen die betrokke vraag-respons en die waarde wat getoets word. Daar is verder ook besluit wat die minimum verskil moet wees tussen die korrelasie-koëffisiënte van item-onderafdelings wat met meer as een waarde hoog of betreklik hoog⁺ positief korreleer, om nogtans seleksie van so 'n item te regverdig. Om praktiese redes is hierdie minimum verskil vasgestel op .04. (Aangesien die waardes nie absoluut onafhanklike entiteite is nie, kan sodanige oorvleueling in sommige gevalle dus wel verwag word en is daar gepoog om nie andersins goeie items om hierdie rede uit te skakel nie.)

E: Resultate :

1. Hier volg nou 'n tabel van die waardegemiddeldes van die eksperimentele groep as geheel, sowel as van die sub-groepe afsonderlik :

⁺(Vir die doeleindes van die toetsontleding is 'n korrelasie van tussen .12430 (die beduidendheidsgrens hierbo genoem) en .3 beskou as beduidend maar betreklik laag; van tussen .3 en .5 as gemiddeld of betreklik hoog; en van .5 of hoër as hoog.)

TABEL VII: 'n Vergelyking van die ses subgroepe en van die totale groep se gemiddeldes vir elk van die ses waardes.

<u>Groepe</u>	<u>Waarde-gemiddeldes</u>							<u>Totaal</u>
	(<u>N</u>)	(<u>E</u>)	(<u>H</u>)	(<u>Hu</u>)	(<u>K</u>)	(<u>O</u>)	(<u>U</u>)	
M A	119	64.77	50.87	75.12	66.56	57.15	61.43	62.64
M B	82	59.15	53.94	74.96	61.49	62.06	65.17	62.79
M	201	62.48	52.12	75.05	64.49	59.15	62.96	62.70
S A	167	44.46	52.76	65.47	69.45	61.85	64.77	59.79
S B	62	45.30	57.66	64.82	63.76	63.79	68.84	60.69
S	229	44.69	54.09	65.29	67.91	62.38	65.87	60.03
T	430	53.00	53.17	69.85	66.31	60.87	64.51	61.28

(M A = Meisies, A-baan M = Meisies (hele groep)
M B = Meisies, B-baan S = Seuns (hele groep)
S A = Seuns, A-baan T = Totale groep
S B = Seuns, B-baan .)

Die volgende verskille is dus gevind :
Meisies presteer baie⁺ hoër (17.79%) as seuns op die Estetiese waarde; en heelwat hoër (9.76%) op die Humanitêre waarde. Op grond van ander navorsers se toetsresultate is dit verwag, en so ook die volgende resultate waar die verskil egter heelwat kleiner is as wat verwag is: seuns presteer

(+n Presiese berekening van die beduidendheids-grense is nie gemaak nie, omdat dit buite die bestek van hierdie verhandeling val en dus onnodig tydrowend sou wees.)

effens hoër as meisies op die Kenteoretiese waarde (3.42%) en op die Outoritêre waarde (3.23%). Uit die totale punte blyk daar ook 'n geringe neiging van meisies om hoër punte aan antwoorde toe te ken as die seunsgroep (verskil = 2.67%).

Die volgende verskille (weliswaar gering) tussen A- en B-baan leerlinge is gevind: A- baan leerlinge presteer hoër op die Kenteoretiese waarde as hul B-baan maats (n verskil van 5.69% by seuns en 5.07% by meisies is gevind), en laer op die Hedonistiese (by seuns is 'n verskil van 4.90% en by meisies van 3.07% gevind) en die Utilitêre waardes (by seuns is 'n verskil van 4.07% en by meisies van 3.74% gevind). Ook presteer A-baan meisies hoër as hul B-baan maats op die Estetiese waarde (n verskil van 5.62% is gevind) en laer op die Outoritêre waarde (n verskil van 4.91% is gevind). Laasgenoemde twee bevindinge stem ooreen met dié van die voortoetse; so ook die A-baan meisies se hoër prestasie op die Kenteoretiese en hul laer prestasie op die Hedonistiese waardes (hoewel die verskil hier verreweg nie so groot is as in die Voortoetse nie). Die verwagte hoër prestasie van die B-baan leerlinge op die Utilitêre waarde wat nie uit die Voortoetsresultate geblyk het nie, is

egter wel hier sigbaar.⁺

'n Vergelyking van die totale groep se waarde-gemiddeldes toon dat slegs die Estetiese en Hedonistiese waardegemiddeldes as min of meer „normaal“ (naby 50%) beskou kan word; die res is almal hoër. Die Humanitêre waardegemiddelde is nog steeds die hoogste; daarna (in volgorde) die Kenteoretiese, die Utilitêre en die Outoritêre. Dit mag te wyte wees aan interne swakheid van die toets self (moontlik te wyte aan vooroordeel aan die kant van die opsteller wat té hoë of te lae populariteitslading van sekere waarde-items tot gevolg mag hê), en/of 'n inherente kenmerk van dié besondere bevolking weerspieel. Moontlik sou 'n latere vergelyking van hierdie waardegemiddeldes met dié van die gesuiwerde toets lig werp op hierdie verskynsel.

'n Tabél wat die verspreiding vir elke waarde oor intervalle van 10% elk aantoon, sien as volg daaruit:

⁺Origens moet in gedagte gehou word dat die A-baan groepe in albei gevalle heelwat groter was as die B-baan groepe en dat die verkreeë verskille moontlik groter sou gewees het indien die groepe ewe groot was.

TABEL VIII : Die verspreiding van die totale groep
se gemiddeldes vir elke waarde oor intervalle van
10% elk.

	<u>(Intervalle)</u>									
	<u>0-9%</u>	<u>10-19%</u>	<u>20-29%</u>	<u>30-39%</u>	<u>40-49%</u>	<u>50-59%</u>	<u>60-69%</u>	<u>70-79%</u>	<u>80-89%</u>	<u>90-99%</u>
(Waarde)	(N)									
E: 1	23	32	56	64	89	77	56	31	1	
H: 1	8	22	61	81	102	91	42	22	0	
Hu: 0	1	1	3	23	57	110	139	82	14	
K: 0	1	2	15	46	64	110	112	68	12	
O: 0	2	4	17	52	119	117	95	24	0	
U: 0	0	3	5	45	90	132	128	26	1	
Tot.: 0	6	11	26	52	87	106	95	42	5	

Wanneer Tabel VIII en die verspreidingskurwes in Bylae V met die Normale Verspreidingstabél en -kurwe vergelyk word, is dit duidelik dat hierdie verspreidings almal heelwat afwyk van die normale; die naaste daaraan is dié van die Estetiese en Hedonistiese waardes. Feitlik almal se verspreidingskurwes is positief skeef. Tydens standaardisering van die finale toets sal dit dus nodig wees om die toetspunte te normaliseer.

2. n Lys van die gemiddelde aantal punte wat elke antwoordrespons getrek het, word aangeheg

in Bylae III. (Vir die doel van rekenaarverwerking is die antwoordresponse gehernommer: 1a, 1b, 2a, 2b, ens. is nou onderskeidelik 1, 2, 3, 4, ens. - dus 390 antwoordresponse altesaam.) Die gemiddelde punt toegeken deur die proefgroep aan elke item was + 1.23 (1.2256) - dus hoër as die verwagte 1. Hierdie is 'n faktor wat later in gedagte gehou moes word by itemkeuring.

3. In Bylae IV volg 'n lys van die verkreeë korrelasies tussen elke item - onderafdeling en al ses waardes (of waardetoetstotale). Die gemiddelde korrelasies van al die items wat elke waarde verteenwoordig (dit wil sê van elke waardetoets) was die volgende:

TABEL IX: 'n Vergelyking van die ses gemiddelde item - subtoets korrelasie - koëffisiënte (interne geldigheidsyfers van die ses subtoetse en van die toets as geheel).

	<u>E</u>	<u>K</u>	<u>Mu</u>	<u>K</u>	<u>O</u>	<u>U</u>	<u>Tot.</u>
r =	.4857	.4210	.3572	.3845	.3403	.3202	.3848

Aangesien al hierdie verkreeë korrelasies taamlik ver bokant die minimum vereiste van .12430 (die 1% beduidendheidsvlak) vir beduidendheid is, is dit dus duidelik dat die eksperimentele toets wel 'n

teamlake mate van interne geldigheid besit en dat dit dus wel geregverdigd is om al die waardes in die toets in te sluit. Daar was enkele items wat egter hoër gekorreleer het met ander waardes as dié van die sub-toets waaraan hulle behoort het, en daar was ook n hele paar items wat hoog of betreklik hoog gekorreleer het met hul eie sub-toets sowel as met ander waarde-subtoetse. Hierdie faktore is in gedagte gehou by die keuring van items.

A: Itemkeuring en -seleksie :

Op hierdie stadium van die ondersoek is die korrelasie koëffisiënte van die 65 itemonderafdelings wat elke waarde verteenwoordig, nagegaan, en slegs dié items goedgekeur wat aan die minimum vereistes (dit wil sê aanvaarding op die 1% beduidendheidsvlak en 'n korrelasie met die betrokke waarde wat minstens .04 hoër is as met enige ander waarde.) beantwoord het. Die resultate van itemkeuring op hierdie stadium was soos volg:

TABEL X : 'n Vergelyking van die aantal gekeurde itemonderafdelings vir elke waarde :

<u>Waardes</u>	<u>E</u>	<u>H</u>	<u>Hu</u>	<u>K</u>	<u>O</u>	<u>U</u>	<u>Tot.</u>
A :	57	63	38	46	45	42	291
B :	2	0	1	0	1	2	6

(A = Aantal item (-onderafdelings) gekeur vir die spesifieke waarde wat dit in die toets verteenwoordig het.

B = Aantal item -onderafdelings gekeur vir 'n ander waarde as die een wat dit in die toets verteenwoordig het.)

Daarna is 'n lys gemaak van al die item-
 onderafdelings wat buite die populariteits-
 grens van .5 - 1.5 (benaderd) val. Met die
 snypunt as 1.5555 het 57 itemonderafdelings
 só uitgeval (almal was te populêr), maar aangesien
 daar 'n paar itemonderafdelings onder hierdie 57
 was met hoër interne geldigheidsyfers wat net-net
 op populariteitsgronde uitgeval het, is in aan-
 merking geneem dat die gemiddelde populariteits-
 punt in werklikheid bokant 1 was, en gevolglik
 is in die geval van sulke itemonderafdelings 'n
 speling toegelaat en die grens effens verder ge-
 skuif tot 1.599.

Daar is toe 'n lys gemaak van al die items
 wat in hul geheel aangeneem kon word (dit wil
 sê waar beide die a)- en die b)-dele aan die ver-
 eistes vir keuring beantwoord het. Hulle was :

Lys van items waarvan beide die a)- en die b)-dele
aan al die vereistes vir keuring beantwoord het :

Items : 1, 2, 6, 9, 10, 12, 16, 17, 18, 23, 25, 27,
 36, 37, 40, 41, 42, 43, 45, 46, 47, 48, 49, 50, 51,
 52, 54, 55, 57, 58, 59, 61, 62, 63, 64, 65, 67, 68,
 69, 70, 72, 74, 75, 81, 83, 85, 86, 88, 92, 93, 94,
 96, 97, 99, 100, 101, 102, 103, 104, 105, 107, 108,
 110, 112, 113, 114, 115, 116, 118, 119, 121, 123,

126, 127, 129, 130, 131, 132, 133, 134, 135, 139,
140, 141, 143, 145, 146, 147, 148, 150, 152, 156,
159, 162, 163, 164, 165, 168, 169, 170, 171, 173,
176, 178, 179, 180, 181, 183, 184, 187, 189, 190 -
dit wil sê altesaam 112 uit die 195 vrae.

'n Hele aantal vrae het gedeeltelik (dit wil sê óf die a)- óf die b)-antwoorddele) aan die keuringsvereistes beantwoord, en hierdie itemonderafdelings is later oorweeg vir hergroepering.

Op grond van bogenoemde resultate wat daarop dui dat sekere waardes en waardekombinasies heelwat meer gekeurde items oorgehou het as ander, is daar besluit om 'n gulde middeweg te volg en die nuwe gekeurde toets uit 120 vrae (dit wil sê 240 itemonderafdelings) te laat bestaan. Elk van die ses waardes sou dus deur 40 itemonderafdelings verteenwoordig word en die 15 waardekombinasies deur 3 items elk.

In gevalle waar sekere waardekombinasies meer as agt gekeurde items oorgehad het om hulle te verteenwoordig, is dié items met die hoogste gesamentlike interne geldigheidsyfers - dit wil sê die korrelasie koëffisiënte van die a)- en b)-dele bymekaargetel - gekies. In gevalle waar sommige waardekombinasies weer te min items

oorgehad het wat hulle kon verteenwoordig, moes nuwe vrae opgestel word wat bestaan het uit herkombinasies van gekeurde itemonderafdelings wat nog nie vir die nuwe toets gekies is nie. Die lys waaruit hierdie items gekies is, is die volgende : (dit bestaan uit die gedeeltelik gekeurde items, asook dié wat later afgekeur is omdat daar te veel gekeurde vrae was om sekere waardekombinasies te verteenwoordig):

Lys van gedeeltelik gekeurde en voorlopig afgekeurde items.

Itemonderafdelings : 3b, 4a, 5b, 8b, 14a, 15b, 19b, 20a, 21b, 24b, 26b, 28b, 29a, 30b, 32a, 34a, 35a, 38b, 39b, 44a, 53b, 60b, 66b, 77b, 78a, 79a, 80a, 84b, 87a, 95a, 109a, 111a, 120b, 122b, 124a, 128a, 136b, 138b, 151a, 157a, 160b, 166a, 167a, 174b, 177b, 182b, 185b, 186a, 191a, 192a, 194a, 106a, 106b, 90a, 90b, 195a, 195b, 142a, 142b, 153a, 153b, 98a, 98b, 154a, 154b, 73a, 73b, 158a, 158b, 22a, 22b, 56a, 56b, 71a, 71b, 114a, 114b, 33a, 33b, 170a, 170b - dit wil sê 81 itemonderafdelings.

Daar is gepoog om die nuwe vrae só op te stel dat die oorspronklike emosionele ladingswaarde

(soos blyk uit die populariteit- en geldigheidsyfers)
daarvan behoue sou bly. Die volgende 10 nuwe vrae
en itemkombinasies is dan op dié manier opgestel :

B: Nuwe Toetsitems :

1. Item 160b, gekombineer met 191a, lui nou soos
volg :

As jy tussen die volgende twee dinge in die
lewe moet kies, wat sal jou keuse wees ?

- a) Wysheid (Waarde K).
- b) Vriendskap (Waarde Hu).

2. Item 95a, gekombineer met 135b, lui nou soos
volg:

Watter eienskap sou jy verkies in 'n lewens-
maat ?

- a) Spaarsaamheid (Waarde U).
- b) Liggaamlike aantreklikheid (Waarde H).

3. Item 114a, gekombineer met 170b, lui nou soos
volg :

Watter faktor is by jou 'n belangriker oor-
weging by die keuse van 'n beroep ?

- a) Sekuriteit (Waarde U).
- b) Aangename werksomstandighede en werk wat
nie té veel van 'n mens vereis nie (Waarde H).

4. Item 8b, gekombineer met 22b, lui nou soos volg :

As 'n persoon talent het in albei rigtings, sal jy hom/haar aanraai om liewer 'n kursus te volg in :

- a) Handel (Waarde U).
- b) Sport en liggaamlike opvoeding (Waarde H).

5. Item 33b, gekombineer met 56b, lui nou soos volg :

Wat sal jy liewer in jou vrye tyd wil doen ?

- a) Diens doen as 'n polisie-reservis (Waarde 0).
- b) Tuinmaak (Waarde U).

6. Item 106a, gekombineer met 98a, lui nou soos volg :

Wie dink jy het die grootste sukses van sy lewe gemaak ?

- a) Die beroemde generaal, Napoleon Bonaparte (Waarde 0).
- b) Alexander Graham Bell, die uitvinder van die telefoon (Waarde U).

7. Item 182b, gekombineer met 44a, lui nou soos volg :

Wie, dink jy, doen die waardevolste werk ?

- a) 'n Landdros (Waarde 0).
- b) 'n Wiskunde-onderwyser (Waarde K).

8. Item 153a, gekombineer met 114b, lui nou soos volg :

Wat is jou grootste strewe :

- a) Om op akademiese en/of wetenskaplike gebied te presteer (Waarde K).
- b) Om 'n betrekking te beklee wat agting by ander afdwing en met goeie vooruitsigte op bevordering (Waarde 0).

9. Item 53b, gekombineer met 157a, lui nou soos volg :

Waarom, dink jy, is dit veral belangrik om 'n vreemde taal aan te leer ?

- a) Sodat jy kan kennis maak met groot letterkundige werke wat in daardie taal geskryf is (Waarde E).
- b) Sodat jy die belangrikste wetenskaplike werke wat in daardie taal geskryf is, kan lees en verstaan (Waarde K).

10. Item 170a, gekombineer met 111a, lui nou soos volg :

Watter geleentheid sou jy verkies om te hê ?

- a) Die geleentheid om so veel as moontlik kennis te verkry (Waarde K).

- b) Die geleentheid om uiting te kan gee
aan jou skeppings- en kunstatent (Waarde E).

Die nuwe lys gekeurde items vir die finale
toets sien dus soos volg daar uit : (Elke af-
sonderlike waardetoets bevat nou 40 itemonderaf-
delings of „vrae“, dit wil sê daar is 120 alte-
saam).

C: Finale Toetsitems :

1. Die Estetiese Waarde :

2b ([†]); 9a(17); 23a(45); 40b(80); 43a(85);
45a(89); 47b(94); 50a(99); 57b(114); 58a(115);
63a(125); 67a(133); 69a(137); 72b(144); 81a(161);
86a(171); 88a(175); 93a(185); 101a(201); 104b(208);
113b(226); 115a(229); 121b(242); 127a(253);
130a(259); 135a(269); 140b(280); 143a(285);
145a(289); 147b(294); 157a(313); 162a(323);
165b(130); 168a(335); 170a(339); 171b(342);
173b(356); 181b(362); 184a(367); 187b(374).

[†]Die nommer tussen hakies is die item-
onderafdelings, soos gehernommer vir rekenaar-
verwerking.

2. Die Hedonistische Waarde :

6b(12); 9b(13); 10a(19); 22b(44); 25b(50);
42b(84); 43b(86); 46b(97); 48a(95); 52a(103);
58b(116); 59a(117); 65a(129); 75b(150); 83a(165);
92b(184); 99b(198); 100a(199); 101b(202);
102b(204); 103b(206); 114a(227); 115b(230);
116a(231); 119b(238); 123b(246); 130b(260);
133b(266); 134b(268); 145b(290); 156b(312);
159b(318); 164b(328); 171a(341); 176a(351);
180a(359); 183b(366); 185b(370); 189b(378);
190b(380).

3. Die Humanitaire Waarde :

1b(2); 2a(3); 16b(32); 17b(34); 18a(35);
36a(71); 37b(74); 49a(97); 50b(100); 51a(101);
52b(104); 55a(109); 61b(122); 62b(124);
63b(126); 64a(127); 65b(130); 81b(162);
83b(166); 94a(187); 102a(203); 105a(209);
108b(216); 113b(236); 119a(237); 121a(241);
131a(261); 132b(264); 133a(265); 139b(278);
146b(292); 147a(293); 148a(295); 160b(320);
162b(324); 163a(325); 164a(327); 173b(346);
176b(352); 187a(373).

4. Die Kenteoretische Waarde :

1a(1); 6a(11); 12b(24); 16a(31); 25a(49);
36b(72); 44a(87); 45b(90); 46a(91); 53b(106);

54b(108); 59b(118); 61a(121); 67b(134);
68a(135); 74b(148); 75a(149); 85a(169);
92a(183); 94b(188); 96b(192); 97b(194);
103a(205); 108a(215); 110a(219); 111a(221);
112a(223); 126b(252); 127b(254); 139a(277);
140a(279); 141b(282); 150b(300); 152b(304);
153a(305); 165a(329); 178a(355); 179a(357);
180b(360); 191a(381).

5. Die Outoritêre Waarde :

12a(23); 17a(33); 27a(53); 40a(79); 41b(82);
42a(83); 47a(93); 49b(98); 55b(110); 56b(112);
62a(123); 69b(138); 70a(139); 74a(147); 86b(172);
96a(191); 98a(195); 99a(197); 100b(200);
105b(210); 107b(214); 110b(220); 113a(225);
114b(228); 123a(245); 126a(251); 129a(257);
131b(262); 134a(267); 143b(286); 146a(291);
150a(299); 156a(311); 168b(336); 169a(337);
173a(345); 181a(361); 182b(364); 183a(365);
189a(377).

6. Die Utilitêre Waarde :

8b(16); 10b(20); 18b(36); 23b(46); 27b(54);
33b(66); 37a(73); 41a(81); 48b(96); 51b(102);
54a(107); 57a(113); 64b(128); 68b(136);
70b(140); 72a(143); 85b(170); 88b(176);
93b(186); 95a(189); 97a(193); 104a(207);

106a(211); 107a(213); 112b(224); 116b(232);
 118a(235); 129b(258); 132a(263); 135b(270);
 141a(281); 148b(296); 152a(303); 159a(317);
 163b(326); 169b(338); 170b(340); 179(358);
 184b(368); 190a(379).

(Sien Bylae IX vir 'n volledige weergawe van
 die finale toets).

Waardekombinasies van die finale toets

Die nuwe lys van gekeurde waardekombinasies
 sien soos volg daar uit :

<u>Waarde- Kombinasies</u>	<u>Items</u>
Hu + K :	1a+b; 16a+b; 36a+b; 61a+b; 94a+b; 160b+191a.
Hu + O :	17a+b; 49a+b; 55a+b; 62a+b; 105a+b; 131a+b; 146a+b; 173a+b.
Hu + E :	2a+b; 50a+b; 63a+b; 81a+b; 121a+b; 147a+b; 162a+b; 187a+b.
Hu + U :	13a+b; 37a+b; 51a+b; 64a+b; 118a+b; 132a+b; 148a+b; 163a+b.
Hu + K :	52a+b; 65a+b; 83a+b; 102a+b; 119a+b; 133a+b; 164a+b; 176a+b.
K + O :	12a+b; 74a+b; 96a+b; 110a+b; 126a+b; 150a+b; 153a+114b; 182b+44a.
K + E :	45a+b; 67a+b; 127a+b; 140a+b; 165a+b; 178a+b; 53b+157a; 170a+111a.
K + U :	54a+b; 68a+b; 85a+b; 97a+b; 112a+b; 141a+b; 152a+b; 179a+b.

K + H : 6a+b; 25a+b; 46a+b; 59a+b; 75a+b; 92a+b; 103a+b;
180a+b.

O + E : 40a+b; 47a+b; 69a+b; 86a+b; 113a+b; 143a+b;
168a+b; 181a+b.

O + U : 27a+b; 41a+b; 70a+b; 107a+b; 129a+b; 169a+b;
33b+56b; 106a+98a.

O + H : 42a+b; 99a+b; 100a+b; 123a+b; 134a+b; 156a+b;
183a+b; 189a+b.

E + U : 23a+b; 57a+b; 72a+b; 88a+b; 93a+b; 104a+b;
135a+b; 184a+b.

E + H : 9a+b; 43a+b; 58a+b; 101a+b; 115a+b; 130a+b;
145a+b; 171a+b.

U + H : 10a+b; 48a+b; 116a+b; 159a+b; 190a+b; 8b+22b;
95a+185b; 114a+170b.

D: Wysigings in bewoording van items.

Daar is verder besluit om die bewoording van sommige items effens te verander, ten einde hulle meer geldig (minder dubbelsinnig) te maak. So bv. is dit duidelik uit die resultate dat die term „skeppingstalente” (in Vraag 36) deur die meeste toetslinge geïnterpreteer is as „verstandelike” talente of iets dergeliks; vandaar die hoër korrelasie met die Kenteoretiese waarde; daarom is dié itemafdeling nou by die Kenteoretiese Waarde gevoeg en die term „skeppingstalente” dan ook verander na „verstandelike talente”. Uit die resultate van Vraag 55 is dit duidelik dat

persone wat besonder Humanitêr georiënteerd is, enige alternatiewe lesing sal verkies (solank dit van algemene belang is) by 'n politieke vergadering; dus is die meer Utilitêre alternatief van „tuinmaak of kosvoorbereiding" vervang met iets wat meer beslissend Humanitêr van aard is, naamlik „die werk van die Rooikruis". Hierdie wysiging behoort die geldigheid van dié item heelwat te verhoog, aangesien 'n ander itemonderafdeling^(162b) wat Rooikruiswerk as alternatief teenoor 'n ander bedrywigheid stel 'n hoër korrelasie getoon het met die Humanitêre waarde. Ander items waaraan geringe wysigings ter wille van helderheid aangebring is, is die volgende :

Vraag 25: Wie sou jy liever persoonlik wou ontmoet ?

- a) Prof. Arthur Bleksley (die wetenskaplike).
- b) Jannie Engelbrecht (die Springbokrugbyspeler).

Vraag 43: Van wie sal jy liever 'n sangplaat wil hê ?

- a) Mario Lanza (of 'n ander opera-sanger).
- b) Die „Rolling Stones" (of 'n ander „pop"-groep).

Vraag 46: Watter paartjie bewonder jy die meeste ?

- a) Pierre en Marie Curie (beroemde wetenskaplikes).
- b) Richard Burton en Elizabeth Taylor (beroemde filmsterre).

Vraag 58: As jy vir die volgende twee betrekkinge dieselfde salaris kan kry en aanleg gehad het, wat sou jou keuse wees ?

- a) 'n Toneelskrywer/-skryfster of toneelspeler/-speelster.
- b) 'n Filmster.

Vraag 99b: Harry Oppenheimer (die S.A. miljoenêr).

Vraag 159: Wie dink jy het meer vir S.A. beteken ?

- a) Anton Rupert (die groot nyweraar).
- b) Danie Craven (die groot sportman).

Vraag 165: Wat sou jy as die grootste eer beskou ?

- a) Om een van die eerste plekke in die landswye Wiskunde-olimpiade te behaal.
- b) Om die hoofrol te kry in 'n groot toneelopvoering wat jou skool gaan aanpak.

E. Berekeninge uitgevoer met die finale toets, en die resultate daarvan.

- (1) Geldigheid: Aangesien ongeldige en minder geldige items nou uitgeskakel is, is gepoog om vas te stel in hoeverre die nuwe verkorte en gekeurde toets hoër geldigheid besit as die eksperimentele toets. Nuwe korrelasie koëffisiënte is dus uitgewerk deur a) die toetslinge se nuwe waardetotale (bestaande uit die totale van die punte deur hulle behaal vir slegs die gekeurde itemonderafdeling) te bereken en daarna hul punte toegeken aan elke itemonderafdeling te korreleer met hul totale vir al ses waarde-toetse. Daarna is die gemiddelde korrelasie koëffisiënte van die items in elk van die ses subtoetse bereken om vas te stel wat die interne geldigheidsyfer van elke toets is. Daar is ook bereken in watter mate elke groep items met die ander vyf waardes korreleer. Die resultate hiervan blyk uit die volgende tabél;

TABEL XI: Gemiddelde subtoets -en inter-
toets korrelasies (van die finale toets).


Waardes	E	Hu	K	O	U	H
E	.55	.18	.07	.03	-.04	.00
Hu	.22	.44	.12	.07	.02	-.06
K	.09	.12	.46	.10	.05	-.06
O	.04	.08	.11	.41	.15	.10
U	-.06	.02	.06	.16	.38	.18
H	.00	-.06	-.06	.09	.15	.45

Hieruit blyk dit dus dat al die gemiddelde korrelasie koëffisiënte van die items in elk van die (sien Tabel IX) ses toetse n bietjie hoër is as voorheen.

Die gemiddelde interne geldigheidsyfer is nou $\pm .45$ (wat taamlik goed vergelyk met dié van ander soortgelyke toetse). Vyf van die toetse se interne geldigheidsyfers kan dus, volgens ons vroeëre definisie, as „betreklik hoog" beskou word, en een (die Estetiese) as „hoog". Die Utilitêre is die enigste wat minder as .4 is en is dan ook die laagste. Daar is geen beduidende negatiewe korrelasies tussen die toetse nie, en in n hele paar gevalle is daar ook geen beduidende positiewe verband gevind nie. Die volgende beduidende positiewe toetskorrelasies is gevind: tussen die Estetiese en Humanitêre ($\pm .20$); tussen die Utilitêre en Hedonistiese ($\pm .17$); tussen die Utilitêre en Outoritêre ($\pm .15$); tussen die Humanitêre en Kenteoretiese ($\pm .12$); en tussen die Kenteoretiese en Outoritêre (.11). Op grond van die vorige resultate van

skryfster en van ander navorsers is al drie die positiewe korrelasies verwag, met die moontlike uitsondering van die korrelasie tussen die Humanitêre en Kenteoretiese.

Die volgende voorstelling mag help om 'n duideliker begrip te gee van die beduidende intertoets-korrelasies :



(Die korrelasie van $.08$ tussen Est. en Kent. word aangegee omdat dit net-net nie beduidend is nie.) Hierdie voorstelling toon dan ook duidelik dat die waardes hulself, soos verwag, (sien p.144) in twee duidelike groepe rangskik: aan die een kant die drie meer „verhewe”, idealistiese waardes, naamlik die

Humanitêre, Estetiese en Kenteoretiese; en aan die ander kant die meer „aardse”, materialistiese waardes, naamlik die Outoritêre, Hedonistiese en Utilitêre. Eersgenoemde drie waardes dui op ’n oriëntasie op iets (abstraks) buite die self - naamlik liefde, skoonheid en kennis; en laasgenoemde drie is meer self-gerig (’n strewe na mag, sekuriteit en genot).

- (ii) Waarde-gemiddeldes en -verspreiding. ’n Tabel van die gemiddelde punte behaal deur die totale groep sowel as die subgroepe op die ses waardes, sien soos volg daar uit:

TABEL XII: ’n Vergelyking van die ses subgroepe en van die totale groep se Finale Toets-gemiddeldes vir elk van die ses waardes.

<u>Groepe</u>	<u>Waardegemiddeldes</u>						
	(E)	(H)	(Hu)	(K)	(O)	(U)	(Tot./Gem)
MA	66.43	49.94	72.69	61.60	54.14	56.48	60.21
ME	59.94	54.11	73.82	55.40	59.62	62.44	60.88
M	63.78	51.64	73.15	59.07	56.37	58.91	60.94
SA	41.69	53.04	59.16	66.18	60.73	64.17	57.49
SB	41.88	60.11	59.88	58.78	62.65	70.27	58.92
S	41.74	54.95	59.35	64.17	61.24	65.82	57.88
Tot.	52.05	53.41	65.80	61.79	58.97	62.59	59.10

In alle gevalle (behalwe die Hedonistiese waarde) is die gemiddeldes van die totale groep nou effens laer, dit wil sê nader aan normaal. Normalisering sal egter nog altyd noodsaaklik wees tydens standaardisering. Die populariteitsrangorde van die ses waardes is nog dieselfde.

Verskille tussen subgroepe kom in alle gevalle nou duideliker uit as voorheen:

Meisies presteer nou 22.04% hoër as seuns op die Estetiese en 13.80% hoër op die Humanitêre waardes. Seuns presteer 5.10% hoër as meisies op die Kenteoretiese en 4.37% hoër op die Outoritêre waardes. Meisies toon nog steeds 'n geringe neiging (nou effens hoër, naamlik 3.06%) om hoër punte aan vrae toe te ken as seuns. A-baan seuns presteer nou 7.40% op die Kenteoretiese waarde en meisies 6.20% hoër op hierdie waarde as hul B-baan-maats.

A-baan seuns presteer 7.07% laer en A-baan meisies 4.17% laer as hul B-baanmaats op die Hedonistiese Waarde. A-baan seuns presteer nou ook 6.10% laer en A-baan meisies 5.96% laer as hul B-baan maats op die Utilitêre waarde. A-baan meisies presteer weer 6.49% hoër as hul B-baan maats op die Estetiese en 5.48% laer op die Outoritêre Waarde. Al, of sommige, van

hierdie vertree verskille tussen subgroepe kan moontlik beskou word as 'n heenwysiging op waarskynlike eksterne geldigheid van die toets.

'n Tabel om die verspreiding vir elke waarde oor intervalle van 10% elk aan te toon, sien nou as volg daaruit:

TABEL XIII: Die verspreiding van die totale groep se Finale Toets-gemiddeldes vir elke waarde oor intervalle van 10% elk.

<u>(Waardes)</u>	<u>(Intervalle)</u>									
	<u>(0-9)</u>	<u>(10-19)</u>	<u>(20-29)</u>	<u>(30-39)</u>	<u>(40-49)</u>	<u>(50-59)</u>	<u>(60-69)</u>	<u>(70-79)</u>	<u>(80-89)</u>	<u>(90-99)</u>
	<u>(N)</u>									
E	3	32	39	39	63	67	73	52	33	14
H	1	10	20	31	66	73	91	53	26	4
Hu	0	1	9	21	33	70	101	92	76	22
K	0	3	13	26	60	71	105	73	58	16
O	0	7	4	32	73	100	94	81	34	5
U	0	2	3	22	56	81	114	105	42	5

In vergelyking met die verspreiding van die eksperimentele groepwaardes is hierdie verspreiding effens meer normaal (net soos die nuwe waarde-gemiddeldes.) Vir 'n grafiese vergelyking van die twee toetse se waardeverspreidings, sien Bylae V.

(iii) Betroubaarheid: Wat die berekening van betroubaarheid betref, is die volgende gedoen: Oorspronklik is die eksperimentele toets na 'n tydperk van vier weke weer op die eerste skoolgroep afgeneem. Tagtig toetslinge het die toets dus twee maal afgelê. Hul tweede response is aangeteken en verwerk net soos die voriges - dit wil sê, leerling-totaal- en groepgemiddelde tellings is verkry vir elke waarde en die verspreidings is uitgewerk. Die verkreë groepgemiddeldes van die twee toetstoepassings was die volgende:

TABEL XIV: 'n Vergelyking van die waarde-
gemiddeldes van een skoolgroep (N:80) soos
getoets tydens twee toepassings van die
eksperimentele toets.

<u>Toepassing</u>	<u>Waardes</u>						Tot.
	E	H	Hu	K	O	U	
1	51.96	56.14	66.84	66.27	57.15	64.64	60.49
2	55.18	55.60	67.30	67.90	58.91	66.63	61.91

(Vir 'n vollediger uiteensetting van die resultate - t.w. 'n grafiese voorstelling - sien Bylae VI.) Uit hierdie resultate het dit dus gelyk asof die toets - selfs in sy oorspronklike eksperimentele vorm - 'n

taamlike mate van betroubaarheid besit. Gevolglik is besluit om korrelasies uit te werk tussen die twee toepassings van slegs die gekeurde items, ten einde 'n meer presiese aanduiding te gee van die betroubaarheid van die toets in sy gesuiwerde vorm. Nuwe waardegemiddeldes en groepgemiddeldes vir die tweede stel resultate van hierdie groep is dus uitgewerk, en daarna is die twee stelle punte van hierdie groep met mekaar gekorreleer (sien Bylae VII).

Die resultate was baie bemoedigend, en blyk duidelik uit die volgende tabel:

TABEL XV: 'n Vergelyking van die gemiddelde korrelasiekoëffisiënte van die twee stelle (Finale Toets-)punte van 'n groep (N=80) wat hertoets is.

	<u>(Waardes)</u>						
	<u>Est.</u>	<u>Hed.</u>	<u>Hum.</u>	<u>Kent.</u>	<u>Out.</u>	<u>Util.</u>	<u>Gem.</u>
(r)	.3475	.8118	.8752	.8336	.7795	.8075	.8259

In vergelyking met ander soortgelyke toetse, is die betroubaarheidsyfer van hierdie toets dus besonder hoog. (Volgens die tabel van

beduidendheidswaardes vir die produk-moment
kf . (r), word n r. van .365 (of hoër) vir 'n
groep van 30 as beduidend beskou. Volgens
(115)
Mc. Nemar , daarenteen, behoort die betrou-
baarheidskoëffisiënt van n toets minstens
.50 te wees.)

Daar moet egter in gedagte gehou word dat hier-
die betroubaarheidsyfer (net soos die vroeër
berekende geldigheidsyfer) slegs 'n skatting
kan wees, aangesien die toets in sy gesuiwerde
vorm nog nie as sulks toegepas is nie en die
korter lengte van die toets dus die betrou-
baarheidsyfer mag beïnvloed (hoewel waarskynlik
positief, omdat toetslinge nie so gou sal moeg
word en so maklik belangstelling sal verloor
nie). Ook is daar tien nuwe itemkombinasies,
asook enkele effens gewysigde items, in die
gesuiwerde toets waarvan die geldigheid- en
populariteitsyfer waarskynlik nie heeltemal
dieselfde as voorheen sal wees nie (hoewel
daar nie verwag word dat dit radikaal sal ver-
skil van die vorige nie). Meer presiese be-
rekeninge van die geldigheid en betroubaarheid
van die gesuiwerde toets sal dus tydens
standaardisasie nodig wees.

Hoofstuk VIII:

SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN SLOT

A: Samevatting:

Soos voorheen uiteengesit, is gepoog om, aan die hand van ander bestaande waardetorieë, toetse en empiriese bevindings wat daaruit gespruit het, 'n nuwe waardetipologie op te stel. Ses waardes is voorgestel, naamlik die Estetiese, die Hedonistiese, die Humanitêre, die Kenteoretiese, die Outoritêre en die Utilitêre waardes. 'n Toets is ook opgestel wat die ses voorgestelde waardes in die populasie van Matriekleerlinge moes toets. Die items van hierdie toets was óf oorspronklike skeppings, of wysigings van items wat in ander soortgelyke toetse voorkom. Sommige van hierdie items is eers aan 'n klein proefgroepie van 43 Matriekleerlinge gegee om af te lê in die vorm van vier voortoetse waarvan Toets I bestaan het uit vrae met twee-keuse antwoorde; Toets II uit vrae met drie-keuse antwoorde; Toets III uit vrae met ses-keuse antwoorde; en Toets IV uit enkele stellinge waaraan die leerlinge 'n punt van 0 tot 4 moes toeken om aan te dui in watter mate hul daarmee saamstem. (In Toetse I - III moes die toetslinge die rangorde van hul antwoordvoorkeure aandui.)

Frekwensie-ontleding van die toetslinge se antwoord-response is gedoen, asook 'n ruwe itemontleding om aan te dui watter items waarskynlik geldigheid en min of meer gemiddelde populariteit besit. Daarna is die eksperimentele toets opgestel uit hierdie gekeurde, sowel as sommige gewysigde en sommige heeltemal nuwe items. Dit het bestaan uit 195 vrae met twee-keuse antwoorde. Toetslinge is egter nie gedwing om een van die twee te kies nie, maar is gevra om hul voorkeur (of gebrek daaraan) aan te dui, sowel as hoe sterk hulle oor die saak voel. Op dié manier is gepoog om die relatiewe sowel as die absolute sterkte van 'n persoon se waardes te meet. Die toets is in Januarie 1970 afgeneem op 'n groep van 430 .[†]

Ontleding van die resultate het getoon dat al ses die waardes wel relatief onafhanklike sielkundige entiteite is wat gemeet kan word. Almal is weliswaar nie ewe populêr onder die bevolking as geheel en onder sekere subgroepe in die besonder nie, gevolglik sal normalisering later nodig wees tydens standaardisasie. Verskille tussen sub-groepe was dié wat min of meer verwag is op grond van die resultate van ander soortgelyke toetse. Nadat items wat té populêr was, en dié wat nie beduidend met een van die waardes gekorreleer

([†]bestaande uit 229 seuns en 201 dogters (Matriekleerlinge.)

het nie, uitgeskakel is, was daar nog 112 oor wat in hul geheel gebruik kon word. Sommige van die gekeurde items se bewoording is effens verander ter wille van verhoogde geldigheid en betroubaarheid. Sommige gekeurde items moes ook uitgeskakel word ten einde 'n gelyke aantal itemonderafdelings te kry wat elke waarde moes verteenwoordig. Tien nuwe items is opgestel deur itemonderafdelings wat wel gekeur maar later weer uitgeskakel is, te herkombineer. Uiteindelik is 'n finale toets só opgestel wat bestaan het uit 120 items; elke waarde is 40 keer in die itemonderafdelings, en elk van die 15 waardekombinasies 8 keer in die items verteenwoordig.

Leerling- en groeptotale en -gemiddeldes is weer uitgewerk vir die gesuiwerde vorm van die toets. Groepgemiddeldes vir die ses toetse of waardes was nou effens laer as voorheen, maar origens het dieselfde neiging met betrekking tot subgroepverskille nog bly bestaan (nou was hulle net groter). Item-toets korrelasies en toets-toets korrelasies is uitgewerk ten einde nuwe interne geldigheidsyfers vir elke item en elke toets te verkry, en om verband tussen die ses verskillende toetse vas te stel. Die gemiddelde toetskorrelasies met

hulself (dit wil sê interne geldigheidsyfer) was nou .45 (dié van die eksperimentele toets was .33). In vergelyking met die beduidendheidsgrens (op die 1% vlak) van .12430 en die gemiddelde interne geldigheidsyfers van ander soortgelyke toetse, is hierdie syfer nou wel nie besonder hoog nie, maar nogtans heeltemal hoog genoeg om die toets te regverdig. (Volgens (35) Garrett, aangehaal deur Alberts, word 'n interne geldigheidsyfer -of diskriminasie - indeks - van .20 gewoonlik as bevredigend beskou vir 'n toets in sy geheel).

Ten einde 'n aanduiding te kry van toets-hertoets betroubaarheid, is 'n groep van 80 leerlinge na 'n tydperk van 1 maand hertoets. 'n Grafiese vergelyking van die toetsgroep se twee stelle gemiddeldes het weinig verskille getoon. Korrelasie is daarna bereken tussen hul oorspronklike en latere response (slegs die gekeurde toetsitems is hiervoor in aanmerking geneem) en 'n gemiddelde betroubaarheidsyfer van .3250 (.33) is verkry. Hierdie syfer vergelyk baie goed met dié van die beste ander soortgelyke toetse en is ver bo die beduidendheidsgrens.

Dit wil dus voorkom asof daar wel deeglik

in die doel van hierdie studie geslaag is, naamlik om te bewys dat die ses voorgestelde waardes wel betreklik onafhanklike entiteite is wat gemeet kan word en wat genoegsaam in die populasie voorkom om hul meting te regverdig. Die toets self (in sy gesuiwerde vorm) beskik blykbaar oor 'n genoegsame mate van interne geldigheid en betroubaarheid om sy gebruik en verdere ontwikkeling te regverdig.

B: Aanbevelings en slot:

Die volgende stap in die ontwikkeling van die toets wat deur die skryfster aanbeveel en beplan word, is standaardisering. Vir dié doel sal 'n heelwat groter en baie meer verteenwoordigende monster van senior hoërskoolleerlinge dwarsdeur die land gebruik moet word. Die toets sal vertaal en, indien nodig, gewysig moet word vir aanpassing by Engelstalige leerlinge.

'n Nuwe interne geldigheidsyfer sal bereken moet word, aangesien die tien nuwe itemkombinasies, die enkele eeffens gewysigde items, en die korter vorm van die toets die bestaande syfer mag beïnvloed. (Indien nodig, kan daar moontlik ook gepoog word om die interne geldigheid nog verder te verhoog

deur nuwe items, of itemkombinasies by te voeg, sommige bestaandes in te laat of te wysig, ens..) Dieselfde geld die berekening van betroubaarheid. Ook kan die betroubaarheid van die toets oor 'n langer tydperk bereken word. Eksterne geldigheid van die toets sal ook vasgestel moet word deur middel van 'n vergelyking van die toetsresultate van sekere bekende groepe.

Wanneer die finale toets weer toegepas en gestandaardiseer word, sal die aanbevelinge van
(147)
Symonds en ander, naamlik dat elke waarde-antwoord 'n gelyke aantal kere onderskeidelik eerste en tweede aangebied moet word, ook uitgevoer word. Ongelukkig het skryfster dit nie tydens die eksperimentele toets op 'n presiese statistiese wyse uitgevoer nie, gevolglik is daar geen metode om vas te stel in hoeverre dié faktor dalk die populariteit van sekere waardes mag beïnvloed het nie. (Die Humanitêre Waarde-antwoorde is byvoorbeeld meer dikwels eerste aangebied en die Hedonistiese meer dikwels laaste.)

Vir 'n interpretasie van toetsuitslae aan die leerlinge self, word aanbeveel 'n vereenvoudigde verduideliking van wat die waardes behels. Waardeprofile in die vorm van 'n tipe histogram (soos gewoonlik gebruik vir die interpretasie van Belangstellingstoetse) sal maklik deur die leerlinge

